Oos Vrystaat Kaap Bedryf Beperk
(Registrasienommer 1999/004069/06)
Opgesomde Gekonsolideerde Finansiële Jaarstate
vir die jaar geëindig 29 Februarie 2020

Oos Vrystaat Kaap Bedryf Beperk

(Registrasienommer 1999/004069/06)
Opgesomde Gekonsolideerde Finansiële Jaarstate vir die jaar geëindig 29 Februarie 2020

Algemene inligting

Land van inkorporasie en domisilie	Suid-Afrika
Aard van besigheid en hoofaktiwiteite	Ontvangste, verwerking en bemarking van landbouprodukte en die verskaffing en finansiering van boerderybenodighede, graan en dienste.
Direkteure	CT Bender - Voorsitter JD le Roux - Ondervoorsitter SJ Botha CD Cloete QA de Bruyn WJ du Toit JCC Moll FP Nel JZ Scheepers JJ Swanepoel FJ Terblanche FJ van Zyl S Oberholzer - Uitvoerende direkteur - Besturend
Uitvoerende bestuur	JC Cronje - Finansies WJ Dietrechsen - Meganisasie en Motors DP du Plessis - Interne Regsdienste en Korporatief JB le Roux - Handel en Brandstof JH Rossouw - Lewende Hawe JB Snyman - Graan en Nywerhede WG Weeks - Vesel
Geregistreerde kantoor	Dan Pienaarstraat 19 Ladybrand 9745
Posadres	Posbus 96 Ladybrand 9745
Houermaatskappy	Oos Vrystaat Kaap Beherend Eiendoms Beperk geïnkorporeer in Suid-Afrika
Bankiers	ABSA Bank Beperk
Ouditeure	PricewaterhouseCoopers Geïnk. Geregistreerde Ouditeure
Sekretaris	DP du Plessis
Maatskappyregistrasienommer	1999/004069/06
Vlak van gerusstelling	Hierdie gekonsolideerde finansiële jaarstate is geoudit in ooreenstemming met die toepaslike vereistes van die Maatskappywet, nr. 71 van 2008.

Oos Vrystaat Kaap Bedryf Beperk

(Registrasienommer 1999/004069/06)
Opgesomde Gekonsolideerde Finansiële Jaarstate vir die jaar geëindig 29 Februarie 2020

Algemene inligting

Opsteller	Hierdie gekonsolideerde finansiële jaarstate is onafhanklik voorberei deur: S van Niekerk GR(SA) Onder die toesig van JC Cronje (Hoofbestuurder - Finansies)
Gepubliseer	19 Junie 2020

Oos Vrystaat Kaap Bedryf Beperk

(Registrasienommer 1999/004069/06)
Opgesomde Gekonsolideerde Finansiële Jaarstate vir die jaar geëindig 29 Februarie 2020

Indeks

Die verslae en state soos vervat in die dokument verteenwoordig die opgesomde gekonsolideerde finansiële jaarstate wat aan die aandeelhouers voorgelê is:

Indeks	Bladsy
Direkteursverantwoordelikhede en -goedkeuring	4
Verklaring deur die Oudit- en Risikokomitee	5
Sertifikaat van die Maatskappy Sekretaris	6
Onafhanklike Ouditeursverslag	7 - 8
Direkteursverslag	9 - 12
Staat van Finansiële Posisie	13 - 14
Staat van Omvattende Inkomste	15
Staat van Verandering in Ekwiteit	16
Staat van Kontantvloeie	19
Rekeningkundige Beleid	20 - 53
Aantekeninge tot die Opgesomde Gekonsolideerde Finansiële Jaarstate	54 - 107
Die volgende aanvullende inligting is nie deel van die opgesomde gekonsolideerde finansiële jaarstate nie en is nie geoudit nie:	
Volledige inkomstestaat	108 - 109

Oos Vrystaat Kaap Bedryf Beperk

(Registrasienommer 1999/004069/06)
Opgesomde Gekonsolideerde Finansiële Jaarstate vir die jaar geëindig 29 Februarie 2020

Direkteursverantwoordelikhede en -goedkeuring

Die Maatskappywet, nr. 71 van 2008 bepaal dat die direkteure omvattende rekeningkundige rekords moet byhou en verantwoordelik is vir die inhoud en integriteit van die opgesomde gekonsolideerde finansiële jaarstate en verwante finansiële inligting wat by die direkteursverslag ingesluit word. Dit is hul verantwoordelikheid om te verseker dat die opgesomde gekonsolideerde finansiële jaarstate ter voldoening aan die 'International Financial Reporting Standards' 'n redelike weergawe is van die stand van die groep se sake aan die einde van die finansiële jaar en die resultate van sy bedrywighede vir die tydperk wat op daardie tydstip geëindig het. Die onafhanklike ouditeure is aangestel om 'n onafhanklike mening oor die opgesomde gekonsolideerde finansiële jaarstate uit te spreek.

Die opgesomde gekonsolideerde finansiële jaarstate is ooreenkomstig die 'International Financial Reporting Standards' opgestel en is gegrond op toepaslike rekeningkundige beleid wat konsekwent toegepas word en deur redelike en verstandige oordeel en ramings ondersteun word.

Die direkteure erken dat hulle uiteindelik verantwoordelik is vir die stelsels van interne finansiële beheer wat die groep ingestel het en plaas aansienlike klem op die belangrikheid van handhawing van streng interne beheer. Ten einde alle direkteure in staat te stel om die verantwoordelikhede na te kom, stel die direksie standaarde vir interne beheer wat daarop gerig is om die risiko van foute of verlies op 'n kostedoeltreffende wyse te verlaag. Die standaarde sluit in die behoorlike delegasie van verantwoordelikhede binne 'n duidelik omskrewe raamwerk, effektiewe rekeningkundige prosedures en toereikende skeiding van pligte om 'n aanvaarbare risikovlak te verseker. Die beheermaatreëls word deur die hele groep gemonitor en alle werknemers moet die hoogste etiese standaarde handhaaf om te verseker dat die groep se besigheid gedoen word op 'n wyse wat onder alle redelike omstandighede bo verdenking is. Die groep se risikobestuur is gerig op die identifisering, evaluering, bestuur en monitering van alle bekende risiko's in die groep. Hoewel die bedryfsrisiko nie heeltemal uitgeskakel kan word nie, probeer die groep dit tot 'n minimum beperk deur te verseker dat toepaslike infrastruktuur-, beheer- en ander stelsels en etiese gedrag volgens voorafbepaalde prosedures en beperkings toegepas word.

Die direkteure is op grond van inligting en verduidelikings wat bestuur verskaf, van mening dat die interne beheerstelsels redelike sekerheid bied dat daar vir die opstel van die opgesomde gekonsolideerde finansiële jaarstate op die finansiële rekords gesteun kan word. Interne stelsels vir finansiële beheer bied slegs redelike en nie absolute versekering teen beduidende wanverklarings en verliese.

Die direkteure het die groep se begroting vir die jaar tot 28 Februarie 2021 nagesien en is in die lig van die nasiening en die huidige finansiële posisie oortuig dat die groep toereikende middele het, of toegang tot toereikende middele het, om sy bedrywighede in die afsienbare toekoms voort te sit.

Hoewel die direksie primêr verantwoordelik is vir die finansiële sake van die groep, word hulle deur die groep se onafhanklike ouditeure ondersteun.

Die onafhanklike ouditeure is verantwoordelik vir die onafhanklike oudit van die groep se opgesomde gekonsolideerde finansiële jaarstate en om daaroor verslag te doen. 'n Onafhanklike oudit is uitgevoer op hierdie opgesomde gekonsolideerde finansiële jaarstate deur die groep se onafhanklike ouditeure en hul verslag word op bladsye 7 tot 8 aangebied.

Die opgesomde gekonsolideerde finansiële jaarstate wat op bladsye 9 tot 109 uiteengesit word en op die lopendesaakgrondslag opgestel is, is op 16 Junie 2020 deur die direksie goedgekeur en namens hulle onderteken deur:

CT Bender - Voorsitter

JD le Roux - Ondervoorsitter

Oos Vrystaat Kaap Bedryf Beperk

(Registrasienommer 1999/004069/06)
Opgesomde Gekonsolideerde Finansiële Jaarstate vir die jaar geëindig 29 Februarie 2020

Verklaring deur die Oudit- en Risikokomitee

1. Samestelling van die Oudit- en Risikokomitee

Die Oudit- en Risikokomitee bestaan uit vier nie-uitvoerende direkteure soos aangestel deur die aandeelhouers. Die lede van die Oudit en Risikokomitee vir die jaar onder oorsig is die volgende:

Mnr QA de Bruyn, wat deur die Oudit- en Risikokomitee as voorsitter aangewys is.
Mnr FJ van Zyl, wat deur die Oudit- en Risikokomitee as ondervoorsitter aangewys is.
Mnr JCC Moll
Mnr FJ Terblanche

Die besturende direkteur, hoofbestuurder: finansies, die bestuurder: interne oudit, verteenwoordigers van die onafhanklike ouditeure en die voorsitter van OVK se direksie woon, wanneer nodig, die vergaderings van die Oudit- en Risikokomitee by.

2. Oudit- en Risikokomitee vergaderings

Die belangrikste besprekingspunte tydens Oudit- en Risikokomitee vergaderings was die onderstaande:

* Die interne ouditverslae en interne beheermaatreëls
* Identifisering van risiko's
* Die versekeringsportefeulje van OVK se bates
* Die bedryfsresultate vir 2019/2020
* Die eksterne ouditbeplanning vir 2019/2020
* Die eksterne ouditfooie vir 2019/2020 is by die direksie aanbeveel
* Die bestuursverslag van die finale ouditbevindinge van die onafhanklike ouditeure aan die direksie en Oudit- en Risikokomitee
* Die gekonsolideerde finansiële jaarstate vir 2019/2020
* Die bedryfsbegroting vir 2020/2021
* Die interne ouditplan vir 2020/2021
* Die heraanstelling van die huidige onafhanklike ouditeure, PricewaterhouseCoopers Geïnk, is by die direksie aanbeveel

3. *Interne finansiële beheermaatreëls*

Die Oudit- en Risikokomitee het die prosedures waarvolgens die interne ouditafdeling die effektiwiteit van die groep se interne kontroles beoordeel, geëvalueer. Daar het niks onder die aandag van die Oudit- en Risikokomitee gekom wat enige aanduiding gegee het dat daar enige wesenlike swakhede in die groep se interne beheerstelsels bestaan nie. Die Oudit - en Risikokomitee is tevrede met die groep se interne finansiële kontroles.

4. Onafhanklikheid van die ouditeure

Die Oudit- en Risikokomitee is ingevolge artikel 94 van die Maatskappywet, nr. 71 van 2008, tevrede dat die onafhanklike ouditeure, PricewaterhouseCoopers Geïnk. onafhanklik van die maatskappy en ander maatskappye in die groep is.

QA de Bruyn - Voorsitter

16 Junie 2020

Oos Vrystaat Kaap Bedryf Beperk

(Registrasienommer 1999/004069/06)
Opgesomde Gekonsolideerde Finansiële Jaarstate vir die jaar geëindig 29 Februarie 2020

Sertifikaat van die Maatskappy Sekretaris

Na my mening, as sekretaris bevestig ek ingevolge die Maatskappywet dat vir die jaar geëindig 29 Februarie 2020, die maatskappy alle opgawes soos van 'n publieke maatskappy vereis, by die Kommissie vir Maatskappye en Intellektuele Eiendom ingedien het en dat alle sodanige opgawes waar, korrek en op datum is.

Maatskappysekretaris
16 Junie 2020

Onafhanklike ouditeur se verslag oor die opgesomde gekonsolideerde finansiële state

Aan die Aandeelhouers van Oos Vrystaat Kaap Bedryf Beperk

Mening

Die opgesomde gekonsolideerde finansiële state van Oos Vrystaat Kaap Bedryf Beperk, soos uiteengesit op bladsye 13 tot 107, wat bestaan uit die opgesomde gekonsolideerde staat van finansiële posise soos op 29 Februarie 2020, die opgesomde gekonsolideerde state van omvattende inkomste, verandering in ekwiteit en kontantvloeie vir die jaar geëindig, en verwante aantekeninge, is opgestel vanuit die geouditeerde gekonsolideerde finansiële state van Oos Vrystaat Kaap Bedryf Beperk vir die jaar geëindig 29 Februarie 2020.

Na ons mening, is die meegaande opgesomde gekonsolideerde finansiële state konsekwent, in alle wesenlike opsigte, met die geouditeerde gekonsolideerde finansiële state, ooreenkomstig die grondslag wat beskryf is in Aantekening 1 tot die opgesomde gekonsolideerde finansiële state en die vereistes van die Maatskappywet van Suid-Afrika soos van toepassing op opgesomde finansiële state.

Opgesomde Gekonsolideerde Finansiële State

Die opgesomde gekonsolideerde finansiële state bevat nie alle openbaarmaking soos vereis deur *'International Financing Reporting Standards'* en die vereistes van die Maatskappywet van Suid-Afrika soos van toepassing op finansiële jaarstate nie. Die lees van die opgesomde gekonsolideerde finansiële state en die ouditeur se verslag daarop kan gevolglik nie as plaasvervanger vir die lees van die geouditeerde gekonsolideerde finansiële state en die ouditeur se verslag daarop gesien word nie.

Die Geouditeerde Gekonsolideerde Finansiële State en Ons Verslag Daarop

Ons het 'n ongekwalifiseerde ouditmening uitgespreek oor die geouditeerde gekonsolideerde finansiële state in ons verslag gedateer 19 Junie 2020.

Direkteure se Verantwoordelikheid vir die Opgesomde Gekonsolideerde Finansiële State

Die direkteure is verantwoordelik vir die opstel van die opgesomde gekonsolideerde finansiële state ooreenkomstig die grondslag wat beskryf is in Aantekening 1 tot die opgesomde gekonsolideerde finansiële state en die vereistes van die Maatskappywet van Suid-Afrika soos van toepassing op opgesomde finansiële state.

PricewaterhouseCoopers Geïnk., Tweedelaan 61, Westdene, Bloemfontein, 9301, Posbus 818, Bloemfontein, 9300
T: +27 (0) 51 503 4100, F: +27 (0) 51 813 1700, www.pwc.co.za

Hoof Uitvoerende Beampte: L S Machaba
Die Maatskappy se besigheidsadres is te Lisbonlaan 4, Waterfall City, Jukskei View, waar 'n lys van die direkteure se name ter insae is.
Reg-nr. 1998/012055/21, BTW reg-nr. 4950174682

Ouditeur se Verantwoordelikheid

Ons verantwoordelikheid is om 'n mening uit te spreek of die opgesomde gekonsolideerde finansiële state konsekwent is, in alle wesenlike opsigte, met die geouditeerde gekonsolideerde finansiële state, gebaseer op ons prosedures, wat ooreenkomstig die *'International Standard on Auditing (ISA) 810 (Revised)', "Engagements to Report on Summary Financial Statements",* uitgevoer is.

PricewaterhouseCoopers Geïnk.
Direkteur: Etienne van Niekerk
Geregistreerde Ouditeur
19 Junie 2020

Oos Vrystaat Kaap Bedryf Beperk

(Registrasienommer 1999/004069/06)
Opgesomde Gekonsolideerde Finansiële Jaarstate vir die jaar geëindig 29 Februarie 2020

Direkteursverslag

Die direkteure dien hul verslag oor die jaarlikse opgesomde gekonsolideerde finansiële jaarstate van die maatskappy en die groep vir die jaar geëindig 29 Februarie 2020 in.

1. Oorsig van finansiële resultate en aktiwiteite

Die opgesomde gekonsolideerde finansiële jaarstate is voorberei in ooreenstemming met 'International Financial Reporting Standards' en die vereistes van die Maatskappywet, nr. 71 van 2008. Die rekeningkundige beleid was konsekwent toegepas in vergelyking met die vorige jaar behalwe vir die toepassing van nuwe of hersiene rekeningkundige standaarde soos uiteengesit in aantekening 2.

Die groep is betrokke by ontvangste, verwerking en bemarking van landbouprodukte en die verskaffing en finansiering van boerderybenodighede, graan en dienste. Die maatskappy is hoofsaaklik in Suid-Afrika bedrywig.

Die groep se bedryfsresultate en stand van sake word ten volle in die aangehegte gekonsolideerde finansiële jaarstate uiteengesit en vereis na ons mening geen bykomende kommentaar nie.

Aktiwiteite toeskryfbaar aan verskillende besigheidsareas:

2020

Besigheidsareas	**Groep bydrae tot inkomste R'000**	**Groep bydrae tot wins voor belasting R'000**	**Maatskappye bydrae tot inkomste R'000**	**Maatskappy bydrae tot wins voor belasting R'000**
Handel, brandstofverspreiding, motors en meganisasie	3 591 061	104 375	3 570 424	104 811
Graanhantering en -bemarking	-	23 954	-	23 411
Lewendehawe, vesel en abattoir	447 165	10 825	410 848	9 243
Nywerhede	445 604	(836)	408 331	(832)
Versekering	18 133	5 005	18 133	5 005
Hoofkantoor	534	(22 030)	5 312	(8 858)
Kliëntefinansiering	270 181	41 803	270 181	41 803
Lojaliteitskema - agterskot	(26 181)	-	(26 009)	-
Kortingverdeling	(7)	-	-	-
	4 746 490	**163 096**	**4 657 220**	**174 583**

2019

Besigheidsareas	**Groep bydrae tot inkomste R'000**	**Groep bydrae tot wins voor belasting R'000**	**Maatskappy bydrae tot inkomste R'000**	**Maatskappy bydrae tot wins voor belasting R'000**
Handel, brandstofverspreiding, motors en meganisasie	3 406 374	102 928	3 355 602	105 377
Graanhantering en -bemarking	-	16 923	-	17 006
Lewendehawe, vesel en abattoir	555 269	25 141	533 923	19 580
Nywerhede	231 096	(9 669)	193 593	(12 538)
Versekering	19 135	8 563	19 135	8 563
Hoofkantoor	4 209	(19 809)	6 114	(13 229)
Kliëntefinansiering	292 276	39 066	292 276	39 066
Lojaliteitskema - agterskot	(31 148)	-	(30 935)	-
Kortingverdeling	(15)	-	-	-
	4 477 196	**163 143**	**4 369 708**	**163 825**

Direkteursverslag

2. Direkteure en uitvoerende bestuur se belange

Die belange op jaareinde van die direkteure en uitvoerende bestuur in die getal uitgereikte aandele van die maatskappy word hieronder uiteengesit:

	Groep		Maatskappy	
	2020	**2019**	**2020**	**2019**
Direk: Nie-uitvoerende direkteure	640 122	728 334	403 246	496 520
Direk: Uitvoerende direkteure en hoofbestuur	339 155	343 779	339 155	343 779
Indirek: Nie-uitvoerende direkteure	159 160	557 704	134 957	534 828
Indirek: Uitvoerende direkteure en hoofbestuur	-	-	-	-
	1 138 437	**1 629 817**	**877 358**	**1 375 127**

3. Gebeure na die verslagdoeningstydperk

Verwys na aantekening 41 vir die openbaarmaking rakende die gebeure na die verslagdoeningstydperk.

4. Gemagtigde en uitgereikte aandelekapitaal

Gedurende die finansiële jaar is daar geen verandering in die gemagtigde gewone of Klas B aandele nie. Gedurende die finansiële jaar is daar 135 495 (2019: 119 885) Klas B aandele teruggekoop.

5. Dividende

Die direkteure stel 'n dividend van 55 sent (2019: 52 sent) per gewone en Klas B aandele voor wat in totaal R 29 877 467 (2019: R 28 711 921) bedra wat aan aandeelhouers geregistreer op 29 Februarie 2020, betaal sal word uit winste van die jaar onder oorsig.

Geen voorkeurdividend is vir die jaar verklaar of betaal nie, maar wel rente teen primakoers minus 2.50% per jaar wat in totaal R18 825 001 (2019: R16 214 001) bedra op aandeelhouerslening B, C, D, E, F en Afwagtingsrekening.

6. Direkteure

Die maatskappy se direksie gedurende die jaar en tot die datum van dié verslag is soos volg:

CT Bender - Voorsitter	
JD le Roux - Ondervoorsitter	
SJ Botha	Aangestel 23 Julie 2019
CD Cloete	Aangestel 24 Februarie 2020
QA de Bruyn	
MW Dobrowsky	Oorlede 26 Januarie 2020
PJ du Plessis	Afgetree 23 Julie 2019
WJ du Toit	Aangestel 23 Julie 2019
JCC Moll	
FP Nel	
HGN Scheepers	Bedank 23 Julie 2019
JZ Scheepers	Aangestel 23 Julie 2019
JJ Swanepoel	
FJ Terblanche	
FJ van Zyl	
S Oberholzer - Uitvoerende direkteur - Besturend	

7. Sekretaris

Die maatskappy sekretaris is DP du Plessis wat by die volgende adres werksaam is:

Posadres

Posbus 96
Ladybrand
9745

Besigheidsadres

Dan Pienaarstraat 19
Ladybrand
9745

8. Houermaatskappy

Die groep se houer- asook uiteindelike houermaatskappy is Oos Vrystaat Kaap Beherend Eiendoms Beperk wat 51% (2019: 51%) van die groep se uitgereikte gewone aandele besit. Oos Vrystaat Kaap Beherend Eiendoms Beperk is in Suid-Afrika geïnkorporeer.

9. Belang in filiale

Naam van filiaal	2020 belang	2019 belang	
Oos Kaap Boerdery en Graanhandelaars Eiendoms Beperk	100.00 %	100.00 %	Aktief
OVK Rekenaardienste Eiendoms Beperk	100.00 %	100.00 %	Aktief
Oos Vrystaat Kunsmis Eiendoms Beperk	57.45 %	54.26 %	Aktief
OVK Eiendomme Eiendoms Beperk	100.00 %	100.00 %	Aktief
Van Lill Woolbuyers Eiendoms Beperk	100.00 %	100.00 %	Aktief
Blue Crane Fibre Eiendoms Beperk	100.00 %	100.00 %	Aktief
Matla Energy Eiendoms Beperk	74.00 %	74.00 %	Aktief
OVK Lesotho Eiendoms Beperk	100.00 %	80.00 %	Onaktief

OVK Lesotho Eiendoms Beperk het sy bedrywighede gestaak vanaf April 2019.

10. Belegging in geassosieerde maatskappy

VGK Beleggings Eiendoms Beperk

Die maatskappy is betrokke in die verhuring van vaste eiendom. OVK hou 44.11% (2019: 44.11%) van die maatskappy se ekwiteitsaandele.

Die Groep het geen effektiewe beheer in die geassosieerde maatskappy nie. VGK Beleggings Eiendoms Beperk se jaareinde is 29 Februarie.

11. Belegging in gesamentlik beheerde ondernemings

Sinethemba Mafama Eiendoms Beperk

Die maatskappy is 'n agent vir koop en verkoop van vesel en veselprodukte. OVK hou 49% (2019: 49%) van die maatskappy se ekwiteitsaandele.

Die Groep het gesamentlik beheer in die maatskappy. Sinethemba Mafama Eiendoms Beperk se jaareinde is 29 Februarie.

Orange River Popcorn Eiendoms Beperk

Die maatskappy is betrokke in die verwerking, bemarking en verspreiding van springmielies. OVK hou 50% (2019: 50%) van die maatskappy se ekwiteitsaandele.

Die Groep het gesamentlik beheer in die maatskappy. Orange River Popcorn Eiendoms Beperk se jaareinde is 29 Februarie.

11. Belegging in gesamentlik beheerde ondernemings (vervolg)

Poli Ea Thaba Eiendoms Beperk

Die maatskappy is 'n agent vir koop en verkoop van vesel en veselprodukte. OVK hou 49% (2019:49%) van die maatskappy se ekwiteitsaandele. Die maatskappy het al die bedrywighede gedurende die jaar gestaak.

Die Groep het gesamentlik beheer in die maatskappy. Poli Ea Thaba Eiendoms Beperk se jaareinde is 29 Februarie.

12. Kliëntlojaliteitskema - agterskot

Die direksie het 'n lojaliteitskema in plek om 'n deel van die wins op aankope aan bona fide boere as 'n maandelikse agterskot terug te gee.

In die geval van veselleweringsis dit 'n bedrag per kilogram en by graanlewerings is dit 'n bedrag per ton hanteer en 'n bedrag per ton bemark. In die geval van Gariep Abattoir is dit 'n bedrag per skaap of bees geslag. In die geval van diesel aankope is dit 25 sent per liter op sekere aankope.

'n Totaal van R30 082 771 (2019: R36 703 957) vir die groep en R 29 911 293 (2019: R36 490 618) vir die maatskappy is ten opsigte van agterskot toegestaan aan kliënte in terme van die lojaliteitskema, waarvan 'n bedrag van R26 180 578 (2019: R31 148 285) vir die groep en R 26 009 100 (2019: R30 934 946) vir die maatskappy ingesluit is in aantekening 30 en 'n bedrag van R3 902 193 (2019: R5 555 672) vir die groep en R 3 902 193 (2019: R5 555 672) vir die maatskappy ingesluit is in aantekening 31.

13. Totale besigheid gedoen

Die omvang van totale besigheid deur die groep gedoen vir die jaar beloop R 9 403 504 417 (2019: R 10 158 021 431) en totale besigheid deur die maatskappy gedoen vir die jaar beloop R 9 184 284 827 (2019: R 9 951 756 843). Vanweë rekeningkundige hantering word die volle omset egter nie onder inkomste getoon nie, soos byvoorbeeld in die geval van graan word slegs die marge gewys en lewendehawe, vesel en versekering waar slegs die kommissie gedeelte gewys word.

14. Ouditeure

PricewaterhouseCoopers Geïnk. sal kragtens artikel 90 van die Maatskappywet, nr.71 van 2008 hul amp voortsit.

Oos Vrystaat Kaap Bedryf Beperk

(Registrasienommer 1999/004069/06)
Opgesomde Gekonsolideerde Finansiële Jaarstate vir die jaar geëindig 29 Februarie 2020

Staat van Finansiële Posisie soos op 29 Februarie 2020

		Groep		Maatskappy	
	Aan-teke-ninge	2020	2019	2020	2019
		R	R	R	R
Bates					
Nie-bedryfsbates					
Beleggingseiendom	6	19 468 013	19 293 040	27 339 075	27 246 108
Eiendom, aanleg en toerusting	7	418 309 969	406 363 602	348 178 098	337 664 464
Reg-van-gebruik bate	8	10 519 945	-	8 770 766	-
Klandisiewaarde	9	3 334 257	3 334 257	-	-
Ontasbare bates	10	744 000	1 247 889	-	255 889
Beleggings in filiale	11	-	-	10 707 533	11 001 188
Beleggings in gesamentlik beheerde ondernemings	12	4 087 932	4 373 705	609	609
Belegging in geassosieerde	13	3 694 409	3 214 155	141 643	141 643
Ander finansiële bates	14	126 969	127 179	126 969	127 179
Uitgestelde belasting	15	937 121	156 421	-	-
Langtermynhuurkope en termynlenings	16	161 039 044	170 087 806	161 039 044	170 087 806
Ledefondse	17	2 046	24 574	2 046	24 574
		622 263 705	**608 222 628**	**556 305 783**	**546 549 460**
Bedryfsbates					
Biologiese bates	18	-	23 988 425	-	23 988 425
Voorraad	19	747 826 882	862 277 332	716 329 310	827 447 333
Lenings aan groepmaatskappye	20	8 041 396	8 530	137 017 860	122 912 911
Ander finansiële bates	14	36 087 180	3 326 279	36 087 180	3 326 279
Inkomste belasting ontvangbaar		494 494	4 943 698	-	3 876 933
Handels- en ander debiteure	21	1 750 390 204	1 758 378 994	1 827 784 962	1 749 173 157
Kontant en kontantekwivalente	22	156 533 569	62 256 267	64 323 717	41 701 041
		2 699 373 725	**2 715 179 525**	**2 781 543 029**	**2 772 426 079**
Totale bates		**3 321 637 430**	**3 323 402 153**	**3 337 848 812**	**3 318 975 539**
Ekwiteit en aanspreeklikhede					
Ekwiteit					
Ekwiteit toeskryfbaar aan ekwiteitshouers van houermaatskappy					
Aandelekapitaal	23	73 931 598	75 992 379	73 931 598	75 992 379
Nie-verdeelbare reserwes		(79 117 769)	(67 185 013)	-	-
Opgelope inkomste		1 273 066 468	1 182 436 380	1 247 298 496	1 150 348 242
		1 267 880 297	1 191 243 746	1 321 230 094	1 226 340 621
Nie-beherendebelang		9 548 197	11 564 005	-	-
		1 277 428 494	**1 202 807 751**	**1 321 230 094**	**1 226 340 621**
Laste					
Nie-bedryfslaste					
Uitgestelde belasting	15	24 696 754	20 882 010	6 438 544	2 206 185
Huurverpligting	8	8 478 351	-	7 028 600	-
		33 175 105	**20 882 010**	**13 467 144**	**2 206 185**

Die rekeningkundige beleid op bladsy 20 tot 53 en die aantekeninge op bladsy 54 tot 107 vorm 'n integrale deel van die gekonsolideerde finansiële jaarstate.

Oos Vrystaat Kaap Bedryf Beperk

(Registrasienommer 1999/004069/06)
Opgesomde Gekonsolideerde Finansiële Jaarstate vir die jaar geëindig 29 Februarie 2020

Staat van Finansiële Posisie soos op 29 Februarie 2020

		Groep		Maatskappy	
	Aan-teke-ninge	2020 R	2019 R	2020 R	2019 R
Bedryfslaste					
Lenings vanaf groepmaatskappye	24	9 766 950	11 686 035	11 840 574	12 124 117
Lenings vanaf aandeelhouers	25	244 524 819	214 357 133	244 524 819	214 357 133
Inkomste belasting betaalbaar		2 425 324	35 940	2 425 324	-
Handels- en ander krediteure	26	462 001 396	482 241 449	453 001 659	473 504 897
Werknemersvoordele verskuldig	27	25 511 781	27 727 900	24 722 296	26 778 651
Huurverpligting	8	1 414 941	-	1 248 282	-
Ander finansiële aanspreeklikhede	28	83 936 876	23 277 529	83 936 876	23 277 529
Bankoortrekking	22	1 181 451 744	1 340 386 406	1 181 451 744	1 340 386 406
		2 011 033 831	**2 099 712 392**	**2 003 151 574**	**2 090 428 733**
Totale laste		**2 044 208 936**	**2 120 594 402**	**2 016 618 718**	**2 092 634 918**
Totale ekwiteit en aanspreeklikhede		**3 321 637 430**	**3 323 402 153**	**3 337 848 812**	**3 318 975 539**

Die rekeningkundige beleid op bladsye 20 tot 53 en die aantekeninge op bladsye 54 tot 107 vorm 'n integrale deel van die opgesomde gekonsolideerde finansiële jaarstate.

Oos Vrystaat Kaap Bedryf Beperk

(Registrasienommer 1999/004069/06)
Opgesomde Gekonsolideerde Finansiële Jaarstate vir die jaar geëindig 29 Februarie 2020

Staat van Omvattende Inkomste

		Groep		Maatskappy	
	Aan-teke-ninge	2020	2019	2020	2019
		R	R	R	R
Inkomste	30	4 746 490 164	4 477 196 082	4 657 220 026	4 369 707 651
Koste van verkope		(4 017 598 061)	(3 802 093 469)	(3 948 232 873)	(3 722 346 289)
Bruto wins		**728 892 103**	**675 102 613**	**708 987 153**	**647 361 362**
Ander inkomste	31	135 129 522	142 224 124	135 535 927	142 990 627
Administratiewe uitgawes		(563 501 679)	(522 214 677)	(546 121 005)	(506 241 476)
Bedryfskoste		(88 789 569)	(76 859 687)	(84 941 417)	(73 247 011)
Vervoer en verspreidingskoste		(48 726 914)	(60 428 691)	(46 746 726)	(58 479 080)
Bedryfswins	32	**163 003 463**	**157 823 682**	**166 713 932**	**152 384 422**
Beleggingsinkomste	33	8 131 565	6 249 664	16 265 304	13 316 102
Graan bruto wins ingesluit billike waarde bewegings	34	104 524 510	93 594 483	104 524 510	93 594 483
Inkomste uit ekwiteitsverantwoorde beleggings		458 715	963 961	-	-
Finansieringskoste	35	(113 022 001)	(95 488 347)	(112 921 233)	(95 469 770)
Wins voor belasting		**163 096 252**	**163 143 443**	**174 582 513**	**163 825 237**
Belasting	36	(45 333 329)	(48 530 037)	(46 333 479)	(46 472 744)
Wins vir die jaar		**117 762 923**	**114 613 406**	**128 249 034**	**117 352 493**
Ander omvattende inkomste		-	-	-	-
Totale omvattende inkomste vir die jaar		**117 762 923**	**114 613 406**	**128 249 034**	**117 352 493**
Totale omvattende inkomste toeskryfbaar aan:					
Eienaars van die houermaatskappy		119 026 820	114 736 769	128 249 034	117 352 493
Nie-beherende belang		(1 263 897)	(123 363)	-	-
		117 762 923	**114 613 406**	**128 249 034**	**117 352 493**
Wins toeskryfbaar aan					
Eienaars van die houermaatskappy		119 026 820	114 736 769	128 249 034	117 352 493
Nie-beherende belang		(1 263 897)	(123 363)	-	-
		117 762 923	**114 613 406**	**128 249 034**	**117 352 493**
Verdienste per aandeel (Gewone en Klas B)					
Inligting per aandeel					
Basiese verdienste per aandeel (sent)		215.22	208.94	213.93	195.78
Wesensverdienste per aandeel (Gewone en Klas B)					
Inligting per aandeel					
Basiese verdienste per aandeel (sent)		211.68	206.71	214.10	200.25

Die rekeningkundige beleid op bladsye 20 tot 53 en die aantekeninge op bladsye 54 tot 107 vorm 'n integrale deel van die opgesomde gekonsolideerde finansiële jaarstate.

Oos Vrystaat Kaap Bedryf Beperk

(Registrasienommer 1999/004069/06)
Opgesomde Gekonsolideerde Finansiële Jaarstate vir die jaar geëindig 29 Februarie 2020

Staat van Verandering in Ekwiteit

	Aandele-kapitaal	Aandele-premie	Totale aandele-kapitaal	Tesourie aandele	Opgelope inkomste	Totaal toeskryfbaar aan ekwiteitshouers van die groep/ maatskappy	Nie-beherende belang	Totale ekwiteit
	R	R	R	R	R	R	R	R
Groep								
Saldo op 1 Maart 2018	**77 786 979**	**24 940**	**77 811 919**	**(67 871 082)**	**1 104 984 387**	**1 114 925 224**	**13 103 258**	**1 128 028 482**
Wins vir die jaar	-	-	-	-	114 736 769	114 736 769	(123 363)	114 613 406
Ander omvattende inkomste	-	-	-	-	-	-	-	-
Totale omvattende inkomste vir die jaar	**-**	**-**	**-**	**-**	**114 736 769**	**114 736 769**	**(123 363)**	**114 613 406**
(Aankoop)/Verkoop van eie/tesourie-aandele	-	-	-	686 069	-	686 069	-	686 069
Terugkoop van aandele	(1 819 540)	-	(1 819 540)	-	-	(1 819 540)	-	(1 819 540)
Aandele verbeur	-	-	-	-	1 200 000	1 200 000	(1 200 000)	-
Verandering in belang	-	-	-	-	215 890	215 890	(215 890)	-
Dividende	-	-	-	-	(38 700 666)	(38 700 666)	-	(38 700 666)
Totale bydraes deur en verdelings aan eienaars van die maatskappy direk in ekwiteit erken	**(1 819 540)**	**-**	**(1 819 540)**	**686 069**	**(37 284 776)**	**(38 418 247)**	**(1 415 890)**	**(39 834 137)**
Saldo op 1 Maart 2019	**75 967 439**	**24 940**	**75 992 379**	**(67 185 013)**	**1 182 436 380**	**1 191 243 746**	**11 564 005**	**1 202 807 751**

Die rekeningkundige beleid op bladsy 20 tot 53 en die aantekeninge op bladsy 54 tot 107 vorm 'n integrale deel van die gekonsolideerde finansiële jaarstate.

Oos Vrystaat Kaap Bedryf Beperk

(Registrasienommer 1999/004069/06)
Opgesomde Gekonsolideerde Finansiële Jaarstate vir die jaar geëindig 29 Februarie 2020

Staat van Verandering in Ekwiteit

	Aandele-kapitaal	Aandele-premie	Totale aandele-kapitaal	Tesourie aandele	Opgelope inkomste	Totaal toeskryfbaar aan ekwiteitshouers van die groep/ maatskappy	Nie-beherende belang	Totale ekwiteit
	R	R	R	R	R	R	R	R
Groep								
Saldo oorgebring op 1 Maart 2019	**75 967 439**	**24 940**	**75 992 379**	**(67 185 013)**	**1 182 436 380**	**1 191 243 746**	**11 564 005**	**1 202 807 751**
Wins vir die jaar	-	-	-	-	119 026 820	119 026 820	(1 263 897)	117 762 923
Ander omvattende inkomste	-	-	-	-	-	-	-	-
Totale omvattende inkomste vir die jaar	**-**	**-**	**-**	**-**	**119 026 820**	**119 026 820**	**(1 263 897)**	**117 762 923**
(Aankoop)/Verkoop van eie/tesourie aandele	-	-	-	(11 932 756)	-	(11 932 756)	-	(11 932 756)
Terugkoop van aandele	(2 060 781)	-	(2 060 781)	-	-	(2 060 781)	-	(2 060 781)
Aandele vir skuldtransaksie	-	-	-	-	93 655	93 655	(600 000)	(506 345)
Verandering in belang	-	-	-	-	151 911	151 911	(151 911)	-
Dividende	-	-	-	-	(28 642 298)	(28 642 298)	-	(28 642 298)
Totale bydraes deur en verdelings aan eienaars van die maatskappy direk in ekwiteit erken	**(2 060 781)**	**-**	**(2 060 781)**	**(11 932 756)**	**(28 396 732)**	**(42 390 269)**	**(751 911)**	**(43 142 180)**
Saldo op 29 Februarie 2020	**73 906 658**	**24 940**	**73 931 598**	**(79 117 769)**	**1 273 066 468**	**1 267 880 297**	**9 548 197**	**1 277 428 494**
Aantekeninge	23	23	23					

Die rekeningkundige beleid op bladsy 20 tot 53 en die aantekeninge op bladsy 54 tot 107 vorm 'n integrale deel van die gekonsolideerde finansiële jaarstate.

Oos Vrystaat Kaap Bedryf Beperk

(Registrasienommer 1999/004069/06)
Opgesomde Gekonsolideerde Finansiële Jaarstate vir die jaar geëindig 29 Februarie 2020

Staat van Verandering in Ekwiteit

	Aandele-kapitaal	Aandele-premie	Totale aandele-kapitaal	Opgelope inkomste	Totale ekwiteit
	R	R	R	R	R
Maatskappy					
Saldo op 1 Maart 2018	**77 786 979**	**24 940**	**77 811 919**	**1 075 305 776**	**1 153 117 695**
Wins vir die jaar	-	-	-	117 352 493	117 352 493
Ander omvattende inkomste	-	-	-	-	-
Totale omvattende inkomste vir die jaar	**-**	**-**	**-**	**117 352 493**	**117 352 493**
Terugkoop van aandele	(1 819 540)	-	(1 819 540)	-	(1 819 540)
Dividende	-	-	-	(42 310 027)	(42 310 027)
Totale bydraes deur en verdelings aan eienaars van die maatskappy direk in ekwiteit erken	**(1 819 540)**	**-**	**(1 819 540)**	**(42 310 027)**	**(44 129 567)**
Saldo op 1 Maart 2019	**75 967 439**	**24 940**	**75 992 379**	**1 150 348 242**	**1 226 340 621**
Wins vir die jaar	-	-	-	128 249 034	128 249 034
Ander omvattende inkomste	-	-	-	-	-
Totale omvattende inkomste vir die jaar	**-**	**-**	**-**	**128 249 034**	**128 249 034**
Terugkoop van aandele	(2 060 781)	-	(2 060 781)	-	(2 060 781)
Dividende	-	-	-	(31 298 780)	(31 298 780)
Totale bydraes deur en verdelings aan eienaars van die maatskappy direk in ekwiteit erken	**(2 060 781)**	**-**	**(2 060 781)**	**(31 298 780)**	**(33 359 561)**
Saldo op 29 Februarie 2020	**73 906 658**	**24 940**	**73 931 598**	**1 247 298 496**	**1 321 230 094**
Aantekeninge	23	23	23		

Die rekeningkundige beleid op bladsye 20 tot 53 en die aantekeninge op bladsye 54 tot 107 vorm 'n integrale deel van die opgesomde gekonsolideerde finansiële jaarstate.

Oos Vrystaat Kaap Bedryf Beperk

(Registrasienommer 1999/004069/06)
Opgesomde Gekonsolideerde Finansiële Jaarstate vir die jaar geëindig 29 Februarie 2020

Staat van Kontantvloeie

	Aan-teke-ninge	Groep 2020 R	Groep 2019 R	Maatskappy 2020 R	Maatskappy 2019 R
Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite					
Kontant (aangewend in)/gegenereer deur bedrywighede	37	274 350 311	(338 934 582)	185 056 408	(327 651 631)
Rente-inkomste		189 470 657	169 546 146	197 604 396	174 095 962
Dividende ontvang		19 430	13 898	283 663	452 337
Finansieringskoste		(113 022 001)	(95 488 347)	(112 921 233)	(95 469 770)
Belasting betaal	38	(35 466 292)	(56 406 647)	(35 798 862)	(54 362 205)
Netto kontant uit bedryfsaktiwiteite		**315 352 105**	**(321 269 532)**	**234 224 372**	**(302 935 307)**
Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite					
Verkryging van eiendom, aanleg en toerusting	7	(45 239 099)	(46 779 328)	(41 027 809)	(45 748 196)
Verkoop van eiendom, aanleg en toerusting	7	6 387 876	4 694 585	6 009 954	4 692 291
Verkryging van beleggingseiendom	6	(385 210)	(456 035)	(385 210)	(467 886)
Lenings aan groepmaatskappye		(8 032 867)	(12 219)	(14 100 355)	(21 207 638)
Verkoop/Skrapping van belegging in filiaal		-	-	293 655	-
Verkoop van finansiële bates		210	34	210	34
Verkoop van ledefondse		22 528	-	22 528	-
Netto kontant uit beleggingsaktiwiteite		**(47 246 562)**	**(42 552 963)**	**(49 187 027)**	**(62 731 395)**
Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite					
Terugkoop van aandele	23	(2 060 781)	(1 819 540)	(2 060 781)	(1 819 540)
Opbrengs op lenings van groepmaatskappye		-	930 663	-	1 043 790
Betalings op lenings van groepmaatskappye		(1 919 085)	-	(288 135)	-
Opbrengs op aandeelhouerslening		30 167 686	13 792 346	30 167 686	13 792 346
Nie-beherende belang aandele verbeur		(506 345)	-	-	-
Dividende betaal	39	(28 642 298)	(38 700 666)	(31 298 777)	(42 310 027)
Tesourie aandele		(11 932 756)	686 069	-	-
Netto kontant uit finansieringsaktiwiteite		**(14 893 579)**	**(25 111 128)**	**(3 480 007)**	**(29 293 431)**
Totale kontantbeweging vir die jaar		**253 211 964**	**(388 933 623)**	**181 557 338**	**(394 960 133)**
Saldo aan die begin van die jaar		(1 278 130 139)	(889 196 516)	(1 298 685 365)	(903 725 232)
Saldo aan die einde van die jaar	22	**(1 024 918 175)**	**(1 278 130 139)**	**(1 117 128 027)**	**(1 298 685 365)**

Die rekeningkundige beleid op bladsye 20 tot 53 en die aantekeninge op bladsye 54 tot 107 vorm 'n integrale deel van die opgesomde gekonsolideerde finansiële jaarstate.

Rekeningkundige Beleid

1. Aanbieding van opgesomde gekonsolideerde finansiële jaarstate

Die opgesomde gekonsolideerde finansiële jaarstate is ooreenkomstig 'International Financial Reporting Standards' en die Maatskappywet, nr. 71 van 2008 opgestel. Die opgesomde gekonsolideerde finansiële jaarstate is op die historiesekoste grondslag opgestel en word in Suid-Afrikaanse Rand aangebied.

Die rekeningkundige beleid stem ooreen met die vorige tydperk, buiten vir die veranderings wat in aantekening 2 - Veranderings in rekeningkundige beleid uiteengesit word.

1.1 Konsolidasie

Konsolidasiegrondslag

Die opgesomde gekonsolideerde finansiële jaarstate sluit die opgesomde gekonsolideerde finansiële jaarstate van die groep en sy filiale, geassosieerde maatskappye, gesamentlik beheerde ondernemings en spesialedoelentiteite in.

Die groep het beheer van 'n beleggingnemer wanneer dit mag het oor die beleggingnemer; dit blootgestel is aan of regte het tot veranderlike opbrengste vanuit die betrokkenheid met die beleggingnemer; en dit die vermoë het om sy mag oor die beleggingnemer te gebruik om die bedrag van die beleggers se opbrengs te beïnvloed.

Die resultate van filiale word in die opgesomde gekonsolideerde finansiële jaarstate ingesluit vanaf die effektiewe datum van verkryging tot die effektiewe datum van vervreemding.

Aanpassings word tot die opgesomde gekonsolideerde finansiële jaarstate van filiale gemaak, waar nodig, ten einde hul rekeningkundige beleid in lyn te bring met dié van die groep.

Alle intermaatskappytransaksies, saldo's, inkomste en uitgawes word met konsolidasie ten volle uitgeskakel.

Nie-beherende belange in die netto bates van gekonsolideerde filiale word afsonderlik van die groep se belang daarin geïdentifiseer en word in ekwiteit erken. Verliese van filiale toeskryfbaar aan nie-beherende belange word aan die nie-beherende belang toegeken selfs al het dit tot gevolg dat 'n debietsaldo vir nie-beherende belang erken word.

Transaksies wat veranderings in eienaarskap tot gevolg het waar die groep beheer het van die filiaal, beide voor en na die transaksie, word beskou as 'n ekwiteitstransaksie en word regstreeks in die staat van verandering in ekwiteit erken.

Die verskil tussen die billike waarde van die teenprestasie betaal of ontvang en die beweging in nie-beherende belang vir sodanige transaksie, word erken in ekwiteit toeskryfbaar aan die eienaars van die houermaatskappy.

Waar 'n filiaal verkoop word en 'n nie-beherende aandeelhouding behou word, word die oorblywende belegging gemeet teen billike waarde met die aanpassing tot billike waarde erken in wins of verlies as deel van die wins of verlies op die verkoop van die beherende belang.

Besigheidsamevoegings

Die groep stel besigheidsamevoegings te boek deur die verkrygingsmetode te gebruik. Die koste van besigheidsamevoegings word bereken as die totaal van die billike waarde van die gegewe bates, laste aangegaan of veronderstel en ekwiteitsinstrumente uitgereik. Koste direk toeskryfbaar aan besigheidsamevoegings word as 'n uitgawe erken soos aangegaan, buiten die koste om skuld uit te reik wat geamortiseer word as deel van die finansieringstransaksie en koste om ekwiteit uit te reik, wat by ekwiteit ingesluit word.

Voorwaardelike teenprestasie word ingesluit by die koste van die samevoeging teen billike waarde op die verkrygingsdatum. Daaropvolgende veranderings van die bate, las of ekwiteit wat ontstaan as gevolg van die voorwaardelike teenprestasie word nie teen klandisiewaarde verantwoord nie mits daar geldige berekeningstydperkaanpassings is.

Die verkryger se identifiseerbare bates, laste en voorwaardelike aanspreeklikhede wat aan die erkenningsvoorwaardes van 'IFRS 3 Business Combinations' voldoen, word teen hul billike waardes op die verkrygingsdatum erken, buiten vir niebedryfsbates (of verkoopsgroep) geklassifiseer as gehou-vir-verkoop ooreenkomstig 'IFRS 5 Non-current Assets Held-For-Sale' en beëindigde bedrywighede, wat teen billike waarde minus koste van verkope erken word.

Voorwaardelike aanspreeklikhede word ingesluit by die identifiseerbare bates en laste van die verkrygde indien daar op die verkrygingsdatum 'n huidige verpligting is.

Rekeningkundige Beleid

1.1 Konsolidasie (vervolg)

Met verkryging evalueer die groep die klassifikasie van die verkrygde se bates en laste en herklassifiseer dit wanneer die klassifikasie vir die groep se doeleindes ontoepaslik is. Dit sluit uit huurooreenkomste en versekeringskontrakte wat se klassifikasie dieselfde bly as op die aanvangsdatum daarvan.

Nie-beherende belange voortspruitend uit 'n besigheidsamevoeging, wat huidige eienaarskapbelange is en die houers daarvan geregtig is op 'n proporsionele aandeel van die entiteit se netto bates in die geval van likwidasie, word gemeet teen die huidige eienaarskapbelang se proporsionele aandeel in die erkende bedrae van die verkryger se identifiseerbare netto bates, of teen billike waarde. Die hantering is nie 'n rekeningkundige beleidskeuse nie, maar word gekies vir elke individuele besigheidsamevoeging en geopenbaar in die aantekening vir besigheidsamevoegings. Alle ander komponente van nie-beherende belange word gemeet teen billike waarde op die verkrygingsdatum, tensy 'n ander metingsbasis deur IFRS vereis word.

In gevalle waar die groep 'n nie-beherende aandeelhouding gehad het in die verkrygde voordat beheer verkry is, word daardie belang teen billike waarde op die verkrygingsdatum hermeet. Die hermeting teen billike waarde word by wins of verlies vir die jaar ingesluit. Waar die bestaande aandeelhouding as 'n beskikbaar-vir- verkoop finansiële bate geklassifiseer is, word die kumulatiewe billikewaarde-aanpassing wat voorheen erken en in ekwiteit opgehoop is, as 'n herklassifikasie aanpassing na wins of verlies gemaak.

Klandisiewaarde word bereken as die billike waarde van die teenprestasie betaal, plus die billike waarde van enige aandeelhouding gehou voor die verkryging van beheer, plus nie-beherende belang en minus die billike waarde van die identifiseerbare bates en laste van die verkrygde.

Klandisiewaarde word gedra teen koste minus enige opgelope waardedaling.

Klandisiewaarde word nie geamortiseer nie, maar word op 'n jaarlikse basis vir waardedaling getoets. Indien vasgestel word dat klandisiewaarde se waarde gedaal het, word sodanige waardedaling nie daarna omgeswaai nie.

Belegging in geassosieerdes

'n Geassosieerde is 'n entiteit waaroor die groep beduidende invloed het en wat nie 'n filiaal of 'n gesamentlik beheerde onderneming is nie. Beduidende invloed is die mag om deel te neem aan die finansiële en bedryfsbeleidbesluite van die beleggingnemer maar is nie beheer of gesamentlike beheer oor die beleid nie.

'n Belegging in geassosieerde word verantwoord deur die ekwiteitsmetode te gebruik, buiten wanneer die belegging as gehou-vir-verkoop geklassifiseer word ooreenkomstig 'IFRS 5 Non-current Assets Held-For-Sale' en beëindigde bedrywighede. Ingevolge die ekwiteitsmetode word beleggings in geassosieerdes in die gekonsolideerde staat van finansiële posisie gedra teen kosprys aangepas vir na verkrygingskoste in die groep se deel van netto bates van die geassosieerde, minus enige waardedalingsverliese.

Verliese in 'n geassosieerde wat meer is as die groep se belang in daardie geassosieerde word slegs erken in soverre die groep 'n wetlike of konstruktiewe verpligting het om namens die geassosieerde betalings te doen.

Gesamentlik beheerde entiteite

'n Belang in 'n gesamentlik beheerde onderneming word verantwoord deur gebruik te maak van die ekwiteitsmetode, behalwe wanneer die belegging geklassifiseer is as gehou-vir-verkoop in ooreenstemming met 'IFRS 5 Non-current assets held-for-sale and discontinued operations'. Ingevolge die ekwiteitsmetode word belange in gesamentlik beheerde ondernemings gedra teen kosprys in die gekonsolideerde staat van finansiële posisie, aangepas vir na-verkrygingsveranderinge in die maatskappy se aandeel van netto bates van die gesamentlik beheerde onderneming, minus enige waardedalingsverliese. Wins of verliese op transaksies tussen die maatskappy en 'n gesamentlik beheerde onderneming word tot die omvang van die maatskappy se belang daarin uitgeskakel.

Wanneer die maatskappy gesamentlike beheer verloor, herklassifiseer die groep die verwante items, wat voorheen in ekwiteit opgehoop was deur ander omvattende inkomste, eweredig na wins of verliese as 'n herklassifikasie aanpassing. In sodanige gevalle, indien daar steeds 'n belegging is, word daardie belegging teen billike waarde gemeet, met die billikewaarde-aanpassing erken in wins of verlies as deel van die wins of verlies op die vervreemding.

Rekeningkundige Beleid

1.2 Beduidende oordele en bronne van ramingsonsekerheid

Met die opstel van die opgesomde gekonsolideerde finansiële jaarstate moet die bestuur sekere ramings en aannames maak wat die bedrae en verwante openbaarmaking kan beïnvloed wat in die opgesomde gekonsolideerde finansiële jaarstate vervat word. Die gebruik van beskikbare inligting en die toepassing van oordeel is eie aan ramings. Die werklike toekomstige resultate kan dus van dié ramings verskil, wat 'n beduidende invloed op die opgesomde gekonsolideerde finansiële jaarstate kan hê. Belangrike ramings sluit in:

Voorsiening vir stadigbewegende, beskadigde en verouderde voorraad

'n Voorsiening vir voorraad om voorraad afwaarts te waardeer tot die kosprys of die netto realiseerbare waarde, welke een ook al die laagste is. Die bestuur het ramings gedoen oor die verkoopsprys en direkte koste tot verkope op sekere voorraaditems. Die afwaartse waardasie is by die bedryfswins aantekening ingesluit.

Billikewaarderaming

Die billike waarde van finansiële instrumente wat in aktiewe markte verhandel is gegrond op gekwoteerde markpryse op die verslagdoeningsdatum. Die gekwoteerde markprys wat gebruik is vir finansiële bates wat die groep besit, is die huidige bodprys.

Die billike waarde van finansiële instrumente wat nie in 'n aktiewe mark verhandel word nie (byvoorbeeld biologiese bates) word bepaal deur waardasietegnieke te gebruik. Die groep gebruik 'n verskeidenheid metodes en veronderstellings wat op heersende marktoestande op elke verslagdoeningsdatum gegrond is. Ander tegnieke, soos beraamde verdiskonteerde kontantvloei, word gebruik om billike waarde vir die oorblywende finansiële instrumente te bereken. Die billike waarde van vooruit kommoditeitskontrakte word bereken deur gekwoteerde markpryse op die verslagdoeningsdatum te gebruik.

Daar word veronderstel dat die drawaarde minus waardedalingsvoorsiening van debiteure en handelskrediteure bykans hul billike waarde is. Die billike waarde van finansiële aanspreeklikhede vir openbaarmakingsdoeleindes word beraam deur die toekomstige kontraktuele kontantvloei te verdiskonteer teen die huidige markrentekoers wat vir soortgelyke finansiële instrumente aan die groep beskikbaar is.

Waardedalingstoets

Die verhaalbare bedrae van kontantgenererende eenhede en individuele bates is bereken op grond van die berekening van gebruikswaarde en billike waardes, welke een ook al die hoogste is. Dié berekenings vereis die gebruik van ramings en veronderstellings.

Die groep toets en sien die drawaarde van bates na wanneer gebeurtenisse of veranderings in omstandighede aandui dat die drabedrag dalk nie verhaalbaar is nie. Hierbenewens word klandisiewaarde op 'n jaarlikse grondslag vir waardedaling getoets. Bates word gegroepeer teen die laagste vlak waar identifiseerbare kontantvloei grotendeels afhanklik is van kontantvloei van ander bates en laste. Indien daar aanduidings is dat waardedaling kon plaasgevind het, word ramings van die verwagte toekomstige kontantvloei vir elke bategroep gedoen. Verwagte toekomstige kontantvloei wat gebruik word om die gebruikswaarde van klandisiewaarde en tasbare bates te bereken, is inherent onseker en kan mettertyd wesenlik verander. Dit word wesenlik beïnvloed deur 'n aantal faktore, waaronder produksieramings, vraag en aanbod saam met ekonomiese faktore soos wisselkoerse, inflasie en rente.

Voorsienings

Voorsienings is erken en die bestuur het op grond van die beskikbare inligting 'n raming gedoen.

1.2 Beduidende oordele en bronne van ramingsonsekerheid (vervolg)

Belasting

Weens die ingewikkeldheid van die relevante wetgewing verg dit oordeel om die voorsiening vir inkomstebelasting te bepaal. Daar is talle transaksies en berekenings waarvoor die uiteindelike belastingberekening in die gewone gang van sake onseker is. Die groep erken aanspreeklikhede vir verwagte belastingouditaangeleenthede op grond van die feit dat bykomende belasting betaalbaar sal wees al dan nie. Indien die finale uitslag van dié aangeleenthede verskil van die bedrae wat aanvanklik aangeteken is, sal sodanige verskille die inkomstebelasting en uitgestelde belastingvoorsiening beïnvloed in die tydperk waarin sodanige berekening gedoen word.

Die groep erken die netto toekomstige belastingvoordeel ten opsigte van die uitgestelde belastingbates in soverre dit waarskynlik is dat die aftrekbare tydelike verskille in die afsienbare toekoms omgeswaai sal word. In die evaluering van die verhaalbaarheid van uitgestelde belastingbates moet die groep beduidende ramings oor belasbare inkomste maak. Ramings oor toekomstige belasbare inkomste is gegrond op voorspelde kontantvloei uit bedrywighede en die toepassing van bestaande belastingwette in elke jurisdiksie. In soverre die toekomstige kontantvloei en belasbare inkomste wesenlik van ander ramings verskil, kan die groep se vermoë om die netto uitgestelde belastingbates te realiseer wat op die verslagdoeningsdatum aangeteken is, beïnvloed word.

1.3 Biologiese bates

Die groep erken 'n biologiese bate in die rekeningkundige rekords wanneer:
- dit beheer word deur en in besit is van die entiteit as 'n gevolg van gebeure in die verlede;
- dit waarskynlik is dat toekomstige ekonomiese voordele ten opsigte van hierdie bate sal vloei; en
- die billike waarde van die bate betroubaar bereken kan word

Biologiese bates word aanvanlik erken teen koste en daarna op elke balansstaatdatum teen billike waarde minus koste om te verkoop.

Billike waarde is die prys wat ontvang sal word om ‘n bate te verkoop of betaal sal word om ‘n las te vereffen in ‘n ordelike transaksie tussen mark deelnemers op die metings datum – IFRS 13.

Die billike waarde van vee word bereken op grond van die markprys van vee van dieselfde ouderdom, ras en genetiese meriete.

’n Wins of verlies wat spruit uit die aanvanklike erkenning van biologiese bates teen billike waarde minus die koste van verkope word ingesluit by wins of verlies vir die tydperk wanneer dit voorkom.

1.4 Beleggingseiendom

Beleggingseiendom word as ’n bate erken wanneer en slegs wanneer dit waarskynlik is dat die toekomstige ekonomiese voordeel wat met die beleggingseiendom geassosieer word, die onderneming sal toekom en die koste van die beleggingseiendom betroubaar bepaal kan word.

Beleggingseiendom word aanvanklik teen kosprys erken. Transaksiekoste word by die aanvanklike berekening ingesluit.

Koste sluit koste in wat aanvanklik aangegaan is en koste wat daarna aangegaan is ten einde by eiendom aan te bou en ’n deel daarvan te vervang. Indien ’n deel vervang word in die drabedrag van die beleggingseiendom word die drabedrag van die vervangde deel onterken.

Kostemodel

Beleggingseiendom word gedra teen kosprys minus waardevermindering en opgehoopte waardedalingsverliese.

Daar word voorsiening getref vir waardevermindering om die koste afwaarts te waardeer, op die reguitlynmetode oor die verwagte nutsduur van die eiendom, wat soos volg is:

Item	Nutsduur
Eiendom	50 jaar

Rekeningkundige Beleid

1.5 Eiendom, aanleg en toerusting

Die koste van 'n item van eiendom, aanleg en toerusting word as 'n bate erken wanneer:

- dit waarskynlik is dat toekomstige ekonomiese voordeel verbonde aan die item die maatskappy sal toekom; en
- die koste van die item betroubaar bepaal kan word.

Eiendom, aanleg en toerusting word aanvanklik teen kosprys erken.

Koste sluit koste in wat aanvanklik aangegaan is om 'n item van eiendom, aanleg en toerusting te verkry of op te rig en koste wat daarna aangegaan is om aan te bou, 'n deel daarvan te vervang of dit te diens. Indien 'n vervangingskoste in die drabedrag van 'n item van eiendom, aanleg en toerusting erken word, word die drabedrag van die vervangingskoste onterken.

Eiendom, aanleg en toerusting word teen kosprys minus enige opgehoopte waardevermindering en enige waardedalingsverlies gedra.

Eiendom, aanleg en toerusting word op die verminderdesaldo-metode asook reguitlynmetode oor die verwagte nuttige gebruiksduur tot die beraamde reswaarde daarvan gedepresieer.

Die nutsduur van eiendom, aanleg en toerusting is soos volg geëvalueer:

Item	%	Waardeverminderingsmetode
Eiendom, graansilobuise en meulegeboue	2	Reguitlyn
Sinksilo's	5	Reguitlyn
Silomasjinerie	22	Verminderdesaldo
Meule, masjinerie en toerusting	22	Verminderdesaldo
Kantoortoerusting	22	Verminderdesaldo
Vliegtuig		
- Vliegtuig romp	20	Verminderdesaldo
- Vliegtuig motor	aantal vliegure	Reguitlyn
Rekenaartoerusting		
- Persoonlike rekenaars	33	Reguitlyn
- Ander rekenaartoerusting	20	Reguitlyn
Ander voertuie	24	Verminderdesaldo
Vervaardigingsmasjinerie	22	Verminderdesaldo
Trekkers	20	Verminderdesaldo
Vragmotors en afleweringsvoertuie	25	Verminderdesaldo
Vurkhysers	22	Verminderdesaldo
Kunsmis aanleg	4	Reguitlyn
Huurverbeteringe word afgeskryf oor die huurtermyn		Reguitlyn

Die reswaarde, nutsduur en waardeverminderingmetode van elke bate word aan die einde van elke verslagdoeningstydperk nagesien. Indien die verwagting van vorige ramings verskil, word die verandering as 'n verandering in rekeningkundige raming in berekening gebring.

Die wins of verlies voortspruitend uit die verkoop van 'n item van eiendom, aanleg en toerusting word by wins of verlies ingesluit wanneer die item verkoop word. Die wins of verlies word bereken as die verskil tussen die netto opbrengs ontvang, indien enige, en die drabedrag van die item.

1.6 Ontasbare bates

’n Ontasbare bate word erken wanneer:

- dit waarskynlik is dat die verwagte toekomstige ekonomiese voordeel toeskryfbaar aan die bate die entiteit sal toekom; en
- die koste van die bate betroubaar bepaal kan word.

Ontasbare bates word aanvanklik teen kosprys erken.

Rekeningkundige Beleid

1.6 Ontasbare bates (vervolg)

’n Ontasbare bate voortspruitend uit die ontwikkeling (of uit die ontwikkelingsfase van ’n interne projek) word erken wanneer:

- dit tegnies uitvoerbaar is om die bate te voltooi sodat dit beskikbaar is vir gebruik of verkoop.
- daar ’n voorneme is om dit te voltooi en te gebruik of te verkoop.
- dit gebruik of verkoop kan word.
- dit moontlik toekomstige ekonomiese voordeel sal skep.
- daar beskikbare tegniese, finansiële en ander middele is om die ontwikkeling af te handel en dan die bate te gebruik of te verkoop.
- die besteding toeskryfbaar aan die bate gedurende die ontwikkelingsfase daarvan betroubaar bereken kan word.

Ontasbare bates word teen kosprys minus enige opgehoopte amortisasie en enige waardedalingsverliese gedra.

Daar word aanvaar dat ’n ontasbare bate ’n onbepaalde nutsduur het wanneer daar op grond van alle toepaslike faktore geen voorsienbare perk is op die tydperk wat die bate na verwagting netto kontantvloei sal genereer nie. Daar word nie amortisasie vir dié ontasbare bates voorsien nie. Vir alle ander ontasbare bates word amortisasie op ’n reguitlyngrondslag oor die verwagte nutsduur daarvan verskaf.

Die amortisasietydperk en die amortisasiemetode vir ontasbare bates word aan die einde van elke tydperk hersien.

Die herevaluering van die nutsduur van 'n ontasbare bate met 'n bepaalde nutsduur nadat dit as onbepaald geklassifiseer is, is 'n aanduiding dat die bate oninbaar kan wees. Gevolglik word die bate vir waardedaling getoets en die oorblywende drabedrag word oor die nutsduur daarvan geamortiseer.

Handelsmerke wat intern gegenereer is, naamboeke, publikasietitels, kliëntelyste en items wat in wese dieselfde is, word nie as ontasbare bates erken nie.

Daar word voorsiening gemaak vir amortisasie ten einde die ontasbare bates soos volg op 'n reguitlyngrondslag tot die reswaarde daarvan afwaarts te waardeer:

Item	Nutsduur
Kliënteverhoudings	5 jaar

1.7 Beleggings in filiale

Maatskappy opgesomde gekonsolideerde finansiële jaarstate

In die maatskappy se afsonderlike opgesomde gekonsolideerde finansiële jaarstate word beleggings in filiale teen kosprys minus enige opgehoopte waardedalings gedra.

Die koste van ’n belegging in 'n filiaal is die totaal van:

- die billike waarde op die ruildatum van enige bates geskenk, aanspreeklikhede aangegaan of oorgeneem en ekwiteitsinstrumente wat die maatskappy uitgereik het; plus
- enige koste wat regstreeks aan die verkryging van die filiaal toeskryfbaar is.

1.8 Belegging in gesamentlik beheerde ondernemings

Maatskappy opgesomde gekonsolideerde finansiële jaarstate

’n Belegging in ’n gesamentlik beheerde onderneming word gedra teen kosprys minus enige opgehoopte waardedaling.

Ten opsigte van sy belang in gesamentlik beheerde bedrywighede erken die maatskappy in sy finansiële jaarstate:

- die bates wat hy beheer en die aanspreeklikhede wat hy aangaan; en
- die uitgawes wat hy aangaan en sy aandeel van die inkomste wat hy verdien uit die verkoop van goedere en dienste.

Rekeningkundige Beleid

1.8 Belegging in gesamentlik beheerde ondernemings (vervolg)

Ten opsigte van sy belang in gesamentlik beheerde bates, erken die maatskappy in sy finansiële jaarstate:

- sy deel van die gesamentlik beheerde bates, geklassifiseer volgens die aard van die bate;
- enige aanspreeklikhede wat hy aangegaan het;
- sy deel van enige aanspreeklikhede wat ten opsigte van die gesamentlik beheerde onderneming saam met die ander ondernemers aangegaan is;
- enige inkomste uit die verkoop of gebruik van sy aandeel van die produksie van die gesamentlik beheerde onderneming, saam met sy deel van enige uitgawes wat die gesamentlik beheerde onderneming aangegaan het; en
- enige uitgawes wat hy ten opsigte van sy eie belang in die gesamentlik beheerde onderneming aangegaan het.

1.9 Belegging in geassosieerde

Maatskappy opgesomde gekonsolideerde finansiële jaarstate

’n Belegging in ’n geassosieerde word gedra teen kosprys minus enige opgehoopte waardedaling.

1.10 Finansiële instrumente

Finansiële instrumente wat deur die maatskappy gehou word, word geklassifiseer ooreenkomstig die bepalings van IFRS 9 Finansiële Instrumente.

In die breë word finansiële instrumente as volg geklassifiseer:

Finansiële bates wat ekwiteitsinstrumente is:

- Verpligtend teen billike waarde deur wins of verlies; of
- Aangewys as teen billike waarde deur middel van ander omvattende inkomste. (Hierdie klassifikasie is nie beskikbaar vir ekwiteitsinstrumente wat gehou word vir verhandeling of wat 'n voorwaardelike oorweging in 'n besigheidskombinasie is nie).

Finansiële bates wat skuldinstrumente is:

- Geamortiseerde koste. (Hierdie kategorie is slegs van toepassing wanneer die kontraktuele bepalings van die instrument op gespesifiseerde datums aanleiding gee tot kontantvloei wat uitsluitlik betalings van kapitaal en rente op uitstaande kapitaal is en waar die instrument gehou word onder 'n besigheidsmodel wat se doelwit nagekom word deur die instrument om kontraktuele kontantvloei in te vorder); of
- Billike waarde deur middel van ander omvattende inkomste. (Hierdie kategorie is slegs van toepassing wanneer die kontraktuele bepalings van die instrument op gespesifiseerde datums aanleiding gee tot kontantvloei wat uitsluitlik betalings van kapitaal en rente op uitstaande kapitaal is en waar die instrument gehou word onder 'n sakemodel wat se doelwit bereik word deur beide die invordering van kontraktuele kontantvloei en die verkoop van die instrumente); of
- Verpligtend teen billike waarde deur wins of verlies. (Hierdie klassifikasie is outomaties van toepassing op alle skuldinstrumente wat nie teen geamortiseerde koste of teen billike waarde deur ander omvattende inkomste kwalifiseer nie); of
- Getoon as teen billike waarde deur wins of verlies. (Hierdie klassifikasie opsie kan slegs toegepas word wanneer dit 'n rekeningkundige wanverhouding uitskakel of dit aansienlik verminder).

Afgeleides wat nie deel van 'n verskansingsverhouding is nie:

- Verpligtend teen billike waarde deur wins of verlies.

1.10 Finansiële instrumente (vervolg)

Finansiële laste:
- Geamortiseerde koste; of
- Verpligtend teen billike waarde deur wins or verlies. (Dit geld vir voorwaardelike vergoeding in 'n besigheidskombinasie of vir aanspreeklikhede wat gehou word vir verhandeling); of
- Getoon teen billike waarde deur wins of verlies. (Hierdie klassifikasie-opsie kan toegepas word wanneer dit 'n wanbetalingsverskil uit die rekeningkundige rekords elimineer of beduidend verminder, die aanspreeklikheid vorm deel van 'n groep finansiële instrumente wat op 'n billike waarde-basis bestuur word, of dit maak deel uit van 'n kontrak wat 'n ingeslote afgeleide bevat en die hele kontrak is gewys teen billike waarde deur wins of verlies).

Aantekening 4 - Finansiële instrumente en risikobestuur openbaar die finansiële instrumente wat deur die maatskappy gehou word op grond van hul spesifieke klassifikasies.

Alle gereelde aankope of verkope van finansiële bates word op 'n handelsdatum basis erken of onterken. Gereelde aankope of verkope is aankope of verkope van finansiële bates wat die lewering van bates binne die tydsbestek wat deur regulasie in die mark bepaal word, vereis.

Die spesifieke rekeningkundige beleide vir die klassifikasie, erkenning en meting van elke tipe finansiële instrument wat deur die maatskappy gehou word, word hieronder uiteengesit:

Handels- en ander debiteure

Klassifikasie

Handels- en ander debiteure, uitgesluit, waar van toepassing, BTW en vooruitbetalings, word geklassifiseer as finansiële bates wat teen geamortiseerde koste gemeet word (aantekening 21).

Dit is op hierdie wyse geklassifiseer omdat die kontraktuele terme, op gespesifiseerde datums tot kontantvloeie lei wat uitsluitlik betalings van kapitaal en rente op die uitstaande kapitaal is, en die groep se sakemodel is om die kontraktuele kontantvloei op handels- en ander debiteure in te vorder.

Erkenning en meting

Handels- en ander debiteure word erken wanneer die groep 'n party tot die kontraktuele bepalings van die debiteure word. Dit word by aanvanklike erkenning gemeet teen billike waarde plus transaksiekoste, indien enige.

Dit word vervolgens teen geamortiseerde koste gemeet.

Die geamortiseerde koste is die bedrag wat aanvanklik teen die ontvangbare bedrag erken word, minus kapitaal terugbetalings, plus kumulatiewe amortisasie (rente) volgens die effektiewe rentekoersmetode van enige verskil tussen die aanvanklike bedrag en die vervaldatum, aangepas vir enige verliestoelae.

Toepassing van die effektiewe rentekoersmetode

Vir debiteure wat 'n beduidende finansieringskomponent bevat, word rente-inkomste bereken volgens die effektiewe rentekoersmetode en ingesluit by wins of verlies in beleggingsinkomste (aantekening 33).

Die toepassing van die effektiewe rentekoersmetode om rente-inkomste op handelsdebiteure te bereken, is soos volg van die kredietrisiko van die debiteur afhanklik:
- Die effektiewe rentekoersmetode word toegepas op die bruto drabedrag van die debiteur, met dien verstande dat die debiteur kredietwaardig is. Die bruto drabedrag is die geamortiseerde koste voor aanpassing vir 'n verliestoelaag.
- Indien 'n debiteur wat gekoop word of ontstaan nie meer kredietwaardig is nie, word 'n krediet-aangepaste effektiewe rentekoers toegepas op die geamortiseerde koste in die bepaling van rente. Hierdie behandeling verander nie oor die lewensduur van die ontvangbare bedrag nie, al is die debiteur nou kredietwaardig.
- Indien 'n debiteur nie gekoop word of oorspronklik nie kredietwaardig was nie, maar dit later kredietwaardig geword het, word die effektiewe rentekoersmetode toegepas op die geamortiseerde koste van die debiteur by die bepaling van die rente. Indien die debiteur in die daaropvolgende tydperke kredietwaardig is, word die renteberekening herwaardeer om die effektiewe rentekoersmetode op die bruto drabedrag toe te pas.

Rekeningkundige Beleid

1.10 Finansiële instrumente (vervolg)

Waardedaling

Die groep erken 'n verliestoelaag vir verwagte kredietverliese op handels- en ander debiteure, uitgesluit BTW en vooruitbetalings. Die bedrag van verwagte kredietverliese word by elke verslagdoeningsdatum hersien.

Die groep meet die verliestoelaag vir handels- en ander debiteure teen 'n bedrag gelyk aan lewenslange verwagte kredietverliese (leeftyd-VKV), wat die verwagte kredietverliese verteenwoordig wat sal voortspruit uit alle moontlike wanbetalings oor die verwagte lewensduur van die ontvangbare bedrag.

Meting en erkenning van verwagte kredietverliese

Die groep maak gebruik van 'n voorsieningmatriks vir die bepaling van verwagte kredietverliese op handels- en ander debiteure. Die voorsieningmatriks is gebaseer op historiese kredietverlies-ervaring, aangepas vir faktore wat spesifiek is vir die debiteure is, algemene ekonomiese toestande en 'n beoordeling van beide die huidige en voorspelde rigting van voorwaardes op die verslagdoeningsdatum, insluitend die tydwaarde van geld, waar toepaslik.

Die kliëntebasis is wydverspreid en toon nie beduidende verskillende verliespatrone vir verskillende klante segmente nie. Die verliestoelaag word op 'n kollektiewe basis bereken vir alle handels- en ander debiteure in totaliteit. Besonderhede van die voorsieningsmatriks word in aantekening 21 aangebied.

'n Waardedalingswins(verlies) word erken in wins of verlies met 'n ooreenstemmende aanpassing aan die drabedrag van handels- en ander debiteure, deur middel van 'n verliestoelaagrekening. Die waardedalingswins(verlies) word in wins of verlies ingesluit as 'n beweging in kredietverliestoelaag (aantekening 31 en 32).

Afskryf beleid

Die groep skryf 'n debiteur af wanneer daar inligting is wat aandui dat die teenparty in ernstige finansiële probleme verkeer en daar geen realistiese vooruitsig van herstel is nie, bv. wanneer die teenparty onder likwidasie geplaas is of bankrotskapsverrigtinge aangegaan het. Debiteure wat afgeskryf is, kan steeds onderhewig wees aan afdwingingsaktiwiteite onder die groep se herstelprosedures, met inagneming van regsadvies waar toepaslik. Enige verhalings wat gemaak word, word erken in wins of verlies.

Kredietrisiko

Besonderhede van kredietrisiko word ingesluit in die handels- en ander debiteure (aantekening 21) en die finansiële instrumente en risikobestuur (aantekening 4).

Onterkenning

Verwys na die onterkenningsafdeling van die rekeningkundige beleid vir die beleid en prosesse wat verband hou met onterkenning.

Belegging in ekwiteitsinstrumente

Klassifikasie

Beleggings in ekwiteitsinstrumente word in aantekening 14 aangebied. Dit word as verpligtinge teen billike waarde deur wins of verlies geklassifiseer. As 'n uitsondering op hierdie klassifikasie kan die groep 'n onherroeplike keuse op instrument basis en by aanvanklike erkenning maak om sekere beleggings in ekwiteitsinstrumente aan te dui teen billike waarde deur middel van ander omvattende inkomste.

Die klassifikasie soos teen billike waarde deur ander omvattende inkomste word nooit op beleggings gemaak wat gehou word vir verhandeling of voorwaardelike oorweging in 'n besigheidskombinasie nie.

Rekeningkundige Beleid

1.10 Finansiële instrumente (vervolg)

Erkenning en meting

Beleggings in ekwiteitsinstrumente word erken wanneer die maatskappy 'n party word tot die kontraktuele bepalings van die instrument. Die beleggings word by aanvanklike erkenning teen billike waarde gemeet. Transaksiekoste word by die aanvanklike drabedrag bygevoeg vir daardie beleggings wat aangewys is teen billike waarde deur ander omvattende inkomste. Alle ander transaksiekoste word in wins of verlies erken.

Beleggings in ekwiteitsinstrumente word vervolgens gemeet teen billike waarde met veranderinge in billike waarde wat in wins of verlies of in ander omvattende inkomste erken word afhangende van hul klassifikasie.

Dividende ontvang op ekwiteitsbeleggings word in wins of verlies erken wanneer die groep geregtig is om die dividend te ontvang, tensy die dividende duidelik 'n verhaling van 'n gedeelte van die koste van die belegging verteenwoordig.

Waardedaling

Beleggings in ekwiteitsinstrumente is nie onderworpe aan waardedalingsvoorsienings nie.

Onterkenning

Verwys na die onterkenningsafdeling van die rekeningkundige beleid vir die beleid en prosesse wat verband hou met onterkenning.

Die winste of verliese wat in ekwiteit in die reserwe vir billike waarde van beleggings vir ekwiteitsbeleggings teen billike waarde deur ander omvattende inkomste opgehoop het, word nie na wins of verlies op onterkenning herklassifiseer nie. In plaas daarvan word die kumulatiewe bedrag direk na behoue verdienste oorgedra.

Lenings van verwante partye

Klassifikasie

Lenings vanaf groepmaatskappye (aantekening 24) en Lenings vanaf aandeelhouers (aantekening 25) word geklassifiseer as finansiële laste wat later teen geamortiseerde koste gemeet word.

Erkenning en meting

Lenings vanaf verwante partye word erken wanneer die groep 'n party tot die kontraktuele verpligting van die lening word. Die lenings word gemeet, by aanvanklike erkenning, teen billike waarde plus transaksiekoste, indien enige.

Dit word later teen geamortiseerde koste gemeet volgens die effektiewe rentekoersmetode.

Die effektiewe rentekoersmetode is 'n metode om die geamortiseerde koste van 'n finansiële las te bereken en om rentekoste oor die betrokke tydperk toe te ken. Die effektiewe rentekoers is die koers wat toekomstige kontantbetalings (insluitend alle gelde betaal of ontvang wat 'n integrale deel van die effektiewe rentekoers, transaksiekoste en ander premies of afslag vorm) oor die verwagte lewensduur van die finansiële las, of (waar toepaslik) 'n korter tydperk, tot die geamortiseerde koste van 'n finansiële las te erken.

Die renteuitgawe, bereken op die effektiewe rentekoersmetode, is ingesluit in wins of verlies in finansieringskoste (aantekening 35).

Lenings is blootgestel aan die groep se likiditeit en rentekoersrisiko. Verwys na aantekening 4 vir die openbaarmaking van die risiko blootstelling en bestuur daarvan.

Onterkenning

Verwys na die onterkenningsafdeling van die rekeningkundige beleid vir die beleid en prosesse wat verband hou met onterkenning.

Rekeningkundige Beleid

1.10 Finansiële instrumente (vervolg)

Handels- en ander krediteure

Klassifikasie

Handels- en ander krediteure (aantekening 26), uitgesluit BTW en bedrae vooruitontvang, word geklassifiseer as finansiële laste en later gemeet teen geamortiseerde koste.

Erkenning en meting

Handels- en ander krediteure word erken wanneer die maatskappy 'n party tot die kontraktuele bepalings word en word by aanvanklike erkenning teen billike waarde plus transaksiekoste, indien enige, gemeet.

Dit word later teen geamortiseerde koste gemeet volgens die effektiewe rentekoersmetode.

Die effektiewe rentekoersmetode is 'n metode om die geamortiseerde koste van 'n finansiële las te bereken en om rentekoste oor die betrokke tydperk toe te ken. Die effektiewe rentekoers is die koers wat toekomstige kontantbetalings (insluitend alle gelde betaal of ontvang wat 'n integrale deel van die effektiewe rentekoers, transaksiekoste en ander premies of afslag vorm) oor die verwagte lewensduur van die finansiële las, of (waar toepaslik) 'n korter tydperk, tot die geamortiseerde koste van die finansiële las te erken.

Indien handels- en ander krediteure 'n wesenlike finansieringskomponent bevat, en die effektiewe rentekoersmetode gebruik word, word die rente uitgawe erken in wins of verlies in finansieringskoste (aantekening 35).

Handels- en ander krediteure is blootgestel aan die groep se likiditeitsrisiko en moontlike rentekoersrisiko. Verwys na aantekening 4 vir die openbaarmaking en die risikoblootstelling en bestuur daarvan.

Onterkenning

Verwys na die onterkenningsafdeling van die rekeningkundige beleid vir die beleid en prosesse wat verband hou met onterkenning.

Finansiële laste teen billike waarde deur wins of verlies

Klassifikasie

Finansiële laste wat gehou word vir verhandeling word as finansiële laste teen billike waarde deur wins of verlies geklassifiseer. Verwys na aantekening 28.

Erkenning en meting

Finansiële laste teen billike waarde deur wins of verlies word erken wanneer die maatskappy 'n party word tot die kontraktuele bepalings van die instrument. Hulle word aanvanklik gemeet teen kosprys en daarna teen billike waarde. Transaksiekoste word in wins of verlies erken.

Rente betaal op die finansiële laste teen billike waarde deur wins of verlies is ingesluit in finansieringskoste (aantekening 35).

Onterkenning

Verwys na die onterkenningsafdeling van die rekeningkundige beleid vir die beleid en prosesse wat verband hou met onterkenning.

Kontant en kontantekwivalente

Kontant en kontantekwivalente word teen drabedrag getoon wat as die billike waarde beskou word.

Kontant en kontantekwivalente bestaan uit kontant voorhande, deposito's en ander korttermyn hoogs likiede beleggings met 'n oorspronklike vervaldatum van 3 maande of minder en bankoortrekkings wat maklik omskepbaar is tot 'n bekende bedrag kontant en onderworpe is aan 'n onbeduidende risiko van veranderinge in waarde. Dit word aanvanklik en daarna teen billike waarde erken.

Rekeningkundige Beleid

1.10 Finansiële instrumente (vervolg)

Bankoortrekkings

Bankoortrekkings word aanvanklik teen billike waarde gemeet en word dan teen geamortiseerde koste gemeet volgens die effektiewe rentekoersmetode. Enige verskil tussen die opbrengs (na aftrekking van transaksiekoste) en die vereffening of aflossing van lenings word in die inkomstestaat erken oor die termyn van die lenings deur die effektiewe rentekoersmetode te gebruik.

Bankoortrekkings en -lenings word as bedryfslaste geklassifiseer tensy die lenings 'n onvoorwaardelike reg het om die vereffening van die aanspreeklikheid ten minste 12 maande na die staat van finansiële posisie datum uit te stel.

Onterkenning

Finansiële bates

Die maatskappy onterken slegs 'n finansiële bate wanneer die kontraktuele regte op die kontantvloei uit die bate verval, of wanneer al die risiko's en voordele van eienaarskap van die bate aan 'n ander party oorgedra word. Indien die maatskappy nie die oorblywende bates oordra of behou nie, maar die risiko's en voordele van eienaarskap behou, erken die maatskappy sy behoue belange in die bate en 'n gepaardgaande aanspreeklikheid vir bedrae wat dit mag betaal. Indien die maatskappy wesenlik al die risiko's en voordele van eienaarskap van 'n finansiële bate wat oorgedra is behou, erken die maatskappy steeds die finansiële bate en erken ook 'n versekerde las vir die opbrengs ontvangbaar.

Finansiële laste

Die groep onterken finansiële laste wanneer, en slegs wanneer, die groep se verpligting gekanselleer is of verval het. Die verskil tussen die drabedrag van die finansiële las erken en die bedrag betaal of betaalbaar, ingesluit nie-kontant bates of laste oorgedra, word erken in wins of verlies.

Herklassifikasie

Finansiële bates

Die groep herklassifiseer slegs finansiele bates wanneer daar 'n verandering in die besigheidsmodel van die bates is. As 'n herklassifikasie nodig is, word dit vanaf die herklassifikasie datum aangepas. Enige vorige winste, verliese of rente word nie herklasifiseer nie.

Die herklassifikasie datum is die begin van die eerste verslagdoeningsperiode na die veranderinge in die besigheidsmodel.

Finansiële laste

Finansiële laste word nie herklasifiseer nie.

1.11 Belasting

Lopende belastingbates en -laste

Lopende belasting vir huidige en vorige tydperke word, in soverre dit onbetaal is, as ’n las erken. Indien die bedrag wat reeds ten opsigte van huidige en vorige tydperke betaal is, meer is as die bedrag wat in die tydperke betaalbaar is, word die surplus as ’n bate erken.

Lopende belastinglaste (bates) vir die huidige en vorige tydperk word bereken teen die bedrag wat na verwagting betaal sal word aan (verhaal sal word van) die belastingowerhede deur die belastingkoers (en belastingwetgewing) te gebruik wat teen die verslagdoeningsdatum van toepassing is of in wese van toepassing is.

Rekeningkundige Beleid

1.11 Belasting (vervolg)

Uitgestelde belastingbates en laste

’n Uitgestelde belastinglas word vir alle belasbare tydelike verskille erken, buiten in soverre die uitgestelde belastinglas spruit uit die aanvanklike erkenning van 'n bate of las in 'n transaksie wat ten tye van die transaksie nie die rekeningkundige wins of die belasbare wins (belastingverlies) beïnvloed nie.

’n Uitgestelde belastingbate word vir alle aftrekbare tydelike verskille erken in soverre dit waarskynlik is dat ’n belasbare wins beskikbaar sal wees waarteen die aftrekbare tydelike verskille benut kan word. 'n Uitgestelde belastingbate word nie erken wanneer dit ontstaan uit die aanvanklike erkenning van 'n bate of las in 'n transaksie wat ten tye van die transaksie nie die rekeningkundige wins of belasbare wins (belastingverlies) beïnvloed nie.

Belasting uitgawes

Lopende en uitgestelde belasting word as 'n inkomste of uitgawe erken en by wins en verlies vir die tydperk ingesluit, buiten in soverre die belasting spruit uit:

- ’n transaksie of gebeurtenis wat in dieselfde of ’n ander tydperk regstreeks in ekwiteit erken is; of
- 'n besigheidsamevoeging.

Lopende belasting en uitgestelde belasting word regstreeks teen ander omvattende inkomste gedebiteer of gekrediteer indien die belasting betrekking het op items wat in dieselfde of ’n ander tydperk regstreeks teen ander omvattende inkomste gekrediteer of gedebiteer word.

Dividendbelasting

Suid-Afrikaanse inwoner-maatskappye is onderhewig aan 'n tweeledige belastingstelsel. Eerstens is belasting betaalbaar op belasbare inkomste en tweedens is belasting betaalbaar op uitgekeerde inkomstewinste.

Kontantdividende verklaar deur die maatskappy is onderhewig aan dividendbelasting, wat 'n belasting op die aandeelhouer is.

1.12 Hure

Die maatskappy beoordeel of 'n kontrak, ‘n huurkontrak bevat aan die begin van die kontrak.

'n Kontrak is, of bevat 'n huurkontrak indien die kontrak die reg verleen om die gebruik van 'n geïdentifiseerde bate vir 'n tydperk te beheer in ruil vir vergoeding.

Ten einde te bepaal of 'n kontrak 'n huurkontrak is, of bevat, bepaal die bestuur of die betrokke bate 'geïdentifiseer' is, wat beteken dat die bate eksplisiet of implisiet in die kontrak gespesifiseer is en dat die verskaffer nie 'n wesenlike reg het van vervanging gedurende die periode van gebruik nie. Sodra die bestuur tot die gevolgtrekking gekom het dat die kontrak met 'n geïdentifiseerde bate handel, word die reg om die gebruik daarvan te beheer, oorweeg. Vir hierdie doel bestaan daar slegs beheer oor die gebruik van 'n geïdentifiseerde bate as die maatskappy die reg het om wesenlik al die ekonomiese voordele uit die gebruik van die bate te bekom, sowel as die reg om die bate te gebruik.

In omstandighede waar die bepaling of die kontrak 'n huurkontrak is of bevat, beduidende oordeel vereis, word die relevante openbaarmakings in die afdeling vir beduidende beoordelings en bronne vir ramingsonsekerheid in hierdie rekeningkundige beleid verskaf.

Maatskappy as huurder

'n Huuraanspreeklikheid en die ooreenstemmende reg-van-gebruik bate word op die aanvangsdatum van die huurooreenkoms erken, vir alle huurooreenkomste waarvoor die maatskappy 'n huurder is, behalwe vir korttermynhure van 12 maande of minder, of verhuring van bates met 'n lae waarde. Vir hierdie huurkontrakte erken die maatskappy die huurbetalings as 'n bedryfsuitgawe (aantekening) op 'n reguitlyngrondslag oor die huurtermyn, tensy 'n ander stelselmatige grondslag meer verteenwoordigend is van die tydpatroon waarin ekonomiese voordele verbonde is aan die gehuurde bate.

Die verskillende huurkontrakte en nie-huurkontrakkomponente van huurkontrakte word afsonderlik verantwoord, met die vergoeding wat aan elke huurkomponent toegeken word op grond van die relatiewe selfstandige bedrae van die huurkomponente en die totale losstaande bedrag van die nie- huurkomponente (waar nie-huurkomponente bestaan).

1.12 Hure (vervolg)

As 'n uitsondering op die voorafgaande paragraaf, het die maatskappy besluit om nie, nie-verhuringsonderdele vir huur van grond en geboue te skei nie.

Besonderhede van huurooreenkomste waar die onderneming 'n huurder is, word in aantekening 8 Hure (maatskappy as huurder) aangebied.

Huuraanspreeklikheid

Die huuraanspreeklikheid word aanvanklik gemeet teen die huidige waarde van die huurbetalings wat nie op die aanvangsdatum betaal word nie, verdiskonteer deur die koers wat implisiet in die huurooreenkoms is te gebruik. As hierdie koers nie maklik bepaal kan word nie, gebruik die maatskappy sy inkrementele leenkoers.

Huurbetalings wat by die meting van die huurverpligting ingesluit is, bestaan uit die volgende:

- vaste huurbetalings, minus enige aansporings vir hure;
- veranderlike huurbetalings wat afhang van 'n indeks of koers, aanvanklik gemeet aan die hand van die indeks of koers op die aanvangsdatum;
- die bedrag wat na verwagting deur die maatskappy betaalbaar sal wees onder waarborg van reswaarde;
- die uitoefeningsprys van koopopsies, indien die maatskappy redelik seker is om die opsie uit te oefen;
- huurbetalings in 'n opsionele hernuwingstydperk indien die maatskappy redelik seker is om 'n uitbreidingsopsie uit te oefen; en
- boetes vir vroeë beëindiging van die huurkontrak, indien die huurtermyn die uitoefening van 'n opsie om die huur te beëindig weerspieël.

Veranderlike huur wat nie van 'n indeks of koers afhanklik is nie, word nie by die meting van die bruikhuurverpligting (of die reg-van-gebruik bate) ingesluit nie. Die verwante betalings word as 'n uitgawe erken in die tydperk wat dit aangegaan is en word by die bedryfsuitgawes ingesluit.

Die huurkontrak word as 'n afsonderlike lynitem op die staat van finansiële posisie aangebied.

Die huurverpligting word vervolgens gemeet deur die drabedrag te verhoog om die rente op die huurlas te weerspieël (volgens die effektiewe rente-metode) en deur die drabedrag te verminder om die huurbetalings te weerspieël. Rente op die bruikhuurverpligting word by finansieringskoste ingesluit (aantekening 35).

Die maatskappy herwaardeer die huurkontrak (en pas 'n ooreenstemmende aanpassing aan die verwante reg-van-gebruik bate) toe:

- daar was 'n verandering aan die huurtermyn, in welke geval die huur aanspreeklikheid herwaardeer word deur die hersiene huurbetalings te verdiskonteer met behulp van 'n hersiene diskontokoers;
- daar was 'n verandering in die beoordeling of die maatskappy 'n koop-, beëindigings- of uitbreidingsopsie sal uitoefen, in welke geval die huurverpligting herwaardeer word deur die hersiene huurbetalings te verdiskonteer met behulp van 'n hersiene diskontokoers;
- daar was 'n verandering aan die huurbetalings as gevolg van 'n verandering in 'n indeks of 'n koers, in welke geval die huur aanspreeklikheid herwaardeer word deur die hersiene huurbetalings te verdiskonteer met behulp van die aanvanklike verdiskonteringskoers (tensy die huurbetalings verander is as gevolg van 'n verandering in 'n wisselende rentekoers, in welke geval 'n hersiene diskontokoers gebruik word);
- daar was 'n verandering in verwagte betaling onder 'n waarborg vir reswaarde, in welke geval die huur aanspreeklikheid herwaardeer word deur die hersiene huurpaaiemente te verdiskonteer met behulp van die aanvanklike verdiskonteringskoers;
- 'n Huurkontrak is gewysig en die wysiging van die huurkontrak word nie as 'n aparte huurkontrak verantwoord nie, in welke geval die huurkontrak herwaardeer word deur die hersiene betalings te verdiskonteer met behulp van 'n hersiene diskontokoers.

As die huur aanspreeklikheid op hierdie manier herwaardeer word, word 'n ooreenstemmende aanpassing aangebring aan die drabedrag van die reg-van-gebruik bate, of word dit in wins of verlies erken indien die drabedrag van die reg-van-gebruik bate tot nul verminder is.

Rekeningkundige Beleid

1.12 Hure (vervolg)

Reg-van-gebruik bate

Huurbetalings wat by die meting van die huur aanspreeklikheid ingesluit is, bestaan uit die volgende:

- die aanvanklike bedrag van die ooreenstemmende huur;
- enige huurbetalings wat voor of op die aanvangsdatum gemaak word;
- enige aanvanklike direkte koste aangegaan;
- enige raming van die beraamde koste om die onderliggende bate af te breek en te verwyder of om die onderliggende bate of die terrein waarop dit geleë is te herstel, wanneer die onderneming 'n verpligting daarvoor aangaan, tensy hierdie koste aangegaan word om voorrade te lewer; en
- min enige huur aansporing ontvang.

Wanneer die maatskappy 'n verpligting aangaan om die koste om 'n gehuurde bate af te breek en te verwyder, die terrein waarop dit geleë is te herstel of die onderliggende bates te herstel na die voorwaarde wat vereis word deur die huurvoorwaardes, word 'n voorsiening erken in die staat van finansiële posisie.

Reg-van-gebruik bates word vervolgens gemeet teen kosprys minus opgelope waardevermindering en waardedalingsverliese.

Reg-van-gebruik bates word afgeskryf oor die huurperiode of die bruikbare lewensduur van die onderliggende bate watter een ookal die kortste is. As die huurkontrak egter die eienaarskap van die onderliggende bate oordra of die koste van die reg-van-gebruik bate weerspieël dat die maatskappy verwag om 'n koopopsie uit te oefen, word die verwante bate vir reg-van-gebruik afgeskryf oor die lewensduur van die onderliggende bate. Waardevermindering begin op die aanvangsdatum van 'n huurkontrak.

Vir die reg-van-gebruik bates wat oor hul nutsduur afgeskryf word, word die nuttige lewensduur in die volgende tabel weergegee:

Item	Waardeverminderings-metode	Gemiddelde nutsduur
Persele	Reguit lyn	1 - 10 jaar

Die reswaarde, nuttige lewensduur en waardeverminderingsmetode van elke bate word aan die einde van elke finansiële jaar hersien. As die verwagtinge verskil van vorige ramings, word die verandering as 'n verandering in die rekeningkundige raming verantwoord. Elke deel van 'n reg-van-gebruik bate met 'n beduidende koste in verhouding tot die totale koste van die bate word afsonderlik afgeskryf.

Die waardeverminderingskoste vir elke jaar word in wins of verlies erken, tensy dit by die drabedrag van 'n ander bate ingesluit is.

Maatskappy as verhuurder

Huurkontrakte waarvoor die onderneming 'n verhuurder is, word geklassifiseer as bruikhuur- of bedryfshure. Wanneer die voorwaardes van die huur wesenlik al die risiko's en voordele van eienaarskap aan die huurder oordra, word die kontrak as 'n bruikhuur geklassifiseer. Alle ander hure word as bedryfshure geklassifiseer. Huurklassifikasie word by die aanvangsdatum gedoen en word slegs herevalueer indien daar 'n huurwysiging is.

As die onderneming 'n tussentydse verhuurder is, word die hoofverhuring en die verhuring as twee afsonderlike kontrakte verantwoord. Die verhuring word geklassifiseer as 'n bruikhuur of 'n bedryfshuur volgens die reg-van-gebruik bate wat voortspruit uit die hoofhuurkontrak. As die hoofhuur 'n korttermynhuur is waarop die maatskappy die vrystelling wat voorheen beskryf is, toepas, klassifiseer die verhuring as 'n bedryfshuur.

Die verskillende huurkontrakte en nie-huurkontrakkomponente van huurkontrakte word afsonderlik verantwoord, terwyl die teenprestasie erken word deur die toepassing van IFRS 15.

Bedryfshure

Huurbetalings uit bedryfshure word regstreeks oor die termyn van die betrokke huurkontrak erken, of op 'n ander sistematiese basis as die basis meer verteenwoordigend is van die patroon waarin die voordele vir die gebruik van die onderliggende bate verminder word. Bedryfshuurinkomste word by ander bedryfsinkomste (aantekening 31) ingesluit.

Rekeningkundige Beleid

1.12 Hure (vervolg)

Aanvanklike direkte koste wat aangegaan is met die onderhandeling en reëling van 'n bedryfshuur word by die drabedrag van die gehuurde bate gevoeg en word op dieselfde grondslag as die huurinkomste as 'n uitgawe erken.

Wysigings aan bedryfshuurkontrakte word verantwoord as 'n nuwe huurkontrak vanaf die effektiewe datum van die wysiging. Enige voorafbetaalde of opgelope huurbetalings wat met die oorspronklike huurkontrak verband hou, word verantwoord as deel van die huurbetalings van die nuwe huurkontrak.

Bruikhure

Bedrae verskuldig deur huurders word vanaf die aanvangsdatum erken teen 'n bedrag gelykstaande aan die netto belegging in die huurkontrak.

Die rentekoers implisiet in die huurkontrak word gebruik om die netto belegging in die huurkontrak te meet. As die rentekoers implisiet by 'n verhuring nie maklik vir 'n verhuring bepaal kan word nie, word die verdiskonteringskoers wat gebruik word vir die hoofverhuring (aangepas vir enige aanvanklike direkte koste verbonde aan die verhuring) gebruik om die netto belegging in die verhuring te meet.

Die rentekoers implisiet in die huurkontrak word gedefinieer op 'n manier wat veroorsaak dat die aanvanklike direkte koste by die aanvanklike meting van die netto belegging in die huurooreenkoms ingesluit word.

Huurbetalings wat by die meting van die netto belegging in die huurooreenkoms ingesluit is, bestaan uit die volgende:

- vaste huurpaaiemente minus enige aansporings vir huurkontrakte betaalbaar;
- veranderlike huurbetalings wat afhang van 'n indeks of koers, aanvanklik gemeet aan die hand van die indeks of koers op die aanvangsdatum;
- die bedrag wat na verwagting deur die maatskappy ontvang moet word van die huurder, 'n party verwant aan die huurder of 'n derde party wat nie verband hou met die maatskappy onder waarborg van reswaarde nie (vir die derde party word hierdie bedrag slegs ingesluit indien die party finansieel in staat is om die verpligtinge onder die waarborg na te kom);
- die uitoefeningsprys van koopopsies, indien die huurder redelik seker is dat hy die opsie gaan uitoefen;
- boetes vir vroeë beëindiging van die huurkontrak, indien die huurtermyn die uitoefening van 'n opsie om die huur te beëindig weerspieël.

Die maatskappy erken finansieringsinkomste oor die huurtermyn, gebaseer op 'n patroon wat 'n konstante periodieke opbrengskoers op die netto belegging in die huurkontrak weerspieël. Finansiële inkomste erken op bruikhuurkontrakte word by die beleggingsinkomste in die wins of verlies (aantekening 33) ingesluit.

Die maatskappy pas die waardedalingsbepalings van IFRS 9 toe op verhuringsdebiteure. Verwys na die rekeningkundige beleid vir handels- en ander debiteure, aangesien verhuringsdebiteure op 'n konsekwente basis met daardie rekeningkundige beleid verminder word.

1.13 Hure (vergelykende syfers IAS 17)

Die volgende rekeningkundige beleid is van toepassing op die vergelykende openbaarmaking van huurkontrakte. Die maatskappy het IFRS 16 in die huidige jaar toegepas, maar het die vergelykende syfers nie hersaamgestel nie. Hierdie rekeningkundige beleid word opgestel op grond van IAS 17. Verwys na die aantekening oor die verandering in rekeningkundige beleid vir die impak van die toepassing van IFRS 16 op hierdie finansiële state.

’n Huurkontrak word as bruikhuur geklassifiseer indien dit in wese al die risiko’s en voordele verbonde aan eienaarskap oordra. ’n Huurkontrak word as ’n bedryfshuur geklassifiseer indien dit nie in wese al die risiko’s en voordele verbonde aan eienaarskap oordra nie.

Bruikhure - verhuurder

Die groep erken bruikhure in die staat van finansiële posisie.

Finansieringsinkomste word erken op grond van ’n patroon wat ’n konstante periodieke opbrengskoers op die groep se netto belegging in die bruikhuur weerspieël.

1.13 Hure (vergelykende syfers IAS 17) (vervolg)

Bruikhure - huurder

Bruikhure word as bates en laste in die staat van finansiële posisie erken teen bedrae wat gelyk is aan die billike waarde van die gehuurde eiendom of, indien dit laer is, die huidige waarde van die minimum huurbetalings. Die ooreenstemmende aanspreeklikheid teenoor die verhuurder word as 'n bruikhuurverpligting in die staat van finansiële posisie ingesluit.

Die verdiskonteringskoers wat in die berekening van die huidige waarde van die minimum huurbetaling gebruik word, is die rentekoers wat in die huurkontrak geïmpliseer word.

Die huurbetalings word gedeel tussen die finansieringskoste en die vermindering van die uitstaande aanspreeklikheid. Die finansieringskoste word in elke tydperk in die huurtermyn toegeken ten einde 'n konstante periodieke koersverlaging op die saldo van die aanspreeklikheid te lewer.

Bedryfshure - verhuurder

Bedryfshuurinkomste word op 'n reguitlyngrondslag oor die huurtermyn as ’n inkomste erken.

Die aanvanklike direkte koste wat met die onderhandeling en reëling van bedryfshure aangegaan word, word by die drabedrag van die gehuurde bate gevoeg en op dieselfde grondslag as die huurinkomste oor die huurtermyn as ’n uitgawe erken.

Inkomste vir huurkontrakte word in wins of verlies onder inkomste erken.

Bedryfshure - huurder

Bedryfshuurbetalings word op 'n reguitlyngrondslag oor die huurtermyn as 'n uitgawe erken. Die verskil tussen die bedrae wat as 'n uitgawe erken word en die kontraktuele betalings word as 'n bedryfshuurbate erken. Die aanspreeklikheid word nie verdiskonteer nie.

Enige voorwaardelike huur word erken in wins of verlies in die tydperk waarin dit aangegaan word.

1.14 Voorraad

Voorraad (uitgesluit graanvoorraad, voertuie en onderdele) word teen die geweegde gemiddelde koste of die netto realiseerbare waarde, welke een ook al die laagste is, bereken.

Graanvoorraad word getoon teen billike waarde minus koste om te verkoop.

Voertuie en onderdele word teen die eerste-in-eerste-uit of die netto realiseerbare waarde, welke een ook al die laagste is, bereken.

Die netto realiseerbare waarde is die beraamde verkoopsprys in die gewone gang van die besigheid minus die beraamde koste van afhandeling en die beraamde koste wat nodig is om die verkoop te doen.

Die koste van voorraad bestaan uit alle verkrygingskoste, omskeppingskoste en enige ander koste wat aangegaan word om die voorraad te bring tot waar dit is en in die toestand waarin dit is.

Die koste van voorraad items wat nie gewoonlik geruil kan word nie en goedere en dienste wat vir spesifieke projekte geproduseer en afgesonder word, word toegeken deur spesifieke identifikasie van die individuele koste te gebruik.

Die voorraadkoste word toegeken deur die geweegde gemiddelde kosteformule te gebruik. Dieselfde kosteformule word gebruik vir alle voorraad met ’n soortgelyke aard en gebruik vir die entiteit.

Wanneer voorraad verkoop word, word die drabedrag van die voorraad as ’n uitgawe erken in die tydperk waarin die verwante inkomste erken word. Die bedrag van enige afwaartse waardasie van voorraad tot netto realiseerbare waarde en alle verliese van voorraad word as ’n uitgawe erken in die tydperk waarin die afwaartse waardasie of verlies plaasvind. Die bedrag van enige omswaai van enige afwaartse waardasie van voorraad voortspruitend uit ’n toename in netto realiseerbare waarde, word in die tydperk waarin dit omgeswaai word erken as ’n daling in die hoeveelheid voorraad wat as ’n uitgawe erken word.

Rekeningkundige Beleid

1.15 Waardedaling van bates

Die groep evalueer op elke verslagdoeningsdatum of daar enige aanduiding is dat ’n bate se waarde gedaal het. Indien daar enigsins so ’n aanduiding is, beraam die groep die verhaalbare bedrag van die bate.

Ongeag of daar enige aanduiding van waardedalings is, doen die groep ook die volgende:

- toets klandisiewaarde wat in ’n besigheidsamevoeging verkry is jaarliks vir waardedaling.

Indien daar enige aanduiding is dat ’n bate se waarde gedaal het, word die verhaalbare bedrag vir die individuele bate bepaal. Indien die verhaalbare bedrag van die individuele bate nie bepaal kan word nie, word die verhaalbare bedrag van die kontantgenererende eenheid waartoe die bate behoort, bepaal.

Die verhaalbare bedrag van ’n bate of ’n kontantgenererende eenheid is die billike waarde minus koste om te verkoop of die gebruikswaarde, welke een ook al die hoogste is.

Indien die verhaalbare bedrag van ’n bate minder is as die drabedrag, word die drabedrag van die bate tot die verhaalbare bedrag verminder. Dié vermindering is ’n waardedalingsverlies.

’n Waardedalingsverlies van bates wat teen kosprys minus enige opgehoopte waardevermindering of amortisasie gedra word, word onmiddellik in wins of verlies erken. Enige waardedalingsverlies van ’n herwaardeerde bate word as ’n herwaardasiedaling hanteer.

Klandisiewaarde verkry in 'n besigheidskombinasie, word vanaf die verkrygingsdatum geallokeer aan elk van die kontantgenererende eenhede of groepe van kontantgenererende eenhede, wat na verwagting bevoordeel sal word deur die sinergieë van kombinasies, ongeag of ander bates of laste van die verkryger toegeken word aan daardie eenhede of groepe van eenhede.

’n Waardedalingsverlies word vir kontantgenererende eenhede erken indien die verhaalbare bedrag van die eenheid minder is as die drabedrag van die eenhede. Die waardedalingsverlies word ook toegeken om die drabedrag van die bates van die eenheid soos volg te verminder:

- eerstens om die drabedrag van enige klandisiewaarde wat aan die kontantgenererende eenheid toegeken is, te verminder; en
- daarna pro-rata teenoor die ander bates van die eenheid op grond van die drabedrag van elke bate in die eenheid.

Die groep evalueer op elke verslagdoeningsdatum of daar enige aanduiding is dat ’n waardedalingsverlies wat in vorige tydperke vir bates, buiten klandisiewaarde, erken is, nie meer bestaan nie of kleiner is. Indien daar enigsins so ’n aanduiding is, word die verhaalbare bedrae van dié bates beraam.

Die verhoogde drabedrag van ’n bate buiten klandisiewaarde wat toeskryfbaar is aan die omswaai van ’n waardedalingsverlies is nie meer as die drabedrag wat bereken sou word indien daar in vorige jare geen waardedalingsverlies vir die bate erken is nie.

Die omswaai van ’n waardedalingsverlies van bates wat teen kosprys gedra word minus opgehoopte waardevermindering of amortisasie buiten klandisiewaarde word onmiddellik in wins of verlies erken. Enige omswaai van ’n waardedalingsverlies of ’n herwaardeerde bate word as ’n herwaardasietoename hanteer.

1.16 Aandelekapitaal en ekwiteit

’n Ekwiteitsinstrument is enige kontrak wat bewys is van ’n oorblywende belang in die bates van ’n entiteit nadat al sy laste afgetrek is.

Gewone aandele en Klas B aandele word as ekwiteit geklassifiseer.

Rekeningkundige Beleid

1.17 Werknemervoordele

Korttermynwerknemervoordele

Die koste van korttermynwerknemervoordele (dié wat betaalbaar is binne 12 maande nadat sodanige diens gelewer is soos verlof en siekverlof, bonusse en nie-monetêre voordele soos mediese sorg) word erken in die tydperk waarin die diens gelewer word en word nie verdiskonteer nie.

Die verwagte koste van betaalde afwesigheid word as ’n uitgawe erken na gelang die werknemer diens lewer wat sy/haar geregtigheid daarop verhoog, of in die geval van afwesigheid wat nie ophoop nie, wanneer die afwesigheid plaasvind.

Die verwagte koste van winsdeling en bonusbetalings word as ’n uitgawe erken wanneer daar ’n wettige of afgeleide verpligting is om sodanige betaling as gevolg van vorige prestasie te doen.

Omskrewebydraeplanne

Betalings aan omskrewebydraeplanne word as ’n uitgawe gedebiteer sodra dit betaalbaar is.

Betalings aan nywerheidsbestuurde aftreevoordeelskemas (of staatsplanne) word as omskrewebydraeplanne hanteer indien die groep se verpligting ingevolge die skemas gelyk is aan dié wat spruit uit ’n omskrewebydrae-aftreevoordeelplan.

1.18 Voorsienings en gebeurlikhede

Voorsienings word erken wanneer:

- die groep as gevolg van ’n gebeurtenis in die verlede ’n huidige verpligting het;
- ’n uitvloei van middele wat ekonomiese voordeel beliggaam waarskynlik nodig sal wees om die verpligting te vereffen; en
- ’n betroubare raming van die verpligting gedoen kan word.

Die bedrag van ’n voorsiening is die huidige waarde van die besteding wat na verwagting nodig sal wees om die verpligting na te kom.

Voorsiening word nie erken vir toekomstige verliese nie.

Indien ’n entiteit ’n kontrak het wat beswarend is, sal die huidige verpligting ingevolge die kontrak erken word as ’n voorsiening.

Na die aanvanklike erkenning daarvan word voorwaardelike aanspreeklikhede wat afsonderlik in besigheidsamevoegings erken word, gemeet teen een van die volgende, welke een ook al die hoogste is:

- die bedrag wat as ’n voorsiening erken sal word; en
- die bedrag wat aanvanklik erken is minus kumulatiewe amortisasie.

1.19 Inkomste uit kontrakte met kliënte

Die groep erken inkomste hoofsaaklik uit die volgende bronne:

1.19.1 Graan
- ¤ Graanbemarking
  - Graan verkope
- ¤ Silo's
  - Handeringsinkomste
  - Opberging
- ¤ Lusern en alternatiewe produkte
  - Verkope
  - Kontrak verkope

Rekeningkundige Beleid

1.19 Inkomste uit kontrakte met kliënte (vervolg)

1.19.2 Handel en brandstofverspreiding
- ¤ Handel
  - Handelstak en vulstasie verkope
- ¤ Brandstof verspreiding
  - Brandstof verkope
- ¤ Bandestentrum
  - Bande verkope
- ¤ Handelskorting

1.19.3 Motors en meganisasie
- Verkoop van voertuie en heelgoedere
- Dienste afdeling
- Onderdele afdeling
- ¤ Handelskorting

1.19.4 Kliëntefinansiering
- Finansieringsinkomste
- Huurkope en termynlenings
- ¤ Handelskorting

1.19.5 Nywerhede
- Verkope (Mieliemeel en koringmeel produkte)
- ¤ Handelskorting

1.19.6 Lewendehawe, wol en sybokhaar
- ¤ Lewendehawe
  - Kommissie: Veilings
  - Kommissie: Uit-die-hand transaksies (UDH)
- ¤ Gariep Abattoir
  - Verkoop van goedere
  - Voerkraal inkomste
- ¤ Wol en sybokhaar
  - Makelaarskommissie, baal tarief, sak tarief en hersortering
  - Direkte verkope van voorraad
  - Saampers en verskeping
  - Skeerdiens inkomste

1.19.7 Versekering
- Kommissie en polisfooi

1.19.8 Lojaliteitskema - agterskot

Verkope word gemeet teen die billike waarde van die teenprestasie wat ontvang is, of die vergoeding wat ontvangbaar is soos in die kontrak uiteengesit, uitgesluit bedrae verhaal namens derde partye. Die teenprestasie verteenwoordig die bedrag waarop die eniteit verwag om op geregtig te wees in ruil vir goedere en dienste. Die groep erken inkomste wanneer die beheer van 'n produk of diens aan 'n kliënt oorgedra word. Inkomste word normaalweg erken teen die vroegste van betaling of ontvangs van goedere en dienste, tensy anders bepaal in die beleid.

Betalingsbasis

Betaling word verlang voor die goedere of dienste aan die kliënt oorgedra word en is die erkening van die inkomste afhanklik van die betaling.

Ontvangsbasis

Betaling word verlang na die goedere en dienste aan die kliënt oorgedra is, dus wanneer die kliënt die goedere onmiddellik ontvang of na aflewering of met voltooiing van die diens en die erkenning van die inkomste afhanklik is van die aflewering van die goedere of voltooiing van die diens, wanneer eienaarskap oorgedra word.

1.19 Inkomste uit kontrakte met kliënte (vervolg)

1.19.1 Graan

Die groep bied 'n alles omvattende diens aan die graan- en lusernprodusent wat insluit die hantering (silodienste) van en die effektiewe bemarking van graan of lusern. Graaninkomste word erken wanneer graan/lusern aan 'n kliënt verkoop word. Graaninkomste word erken op die vroegste van betaling (betalingsbasis), aflewering of voltooiing van die diens (ontvangsbasis):

Graanbemarking / Graanverkope

Graan verkope

Ex-silo verkope (Betalingsbasis)

Graan aan kliënte verkoop gebaseer op die betalingsbasis word erken wanneer die faktuur vir die graan uitgemaak is, en die betaling daarvoor ontvang is of wanneer dit uitgeboek is teen 'n kliënt met 'n geldige kredietlimiet. Die graanvoorraad word eers aan die kliënt beskikbaar gestel sodra betaling ontvang is of wanneer dit op die kliënt se rekening uitgeboek is. Dit is die tydstip waarop die beduidende risiko en voordele wat met eienaarskap van die graan verband hou, oorgedra word. Ongeag die betalingsmetode word graaninkomste erken wanneer die betaling vir die graan ontvang is of wanneer dit op die kliënt se rekening uitgeboek is. Die groep verwag nie dat enige kontrakte, waarvan die periode vir oordrag van goedere en dienste en die eienaarskap daarvan, asook die ontvangs van betaling vanaf die kliënt, 12 maande sal oorskry nie. Die groep maak dus geen aanpassing vir die tydwaarde van geld nie.

Meuldeur verkope (Ontvangsbasis)

Graan aan kliënte verkoop gebaseer op die afleweringsbasis word erken wanneer die aflaaigewigte, wat verband hou met die vervoer van die graan tot by die kliënt se adres, ontvang word. 'n Faktuur word uitgemaak gebaseer op die aflaaigewigte. Inkomste met die verkoop van graan op die afleweringsbasis word erken wanneer die graan afgelewer is. Dit is die tydstip waarop die kliënt die graanvoorraad fisies verkry en die beduidende risiko en voordele wat met eienaarskap van die graan verband hou, oorgedra word.

Inkomste word as ontvangbaar erken wanneer goedere afgelewer is, dit is die tydstip wanneer vergoeding onvoorwaardelik geword het en dat slegs tydsverloop nodig is voor betaling verlang word. Die groep verwag nie dat enige kontrakte, waarvan die periode vir oordrag van dienste en die eienaarskap daarvan, asook die ontvangs van betaling vanaf die kliënt, 12 maande sal oorskry nie. Die groep maak dus geen aanpassing vir die tydwaarde van geld nie, aangesien die verkoop van produkte op rekening met kredietterme gemaak word, wat in ooreenstemming is met algemene praktyk.

Die teenprestasie word toegeken tussen afsonderlike produkte en dienste gebaseer op hul alleenstaande verkooppryse. Vervoerkostes vir Meuldeur verkope word by die teenprestrasie ingesluit. Vervoerkostes kan beskou word as 'n afsonderlike prestasie verpligting, maar geen afsonderlike rekeningkundige beleid word vir vervoerkostes openbaar nie, aangesien die vervoerkostes nie 'n beduidende invloed op die syfers verteenwoordig nie en vervoerkostes erken word op dieselfde wyse as Meuldeur verkope.

Silo's

Hanteringsinkomste (Ontvangsbasis)

Die groep hef tariewe op die hantering van graan by 'n silo. Die fooi word gehef op die vroegste van uitlaai van die graan, verhandeling van die graan, aan die einde van die seisoen of maandeliks. Die hanteringsfooi word gehef ten opsigte van die eienaarskap van die graan, dus wanneer die eienaar van die graan, die graan uitlaai, die eienaarskap van die graan verander wanneer die graan verhandel word, aan die einde van die seisoen indien die graan se eienaarskap onveranderd gebly het of maandeliks indien graan nie uitgelaai, verhandel of indien eienaarskap onveranderd gebly het vir 'n bepaalde maand (voorsiening). Wanneer die graan verhandel word en eienaarskap verander, word die hanteringsfooi gehef aangesien die diens as voltooi beskou word vir daardie eienaar en sal die hanteringfooi vir die nuwe eienaar gehef word op die vroegste van die uitlaai van die graan, wanneer die graan weer verhandel word, aan die einde van die seisoen of maandeliks. Inkomste word gevolglik erken op die vroegste van; uitlaai van die graan, verhandeling van die graan, einde van die seisoen of maandeliks. Dit is die tydstip wat die diens as oorgedra beskou word en wanneer vergoeding onvoorwaardelik geword het.

1.19 Inkomste uit kontrakte met kliënte (vervolg)

Inkomste word as ontvangbaar erken wanneer die diens voltooi is en eienaarskap oorgedra is. Dit is die tydstip wanneer vergoeding onvoorwaardelik geword het en dat slegs tydsverloop nodig is voor betaling verlang word. Die groep verwag nie dat enige kontrakte, waarvan die periode vir oordrag van dienste en die eienaarskap daarvan, asook die ontvangs van betaling vanaf die kliënt, 12 maande sal oorskry nie. Die groep maak dus geen aanpassing vir die tydwaarde van geld nie, aangesien die verkoop van dienste op rekening met kredietterme gemaak word, wat in ooreenstemming is met algemene praktyk.

Stoorgelde vir opberging (Ontvangsbasis)

Die groep hef stoorgelde op dagtarief of jaartarief, indien van toepassing, waar graan in die silo's gestoor word. Die stoorgelde word bereken vanaf die datum wat die graan gestoor word of vanaf die datum wat die graan verhandel word tot en met uitlaai van die graan of verandering van eienaarskap. Soortgelyk aan hanteringsinkomste (verwys hanteringsinkomste) word die fooi gehef op die vroegste van; uitlaai van die graan, verhandeling van die graan, einde van die seisoen of maandeliks. Die stoorgeld word gehef ten opsigte van die eienaarskap van die graan, dus wanneer die eienaar van die graan die graan uitlaai, die eienaarskap van die graan verander wanneer die graan verhandel word, aan die einde van die seisoen indien die graan se eienaarskap onveranderd gebly het of maandeliks indien graan nie uitgelaai, verhandel of indien eienaarskap onveranderd gebly het vir 'n bepaalde maand (voorsiening). Wanneer die graan verhandel word en eienaarskap verander, word die stoorgelde gehef aangesien die diens as voltooi beskou word vir daardie eienaar en sal die stoorgeld vir die nuwe eienaar gehef word op die uitlaai van die graan, wanneer die graan weer verhandel word, aan die einde van die seisoen of maandeliks. Inkomste word gevolglik erken op die vroegste van; uitlaai van die graan, verhandeling van die graan, einde van die seisoen of maandeliks. Dit is die tydstip wat die diens as oorgedra beskou word en wanneer vergoeding onvoorwaardelik geword het.

Inkomste word as ontvangbaar erken wanneer die diens voltooi is en eienaarskap oorgedra is. Dit is die tydstip wanneer vergoeding onvoorwaardelik geword het en dat slegs tydsverloop nodig is voor betaling verlang word. Die groep verwag nie dat enige kontrakte, waarvan die periode vir oordrag van dienste en die eienaarskap daarvan, asook die ontvangs van betaling vanaf die kliënt, 12 maande sal oorskry nie. Die groep maak dus geen aanpassing vir die tydwaarde van geld nie, aangesien die verkoop van dienste op rekening met kredietterme gemaak word, wat in ooreenstemming is met algemene praktyk.

Lusern en alternatiewe gewasse

Lusern en alternatiewe gewasse verkope

Verkope (Betalingsbasis)

Lusern aan kliënte verkoop gebaseer op die betalingsbasis word erken wanneer die faktuur, gebaseer op oplaaigewigte, vir die lusern uitgemaak is, en die betaling daarvoor ontvang is of dit op die kliënt se rekening teen 'n geldige kredietfasiliteit uitgeboek is. Die lusern word eers aan die kliënt beskikbaar gestel sodra betaling ontvang is of wanneer dit op die kliënt se rekening uitgeboek is. Dit is die tydstip waarop die beduidende risiko en voordele wat met eienaarskap van die lusern verband hou, oorgedra word. Ongeag die betalingsmetode word lusern inkomste erken wanneer die betaling vir die lusern ontvang is of wanneer dit op die kliënt se rekening uitgeboek is. Geen element van finansiering word geag teenwoordig te wees nie, aangesien betaling vereis word, voor enige oordrag van eienaarskap plaasvind.

Kontrak verkope (Ontvangsbasis)

Lusern aan kliënte verkoop gebaseer op aflewering word erken wanneer die aflaaigewigte, na die vervoer van die lusern tot by die kliënt se adres, ontvang word. 'n Faktuur word uitgemaak gebaseer op die aflaaigewigte. Inkomste met die verkoop van lusern op die ontvangsbasis word erken wanneer die lusern afgelewer is. Dit is die tydstip waarop die kliënt die lusern fisies verkry en die beduidende risiko en voordele wat met eienaarskap van die lusern verband hou, oorgedra word.

Inkomste word as ontvangbaar erken wanneer goedere afgelewer is, dit is die tydstip wanneer vergoeding onvoorwaardelik geword het en dat slegs tydsverloop nodig is voor betaling verlang word. Die groep verwag nie dat enige kontrakte, waarvan die periode vir oordrag van dienste en die eienaarskap daarvan, asook die ontvangs van betaling vanaf die kliënt, 12 maande sal oorskry nie. Die groep maak dus geen aanpassing vir die tydwaarde van geld nie, aangesien die verkoop van produkte op rekening met kredietterme gemaak word, wat in ooreenstemming is met algemene praktyk.

Vervoerkostes vir kontrak verkope word by die teenprestrasie ingesluit. Vervoerkostes kan beskou word as 'n afsonderlike prestasie verpligting, maar geen afsonderlike rekenkundige beleid word vir vervoerkostes openbaar nie, aangesien die vervoerkostes nie 'n beduidende invloed op die syfers verteenwoordig nie en vervoerkostes erken word op dieselfde wyse as die kontrak verkope.

Rekeningkundige Beleid

1.19 Inkomste uit kontrakte met kliënte (vervolg)

1.19.2 Handel en brandstofverspreiding

Handel

Handelwinkels, brandstofverspreidingspunte en bandesentrums word deur die entiteit bedryf. Na gelang van die streek waarin daar besigheid gedoen word, is alle inset-middele wat ’n boerdery benodig by die takke verkrygbaar. Brandstof word gelewer aan vulstasies, die meeste handelstakke, boere (direkte verkope) en ander eindverbruikers.

Handelstak verkope

Kontantverkope (Betalingsbasis)

Die groep se inkomste uit die verkoop van produkte word erken wanneer die handelstak 'n produk aan die kliënt verkoop. Betaling van die teenprestasie is onmiddellik ontvangbaar wanneer die kliënt eienaarskap van die produk(te) in die handelstak aanvaar, wanneer die teenprestasie in kontant of deur middel van kaartbetaling ontvang word. 'n Faktuur word uitgemaak wanneer die kliënt eienaarskap van die produk(te) in die handelstak aanvaar. Geen vorm van finansiering is teenwoordig met kontantverkope nie, aangesien betaling onmiddellik geskied.

Verkope op rekening - nie direkte bestelling (Ontvangsbasis)

Die groep se inkomste uit die verkoop van produkte word as ontvangbaar erken wanneer die entiteit die produk aan die kliënt verkoop en eienaarskap van die produk(te) in die handelstak aanvaar en kies om die teenprestasie op 'n goedgekeurde kliënterekening te plaas, indien die kliënt oor voldoende krediet beskik. 'n Faktuur word uitgemaak wanneer die kliënt eienaarskap van die produk(te) in die handelstak aanvaar. Dit is die tydstip wanneer vergoeding onvoorwaardelik geword het en dat slegs tydsverloop nodig is voor betaling verlang word. Die groep verwag nie dat enige kontrakte, waarvan die periode vir oordrag van die goedere en die eienaarskap daarvan, asook die ontvang van betaling vanaf die kliënt, 12 maande sal oorskry nie. Die groep maak dus geen aanpassing vir die tydwaarde van geld nie, aangesien die verkoop van produkte op rekening met kredietterme gemaak word, wat in ooreenstemming is met algemene praktyk.

Verkope op rekening - direkte bestelling (Ontvangsbasis)

Direkte bestelling van produkte kan slegs by wyse van 'n goedgekeurde kliënterekening geskied en indien die rekening oor voldoende krediet beskik of op 'n vooruitbetalingsbasis. Die groep se inkomste uit die verkoop van produkte op bestelling word as ontvangbaar erken wanneer die produk(te) by die kliënt se adres afgelewer word en die kliënt eienaarskap van die produk(te) aanvaar, of wanneer die kliënt eienaarskap van die produk(te) by die handelstak aanvaar en geen aflewering verlang word nie. 'n Faktuur word uitgemaak sodra goedere afgelewer is of wanneer die kliënt eienaarskap van die produk(te) by die handelstak aanvaar. Dit is die tydstip wanneer vergoeding onvoorwaardelik geword het en dat slegs tydsverloop nodig is voor betaling verlang word. Die groep verwag nie dat enige kontrakte, waarvan die periode vir oordrag van die goedere en die eienaarskap daarvan, asook die ontvangs van betaling vanaf die kliënt, 12 maande sal oorskry nie. Die groep maak dus geen aanpassing vir die tydwaarde van geld nie, aangesien die verkoop van produkte op rekening met kredietterme gemaak word, wat in ooreenstemming is met algemene praktyk.

Verkope deur middel van elektroniese oorplasing (Betalingsbasis)

Indien die kliënt verkies om 'n betaling deur elektroniese oorplasing te maak, sal die kliënt die betaling maak, gebaseer op 'n kwotasie wat vooraf aan die kliënt voorsien is. Die produk(te), waarvan betaling deur elektroniese oorplasing ontvang is, sal eers aan die kliënt oorhandig of afgelewer word, indien die betaling in die entiteit se bankrekening verskyn. Inkomste vir die verkoop van die produk(te) word erken wanneer die betaling in die entiteit se bankrekening verskyn, aangesien dit die tydstip is waarop die beduidende risiko's en voordele wat met eienaarskap van die produk(te) verband hou, oorgedra word. 'n Faktuur word uitgemaak sodra die betaling in die bankrekening verskyn. Die groep verwag nie dat enige kontrakte, waarvan die periode vir oordrag van die goedere en die eienaarskap daarvan, asook die ontvangs van betaling vanaf die kliënt, 12 maande sal oorskry nie. Die groep maak dus geen aanpassing vir die tydwaarde van geld nie, aangesien betaling vereis word, voor enige oordrag van eienaarskap sal plaasvind.

Rekeningkundige Beleid

1.19 Inkomste uit kontrakte met kliënte (vervolg)

Brandstofverspreiding

Brandstof verkope

Vulstasie en handelstak verkope

Brandstof verkoop deur 'n vulstasie of handelstak word op dieselfde wyse erken soos verkope deur die handelstak. Verwys na handelstak verkope soos hierbo uiteengesit.

Direkte verkope - direkte bestelling (Ontvangsbasis)

Direkte bestelling van brandstof kan slegs by wyse van 'n goedgekeurde kliënterekening geskied en indien die rekening oor voldoende krediet beskik. Brandstof word direk vanaf die verspreidings sentrum by die kliënt se adres afgelewer. Die groep se inkomste uit die verkoop van brandstof op bestelling word as ontvangbaar erken wanneer die brandstof by die kliënt se adres afgelewer word en die kliënt eienaarskap van die brandstof aanvaar. 'n Faktuur word uitgemaak sodra die brandstof afgelewer en die kliënt eienaarskap van die brandstof aanvaar. Dit is die tydstip wanneer vergoeding onvoorwaardelik geword het en dat slegs tydsverloop nodig is voor betaling verlang word. Die groep verwag nie dat enige kontrakte, waarvan die periode vir oordrag van die goedere en eienaarskap daarvan, asook die ontvangs van betaling vanaf die kliënt, 12 maande sal oorskry nie. Die groep maak dus geen aanpassing vir die tydwaarde van geld nie, aangesien die verkoop van brandstof op rekening met kredietterme gemaak word, wat in ooreenstemming is met algemene praktyk.

Bandesentrum

Bande verkope

Bande en/of bandedienste verkoop deur 'n bandesentrum word op dieselfde wyse erken soos verkope deur die handelstak, aangesien 'n betalingswyse verlang word voor bande en/of bandedienste ontvang sal word. Verwys na handelstak verkope soos hierbo uiteengesit.

Handelskorting

Goedere word verkoop met handelskortings vir mark mededingendheid. Verkope van goedere word erken teen die vergoeding soos in die kontrak uiteengesit, na die aftrekking van handelskorting. Verkoopservaring en onderhandeling vir mark mededingendheid word gebruik om die korting te bepaal. Korting word deur bedryfspuntbestuurders bepaal en is beperk tot die winsgrens van die produkte en dienste. Korting word toegedeel na elke produk se alleenstaande verkoopsprys. Inkomste word slegs erken indien dit hoogs onwaarskynlik is dat die terugskryf van die korting sal plaasvind.

1.19.3 Motors en meganisasie

Die groep besit en bedryf Toyota voertuigagentskappe. Nuwe en gebruikte voertuie kan by die handelaars aangekoop word met of sonder aflewering.'n Volledige diens- en onderdele afdeling, is eweneens tot die kliënt se beskikking.

Meganisasie bied 'n volledige produkreeks (heelgoedere) en diens aan landbouers binne die bedienings-area ten opsigte van die bemarking van heelgoedere en onderdele, asook werkswinkelfasiliteite. Meganisasie bedryf agentskappe vir Claas, Massey Ferguson, Challenger en ander produkte.

Die verkoop van voertuie en heelgoedere word onder dieselfde beleid geopenbaar aangesien die inkomste op dieselfde wyse erken word.

Rekeningkundige Beleid

1.19 Inkomste uit kontrakte met kliënte (vervolg)

Verkoop van voertuie en heelgoedere

Plaaslike verkope (Betalingsbasis)

Die groep verkry inkomste uit die verkoop van nuwe en gebruikte voertuie en heelgoedere. Verkope word behartig deur 'n verkoopsagent. Voertuie en heelgoedere kan aangekoop word deur middel van kontant, op rekening, elektroniese oorplasing, eksterne finansieringsentiteite of deur gebruik te maak van Oos Vrystaat Kaap Bedryf Beperk se kliëntefinansiering afdeling. Ongeag die betalingsmetode word die voertuig en heelgoedere slegs oorhandig indien die betaling in die entiteit se bankrekening verskyn of indien dit gefinansier word wanneer skriftelike toestemming vanaf die finansierder ontvang is. Indien die finansiering deur Oos Vrystaat Kaap Bedryf Beperk se kliëntefinansiering afdeling behartig word, is slegs goedkeuring nodig. Hierdie goedkeuring sal op kliëntefinansiering se klientelêer geplaas word. Inkomste uit die verkoop van voertuie en heelgoedere word erken wanneer die betaling in die entiteit se bankrekening verskyn of die nodige goedkeuring vanaf die kliëntefinansieringsafdeling ontvang is, aangesien dit die tydstip is waarop die beduidende risiko en voordele wat met eienaarskap van die voertuig en heelgoedere verband hou, oorgedra word. 'n Faktuur word uitgemaak sodra die betaling in die bankrekening verskyn. Die groep verwag nie dat enige kontrakte, waarvan die periode vir oordrag van die goedere en die eienaarskap daarvan, asook die ontvangs van betaling vanaf die kliënt, 12 maande sal oorskry nie. Die groep maak dus geen aanpassing vir die tydwaarde van geld nie, aangesien betaling of goedkeuring vereis word, voor enige oordrag van eienaarskap. Oos Vrystaat Kaap Bedryf Beperk se kliëntefinansieringsafdeling is 'n afsonderlike afdeling binne die entiteit en word dit nie beskou as 'n finansieringselement vir voertuig- en heelgoedere verkope nie. Verwys na kliëntfinansiering, vir elemente van finansiering.

Lesotho verkope (Ander)

Voertuie wat aan Lesotho kliënte verkoop word, waar die voertuig gefinansier word, geskied aflewering voor betaling omdat die voertuig eers in Lesotho geregistreer moet word. Die voertuig word slegs afgelewer indien bevestiging van betaling van die voertuig vanaf die eksterne finansierder of Oos Vrystaat Kaap Bedryf Beperk se kliëntefinansieringsafdeling ontvang word. Die inkomste vir die verkoop van voertuie aan Lesotho kliënte vir registrasie in Lesotho word erken sodra bevestiging van betaling van die voertuig ontvang is, afgelewer en geregistreer is. Dit is die tydstip wanneer die beduidende risiko en voordele wat met eienaarskap van die voertuig verband hou, oorgedra word en wanneer vergoeding onvoorwaardelik geword het. Slegs tydsverloop is nodig voor betaling verlang word. Die groep verwag nie dat enige kontrakte, waarvan die periode vir oordrag van goedere en die eienaarskap daarvan, asook die ontvang van betaling vanaf die kliënt, 12 maande sal oorskry nie. Die groep maak dus geen aanpassing vir die tydwaarde van geld nie, aangesien aflewering op voorwaarde, dat betaling gemaak sal word, geskied en betaling vereis word onmiddellik na aflewering. Vir voertuie wat nie gefinansier word nie, word die inkomste erken soos plaaslike verkope erken word.

Indien heelgoedere onderhewig is aan registrasie en verkoop word aan Lesotho kliënte, word die inkomste uit die verkoop van die heelgoedere erken op dieselfde wyse as die voertuig verkope.

Waarborge en onderhoudsplanne

Indien 'n voertiug of heelgoedere verkoop word met 'n waarborg- en of 'n onderhoudsdiensplan, word die inkomste erken wanneer die verkoop van die voertuig of heelgoedere erken word. Dit is die tydstip waarop die beduidende risiko en voordele wat met eienaarskap van die waarborg en of onderhoudsplan verband hou, oorgedra word. By die verkoop van die voertuig of heelgoedere word die teenprestasie vir die waarborg en of die onderhoudsplan, by die verkoopsprys ingesluit. Die kliënt het 'n afdwingbare reg om die diens vir waarborg- en of onderhoudsplan-werk te ontvang sodra die eienaarskap van die waarborg en of onderhoudsplan aan hom oorgedra is tydens die verkoop. Verwys na plaaslike verkope en Lesotho verkope hierbo vir wanneer eienaarskap met bepaalde verkope oorgaan en inkomste erken word vir waarborg- en onderhoudsplandienste.

Handelskorting

Voetuie en heelgoedere word verkoop met handelskortings vir mark mededingendheid. Verkope van voertuie en heelgoedere word erken teen die vergoeding soos in die kontrak uiteengesit, na die aftrekking van handelskorting. Verkoopservaring en onderhandeling vir mark mededingendheid word gebruik om die korting te bepaal. Korting word deur bedryfspuntbestuurders bepaal en is beperk tot die winsgrens. Korting word toegestaan op die voertuig of heelgoedere se verkoopsprys. Inkomste word slegs erken indien dit hoogs onwaarskynlik is dat die terugskryf van die korting sal plaasvind.

1.19 Inkomste uit kontrakte met kliënte (vervolg)

Dienste afdeling (Voertuie en Heelgoedere)

Inkomste vir dienste word erken wanneer die diens op die voertuig of heelgoedere afgehandel is of die onderdele geïnstalleer is, aangesien dit die tydstip is waarop die prestasieverpligting voltooi is en betaling onvoorwaardelik geword het en dat slegs tydsverloop nodig is voor betaling verlang word. Die groep verwag nie dat enige kontrakte, waarvan die periode vir oordrag van die dienste en die eienaarskap daarvan, asook die ontvangs van betaling vanaf die kliënt, 12 maande sal oorskry nie. Die groep maak dus geen aanpassing vir die tydwaarde van geld nie, aangesien die dienste met kredietterme gemaak word, wat in ooreenstemming is met algemene praktyk.

Wanneer 'n diens, hetsy dit as waarborg-, onderhoudsplan-, nie waarborg- of nie onderhoudsplan-dienste uitgevoer word, boek die werkswinkel die nodige onderdele by die onderdele afdeling uit. Die onderdele wat uitgeboek is word saam met die diens op een dienskaart verwerk en gefaktureer na voltooiing van die diens. Inkomste met die oorboek van onderdele aan die werkswinkel word erken wanneer die spesifieke diens se inkomste erken word, gevolglik word die onderdele se inkomste erken wanneer die diens voltooi is as deel van die diens en nie as afsonderlike onderdele nie. Verwys na waarborg- en onderhoudsplan-dienste en nie waarborg- en onderhoudsplan dienste wat hierna volg.

Waarborg- en onderhoudsplan dienste (Betalingsbasis)

Indien waarborg- of onderhoudwerk op 'n voertuig of heelgoedere uitgevoer word, word die inkomste erken wanneer die verkoop van die voertuig of heelgoedere erken word. Dit is die tydstip waarop die beduidende risiko en voordele wat met eienaarskap van die waarborg en of onderhoudsplan verband hou, oorgedra word. By die verkoop van die voertuig of heelgoedere word die teenprestasie vir die waarborg en of die onderhoudsplan, by die verkoopsprys ingesluit. Die kliënt het 'n afdwingbare reg om die diens vir die waarborg- en of onderhoudsplan werk te ontvang sodra die eienaarskap van die waarborg en of onderhoudsplan aan hom oorgedra is tydens die verkoop. Kostes wat verband hou met die waarborg- en onderhoudsplan dienste word eenmalig in die maand wat die waarborg- en onderhoudsplan dienste uitgevoer is verhaal vanaf die hoof agentskappe. Verwys na plaaslike verkope en Lesotho verkope hierbo wanneer eienaarskap met die spesifieke verkoop oorgaan en inkomste erken word vir waarborg- en onderhoudsplan-dienste.

Nie waarborg- en onderhoudsplan dienste (Betaling en Ontvangsbasis)

Die agentskappe se diens- en onderdele afdelings voorsien ook dienswerk vir kleinhandel en dag tot dag instap kliënte. Die dienste word nie uitgevoer op grond van waarborge of diensplanne nie. Wanneer nie waarborg- of nie onderhoudsplan dienste uitgevoer word, boek die werkswinkel die nodige onderdele by die onderdele afdeling uit. Die diens en onderdele word as 'n enkel prestasie verpligting beskou en word die inkomste vir onderdele en die diens saam as 'n diens erken. Inkomste vir dienste word erken sodra die diens voltooi is. Dit is die tydstip wat betaling onvoorwaardelik geword het en die beduidende risiko en voordele wat met eienaarskap van die diens verband hou, oorgedra word. Die entiteit verwag nie dat enige kontrakte, waarvan die periode vir oordrag van dienste en die eienaarskap daarvan, asook die ontvangs van betaling vanaf die kliënt, 12 maande sal oorskry nie. Die groep maak dus geen aanpassing vir die tydwaarde van geld nie, aangesien slegs tydsverloop nodig is voor betaling verlang word.

Kontant en kaart verkope: Nie waarborg- en onderhoudsplan dienste (Betalingsbasis)

Die groep se inkomste uit die verkoop van dienste word erken wanneer die diens voltooi is en die betaling vir die diens ontvang is. Betaling van die teenprestasie is onmiddellik ontvangbaar wanneer die kliënt eienaarskap van die diens by die diens- en onderdele afdeling aanvaar, wanneer die teenprestasie in kontant of deur middel van kaartbetaling ontvang word.

Verkope op rekening: Nie waarborg- en onderhoudsplan dienste (Ontvangsbasis)

Die groep se inkomste uit die verkoop van dienste word as ontvangbaar erken wanneer die diens voltooi is en die kliënt kies om die teenprestasie op rekening te plaas. Dit is die tydstip wanneer vergoeding onvoorwaardelik geword het en dat slegs tydsverloop nodig is voor betaling verlang word. Die groep verwag nie dat enige kontrakte, waarvan die periode vir oordrag van dienste en die eienaarskap daarvan, asook die ontvangs van betaling vanaf die kliënt, 12 maande sal oorskry nie. Die groep maak dus geen aanpassing vir die tydwaarde van geld nie, aangesien die verkoop van dienste op rekening met kredietterme gemaak word, wat in ooreenstemming is met algemene praktyk.

Rekeningkundige Beleid

1.19 Inkomste uit kontrakte met kliënte (vervolg)

Verkope deur elektroniese oorplasing: Nie waarborg- en onderhoudsplan dienste (Betalingsbasis)

Indien die kliënt verkies om betaling deur elektroniese oorplasing te doen, sal die kliënt die betaling doen, gebaseer op 'n kwotasie wat vooraf aan die kliënt voorsien is. Die diens, waarvan betaling deur elektroniese oorplasing ontvang is, sal eers aan die kliënt oorhandig word indien die betaling in die entiteit se bankrekening verskyn. Inkomste vir die verkoop van dienste word erken wanneer die betaling in die entiteit se bankrekening verskyn, aangesien dit die tydstip is waarop die beduidende risiko en voordele wat met eienaarskap van die dienste verband hou, oorgedra word. 'n Faktuur word uitgemaak sodra die betaling in die bankrekening verskyn. Die groep verwag nie dat enige kontrakte, waarvan die periode vir oordrag van dienste en die eienaarskap daarvan, asook die ontvangs van betaling vanaf die kliënt, 12 maande sal oorskry nie. Die groep maak dus geen aanpassing vir die tydwaarde van geld nie, aangesien betaling vereis word, voor enige oordrag van eienaarskap geskied.

Onderdele afdeling (Voertuie en Heelgoedere)

Kontant en kaart verkope (Betalingsbasis)

Die groep se inkomste uit die verkoop van onderdele word erken wanneer die onderdele afdeling 'n produk aan die kliënt verkoop. Betaling van die teenprestasie is onmiddellik ontvangbaar wanneer die kliënt eienaarskap van die onderdele by die onderdele afdeling aanvaar, met die aankoop van die onderdele, wanneer die teenprestasie in kontant of deur middel van kaartbetaling ontvang word.

Verkope op rekening (Ontvangsbasis)

Die groep se inkomste uit die verkoop van onderdele word as ontvangbaar erken wanneer die onderdele afdeling die onderdele aan die kliënt verkoop en eienaarskap van die onderdele by die onderdele afdeling aanvaar word en kies die kliënt om die teenprestasie op rekening te plaas. Dit is die tydstip wanneer vergoeding onvoorwaardelik geword het en dat slegs tydsverloop nodig is voor betaling verlang word. Die groep verwag nie dat enige kontrakte, waarvan die periode vir oordrag van die goedere en die eienaarskap daarvan, asook die ontvangs van betaling vanaf die kliënt, 12 maande sal oorskry nie. Die groep maak dus geen aanpassing vir die tydwaarde van geld nie, aangesien die verkoop van produkte op rekening met krediettterme gemaak word, wat in ooreenstemming is met algemene praktyk.

Verkope deur elektroniese oorplasing (Betalingsbasis)

Indien die kliënt verkies om betaling deur elektroniese oorplasing te doen, sal die kliënt die betaling doen, gebaseer op 'n kwotasie wat vooraf aan die kliënt voorsien is. Die onderdele, waarvan betaling deur elektroniese oorplasing ontvang is, sal eers aan die kliënt oorhandig word indien die betaling in die groep se bankrekening verskyn. Inkomste vir die verkoop van onderdele word erken wanneer die betaling in die entiteit se bankrekening verskyn, aangesien dit die tydstip is waarop die beduidende risiko en voordele wat met eienaarskap van die onderdele verband hou, oorgedra word. 'n Faktuur word uitgemaak sodra die betaling in die bankrekening verskyn. Die groep verwag nie dat enige kontrakte, waarvan die periode vir oordrag van dienste en die eienaarskap daarvan, asook die ontvangs van betaling vanaf die kliënt, 12 maande sal oorskry nie. Die groep maak dus geen aanpassing vir die tydwaarde van geld nie, aangesien betaling vereis word, voor enige oordrag van eienaarskap plaasvind.

Handelskorting

Goedere en dienste word verkoop met handelskortings vir mark mededingendheid. Verkope van goedere en dienste word erken teen die vergoeding soos in die kontrak uiteengesit, na die aftrekking van handelskorting. Verkoopservaring en onderhandeling vir mark mededingendheid word gebruik om die korting te bepaal. Korting word deur bedryfspuntbestuurders bepaal en is beperk tot die winsgrens van die produkte en dienste. Korting word toegedeel na elke produk se alleenstaande verkoopsprys. Inkomste word slegs erken indien dit hoogs onwaarskynlik is dat die terugskryf van die korting sal plaasvind.

Rekeningkundige Beleid

1.19 Inkomste uit kontrakte met kliënte (vervolg)

1.19.4 Kliëntefinansiering

Die groep bedryf 'n kliëntefinansieringsafdeling met die doelwit om die nodige kredietfasiliteite aan kliënte beskikbaar te stel sodat alle produkte en dienste, wat deur die entiteit gebied word, tot die kliënt se voordeel benut kan word. 'n Verskeidenheid van finansieringsprodukte met onderskeibare voorwaardes en termes is beskikbaar, naamlik:

- Maandrekeninge
- Produksierekeninge (somer, winter, 3-, 6-, 9- of 12 maande);
- Huurkooprekeninge (nuwe of tweedehandse voertuie, heelgoedere en implemente);
- Termynlenings (vee, kalk, omheiningsmateriaal, konsolidasie, presisieboerdery - maksimum periode 5 jaar);
- Voorskotte op vesellewerings;
- Oorbruggingsfasiliteite op grond van meriete is beskikbaar.

Finansieringsinkomste (Ontvangsbasis)

Rente word daagliks gehef op alle rekeninge (soos hierbo genoem, uitgesluit huurkope en termynlenings) vanaf die datum wat krediet voorsien word. Rente verdien op die rekening word erken op die laaste dag van die maand en gekapitaliseer in die maand wat dit oploop; as die som totaal van die daaglikse rente wat op die rekening bereken is. Geen rente word gekapitaliseer en erken indien die voorwaardes, om sodanige renteheffing te voorkom, nagekom is nie. Rente word erken op die laaste dag van die maand of in die geval van vroeë vereffening op daardie datum, aangesien dit die tydstip is waarop die kredietfasiliteit gelewer is en die eienaarskap wat met die diens verband hou aan die kliënt oorgedra is. Dit is die tydstip wanneer vergoeding onvoorwaardelik geword het en dat slegs tydsverloop nodig is voor betaling verlang word. Geen aanpassing vir die tydwaarde van geld word gemaak nie aangesien rente maandeliks gekapitaliseer en erken word soos wat die diens voorsien is.

Huurkope en termynlenings (Betalingsbasis)

Die groep verkoop nuwe of tweedehandse voertuie en implemente op huurkope en ander produkte op termynlenings. Die groep erken inkomste op huurkope en termynlenings wanneer die kliënte besit van die voertuig of goedere aanvaar. Vir goedere wat op huurkope of termynlenings verkoop word betaal die kliënt in gelyke paaiemente (maandeliks, kwartaalliks, halfjaarliks, jaarliks). Kontrak bates word erken wanneer die kliënt besit van die voertuig of goedere aanvaar. Die groep evalueer huurkope en termynlenings om te bepaal of die kontrakte beduidende elemente van finansiering bevat. Die groep maak gebruik van 'n prakties toepaslike metode wat die entiteit toelaat om geen aanpassings op die transaksie prys te maak indien die entiteit verwag dat enige kontrakte, waarvan die periode vir oordrag van goedere en die eienaarskap daarvan, asook die ontvang van betaling vanaf die kliënt nie 12 maande sal oorskry nie. Vir kontrakte wat beduidende elemente van finansiering bevat (die kosprys in die kontrak gekapitaliseer met rente wat ontvangbaar is oor die termyn van die kontrak) word die kosprys verminder en word die rente erken oor die tydperk tussen voldoening aan die verwante prestasieverpligting en betaling daarvan in paaiemente deur die kliënt. Geen aanpassing vir die tydwaarde van geld word gemaak nie aangesien rente oor die termyn van die kontrak bereken word.

Handelskorting

Geen korting word deur die finansieringsafdeling toegestaan nie, aangesien goedere wat gefinansier word reeds teen die kosprys soos in die kontrak uiteengesit gefinansier word. Die kosprys wat gefinansier word is na die aftrekking van die korting deur die onderskeie afelings toegestaan, indien van toepassing.

Vir korting toegestaan deur die onderskeie afdelings word goedere verkoop met handelskortings vir mark mededingendheid. Verkope van goedere word erken teen die vergoeding soos in die kontrak uiteengesit, na die aftrekking van handelskorting en voor die berekening van die finansierings komponent. Verkoopservaring en onderhandeling vir mark mededingendheid word gebruik om die korting te bepaal. Korting word deur bedryfspuntbestuurders bepaal en is beperk tot die winsgrens. Korting word toegestaan op die goedere se verkoopsprys. Inkomste word slegs erken indien dit hoogs onwaarskynlik is dat die terugskryf van die korting sal plaasvind.

1.19.5 Nywerhede

Die groep bedryf twee onderskeibare maalaanlegte vir die vervaardiging van beide koring- en mieliemeel produkte. Graan word daagliks vermaal en verpak namate bestellings vir produkte ontvang word. Inkomste word erken op die vroegste van betaling of aflewering. Aflewering word beskou as die punt waar goedere by die meule gelaai, getel en gefaktureer word. Gelaai word beskou as ekstern of intern, waar die kliënt eie vervoer voorsien of waar die goedere namens die kliënt vervoer word. Die teenprestasie van vervoer word eksklusief of inklusief in die kontrak ingesluit afhangend van die laasgenoemde.

1.19 Inkomste uit kontrakte met kliënte (vervolg)

Die verkope van die meule word onder dieselfde beleid geopenbaar aangesien die inkomste op dieselfde wyse erken word.

Verkope (Mieliemeel en Koringmeel produkte)

Kontantverkope (Betalingsbasis)

Verkope word as kontantverkope beskou indien die betaling verlang word, alvorens goedere afgelewer sal word. Ongeag die betalingsmetode moet die betaling vir die goedere eers in die groep se bankrekening verskyn voor die goedere afgelewer sal word. Inkomste word erken sodra die betaling ontvang is, aangesien dit die tydstip is waarop die oordrag van die goedere onvoorwaardelik geword het en die beduidende risiko en voordele wat met eienaarskap van die produkte verband hou, oorgedra word. Geen element van finansiering word geag teenwoordig te wees nie, aangesien betaling vereis word, voor enige oordrag van eienaarskap geskied.

Verkope op rekening (Ontvangsbasis)

Direkte bestelling van produkte kan slegs by wyse van 'n goedgekeurde kliënterekening geskied en indien die rekening oor voldoende krediet beskik. Die groep se inkomste uit die verkoop van vervaardigingsprodukte word as ontvangbaar erken wanneer die produkte afgelewer word en die faktuur uitgemaak is. Dit is die tydstip wanneer vergoeding onvoorwaardelik geword het en dat slegs tydsverloop nodig is voor betaling verlang word. Die groep verwag nie dat enige kontrakte, waarvan die periode vir oordrag van die goedere en die eienaarskap daarvan, asook die ontvangs van betaling vanaf die kliënt, 12 maande sal oorskry nie. Die groep maak dus geen aanpassing vir die tydwaarde van geld nie, aangesien die verkoop van produkte op rekening met kredietterme gemaak word, wat in ooreenstemming is met algemene praktyk.

Handelskorting

Goedere word verkoop met handelskortings vir mark mededingendheid. Verkope van goedere word erken teen die vergoeding soos in die kontrak uiteengesit, na die aftrekking van handelskorting. Verkoopservaring en onderhandeling vir mark mededingendheid word gebruik om die korting te bepaal. Korting word deur bedryfspuntbestuurders bepaal en is beperk tot die winsgrens van die produkte. Korting word toegedeel na elke produk se alleenstaande verkoopsprys. Inkomste word slegs erken indien dit hoogs onwaarskynlik is dat die terugskryf van die korting sal plaasvind.

1.19.6 Lewendehawe, wol en sybokhaar

Lewendehawe

Die groep se lewendehawe afdeling bied tegniese- en bemarkingsdienste en vestig homself in die veilingsbedryf. Die groep se hoofinkomste ten opsigte van lewendehawe word verkry uit die aanbieding van veilings en dag-tot-dag uit-die-hand transaksies. Inkomste uit veilings word verkry deur makelaarsdienste te verskaf en word erken met die afrekening van die veiling. Makelaarskommissie word verdien deur stoetvee-, landboumasjinerie-, staak boerdery-, produksie-, slagvee-, eiendoms- en wildveilings. Inkomste verkry uit, uit-die-hand transaksies word daagliks erken.

Kommissie: Veilings (Ontvangsbasis)

Inkomste verkry uit veilings deur makelaarsdienste aan te bied word erken na afloop van die veiling wanneer die veiling afgereken word. Die teenprestasie vir die diens gelewer is markverwant en word erken as 'n persentasie van die omset van die veiling wat die som van al die bodwaardes wat op die veiling gesluit word, verteenwoordig. Inkomste verkry vir die lewering van die diens, word erken op die dag van die veiling wanneer die hoogste bod afgesluit en al die bod waardes op die katalogus aangeteken is, aangesien dit die tydstip is wanneer eienaarskap en beheer van die goedere oorgedra word en 'n onvoorwaardelike reg om vergoeding te ontvang ontstaan. 'n Ooreenstemmende faktuur word vanaf die katalogus uitgemaak en die entiteit erken dus inkomste vir dié dienste soos wat die diens gelewer word na die afrekening van die veiling op die datum wat die veiling gehou is.

Inkomste word as ontvangbaar erken wanneer die dienste gelewer is na die afrekening van die veiling, omdat dit die tydstip is wanneer vergoeding onvoorwaardelik geword het en dat slegs tydsverloop nodig is voor betaling verlang word. Die groep verwag nie dat enige kontrakte, waarvan die periode vir oordrag van dienste en die eienaarskap daarvan, asook die ontvangs van betaling vanaf die kliënt, 12 maande sal oorskry nie. Die groep maak dus geen aanpassing vir die tydwaarde van geld nie, aangesien die dienste met kredietterme gemaak word, wat in ooreenstemming is met algemene praktyk.

1.19 Inkomste uit kontrakte met kliënte (vervolg)

Kommissie: Uit-die-hand transaksies (UDH) (Ontvangsbasis)

Inkomste verkry uit, uit-die-hand transaksies, word daagliks erken wanneer die ooreenkoms tussen die koper en verkoper aanvaar word. 'n Faktuur word uitgemaak na die aanvaarding van die ooreenkoms en het die koper, volgens beleid, 7 dae om die betaling te maak. Geen vee word deur die koper ontvang indien die betaling nie gemaak is nie. Inkomste word erken wanneer die betaling ontvang is, aangesien dit die tydstip is waarop die beduidende risiko en voordele wat met eienaarskap van die vee verband hou, oorgedra word.

Inkomste word as ontvangbaar erken wanneer die ooreenkoms deur beide partye aanvaar word en die ooreenstemmende faktuur uitgemaak is, omdat dit die tydstip is wanneer vergoeding onvoorwaardelik geword het en dat slegs tydsverloop nodig is voor betaling verlang word. Die groep verwag nie dat enige kontrakte, waarvan die periode vir oordrag van dienste en die eienaarskap daarvan, asook die ontvang van betaling vanaf die kliënt, 12 maande sal oorskry nie. Die groep maak dus geen aanpassing vir die tydwaarde van geld nie, aangesien die dienste met kredietterme gemaak word, wat in ooreenstemming is met algemene praktyk.

Handelskorting

Goedere word verkoop met handelskortings vir mark mededingendheid. Verkoopservaring en onderhandeling vir mark mededingendheid word gebruik om die korting te bepaal. Korting word deur bedryfspuntbestuurders bepaal. Korting word toegedeel na die prestasie verpligting se alleenstaande verkoopsprys, as 'n persentasie van die prestasie verpligting. Inkomste word by die transaksie prys ingesluit en erken, al word inkomste teruggeskryf, aangesien die terugskrywing (terugbetaling) binne die finansiële jaar plaasvind.

Gariep Abattoir

Die groep bedryf 'n abattoir wat groot- sowel as kleinhandelverkope hanteer. Die abattoir is ’n hoëdeurset-fasiliteit wat jaarliks FSA-geoudit word. Die huidige gradering is ’n A, wat hul magtig om vleis aan kettingwinkelgroepe te lewer. Die abattoir bied ’n verskeidenheid dienste wat wissel van skaap, bees, volstruis of kleinwild.

Verkope (Ontvangsbasis)

Verkope van karkasse deur die abattoir geslag en gelewer, word erken wanneer die karkasse afgelewer word. Dit is die tydstip wat die fisiese besit van die karkasse oorgedra is en vergoeding onvoorwaardelik geword het en dat slegs tydsverloop nodig is voor betaling verlang word. Die groep verwag nie dat enige kontrakte, waarvan die periode vir oordrag van karkasse en die eienaarskap daarvan, asook die ontvangs van betaling vanaf die kliënt, 12 maande sal oorskry nie. Die groep maak dus geen aanpassing vir die tydwaarde van geld nie, aangesien die goedere verkoop word met kredietterme, wat in ooreenstemming is met algemene praktyk.

Lewendehawe voerkraal

Addisioneel tot lewendehawe bedryf die groep 'n voerkraal waar vee gereed gemaak word vir die slagproses.

Voerkraal inkomste (Ontvangsbasis)

Voerkraal inkomste word erken wanneer 'n kraal afgesluit word en al die vee aan die slagpale gelewer is om geslag te word. Dit is die tydstip wat die diens, om vee slag gereed te kry, voltooi is en die fisiese besit van die vee oorgedra is. Vergoeding is onvoorwaardelik en slegs tydsverloop is nodig voor betaling verlang word. Die groep verwag nie dat enige kontrakte, waarvan die periode vir oordrag van goedere en dienste en die eienaarskap daarvan, asook die ontvangs van betaling vanaf die kliënt, 12 maande sal oorskry nie. Die groep maak dus geen aanpassing vir die tydwaarde van geld nie, aangesien die dienste met kredietterme gemaak word, wat in ooreenstemming is met algemene praktyk.

Rekeningkundige Beleid

1.19 Inkomste uit kontrakte met kliënte (vervolg)

Wol en sybokhaar

Makelaarskommissie, baal-, sak- en hersorteringstarief (Ontvangsbasis)

Die groep verskaf makelaarsdienste (vir makelaarskommissie, 'n baal of sak tarief, hersortering en sortering) wat beskou word as 'n enkele prestasieverpligting, aangesien almal erken word na afloop van die veilingproses. Makelaarskommissie word verdien deur die verkoop van vesel (wol en bokhaar), namens produsente, op veilings. 'n Baal of sak tarief word gehef vir die hantering per baal of sak vesel hanteer. Hersortering word gehef per kilogram vesel en word gesien as 'n waarde-toevoegingsdiens om die gehalte van die vesel wat by die veiling aangebied word, te verbeter. Die makelaarskommissie, baal tarief en of sak tarief en hersortering, word as 'n omvattende makelaarsdiens deur kliënte ontvang ten spyte van die aard van die dienste en word gevolglik beskou as 'n enkele prestasie verpligting. Baal tarief, sak tarief en hersortering word beskou as 'n waarde-toevoegingsdiens.

Die groep erken inkomste vir dié dienste soos wat die diens gelewer word na die afrekening van die veiling, op die datum wat die veiling gehou is.

Inkomste word as ontvangbaar erken wanneer die dienste gelewer is na die afrekening van die veiling, omdat dit die tydstip is wanneer vergoeding onvoorwaardelik geword het en dat slegs tydsverloop nodig is voor betaling verlang word. Die groep verwag nie dat enige kontrakte, waarvan die periode vir oordrag van dienste en die eienaarskap daarvan, asook die ontvangs van betaling vanaf die kliënt, 12 maande sal oorskry nie. Die groep maak dus geen aanpassing vir die tydwaarde van geld nie, aangesien die dienste met kredietterme gemaak word, wat in ooreenstemming is met algemene praktyk.

Direkte verkope van voorraad (Ontvangsbasis)

Die groep verkoop eie veselvoorraad op veilings. Kliënte word die geleentheid gegun om vooraf na die vesel, gehou in die entiteit se store, en of na veselmonsters aangebied tydens die veiling te kyk. Die teenprestasie vir vesel is markverwant en word erken teen die waarde waarteen die bod op die veiling gesluit word. Inkomste verkry deur die verkoop van vesel op veilings, word erken op die dag van die veiling wanneer die hoogste bod afgesluit en die bod op die katalogus aangeteken is, aangesien dit die tydstip is waarop die beduidende risiko en voordele wat met eienaarskap van die vesel verband hou, oorgedra word.'n Ooreenstemmende faktuur word vanaf die katalogus uitgemaak met afrekening van die veiling.

Inkomste word as ontvangbaar erken sodra die bod afgesluit en op die katalogus aangeteken is. Dit is die tydstip wanneer vergoeding onvoorwaardelik geword het en dat slegs tydsverloop nodig is voor betaling verlang word. Die groep verwag nie dat enige kontrakte, waarvan die periode vir oordrag van goedere en die eienaarskap daarvan, asook die ontvangs van betaling vanaf die kliënt, 12 maande sal oorskry nie. Die groep maak dus geen aanpassing vir die tydwaarde van geld nie, aangesien goedere verkoop word met kredietterme, wat in ooreenstemming is met algemene praktyk.

Saampers en verskeping (Ontvangsbasis)

Die groep bied persdienste aan wat wol bale saampers en gereedmaak vir vervoer of verskeping. Inkomste vir pers en verskeping word erken wanneer al die bale van die kliënt gepers en gereed is vir vervoer. Dit is die tydstip wat die diens voltooi is en betaling vir die diens onvoorwaardelik geword het. 'n Faktuur word met die voltooiing van die diens uitgemaak vir al die voltooide bale. Geen betalingsverpligting ontstaan voor die volle diens nie voltooi is nie. Die diens word as voltooi beskou wanneer al die wol bale ten opsigte van die bepaalde verkoop gereed is vir verskeping. Die groep verwag nie dat enige kontrakte, waarvan die periode vir oordrag van dienste en die eienaarskap daarvan, asook die ontvang van betaling vanaf die kliënt, 12 maande sal oorskry nie. Die groep maak dus geen aanpassing vir die tydwaarde van geld nie, aangesien die dienste met kredietterme gemaak word, wat in ooreenstemming is met algemene praktyk.

Handelskorting

Korting word op wol verkope toegestaan. Verkoopservaring en onderhandeling vir mark mededingendheid word gebruik om die korting te bepaal. Korting word deur bedryfspuntbestuurders bepaal. Korting word toegedeel na die prestasie verpligting se alleenstaande verkoopsprys, as 'n persentasie van die prestasie verpligting. Inkomste word by die transaksie prys ingesluit en erken, al word inkomste teruggeskryf, aangesien die terugskrywing (terugbetaling) binne die finansiële jaar plaasvind.

Skeerdiens inkomste (Ontvangsbasis)

Die groep bied skeerdienste aan op 'n verhaal basis. Die beginsel is bloot dat skeerdienste eers uitgevoer word alvorens die kliënt vir die dienste gefaktureer word, terwyl die nodige onkostes wat daarmee verband hou deur die entiteit gedra word. Die inkomste word erken sodra die diens voltooi is. Die kliënt word gefaktureer vir die getalle deur die skeerders geskeer.

1.19 Inkomste uit kontrakte met kliënte (vervolg)

Inkomste word as ontvangbaar erken sodra die diens gelewer is, dit is die tydstip wanneer vergoeding onvoorwaardelik geword het en dat slegs tydsverloop nodig is voor betaling verlang word. Die groep verwag nie dat enige kontrakte, waarvan die periode vir oordrag van dienste en die eienaarskap daarvan, asook die ontvangs van betaling vanaf die kliënt, 12 maande sal oorskry nie. Die groep maak dus geen aanpassing vir die tydwaarde van geld nie, aangesien die dienste met kredietterme gemaak word, wat in ooreenstemming is met algemene praktyk.

1.19.7 Versekering

Die groep lewer dienste as versekeringsmakelaar en bied 'n omvattende reeks produkte en dienste met die klem op korttermyn bate- (persoonlike- of landbouversekering, kommersiële versekering) en oesversekering. Die versekeringsmakelaar ontvang inkomste as kommissie en polisfooie uit kontrakte met kliënte vir korttermyn bateversekering en kommissie-inkomste uit kontrakte met kliënte vir oesversekering. Vir beide korttermyn bate- en oesversekering word betaling verlang voor dekking in werking sal tree, met die uitsondering dat oesversekering se dekking in werking tree 7 dae nadat die kwotasie deur die kliënt aanvaar is. Vir kontant kliënte is premies dadelik betaalbaar en vir kliënte met 'n fasiliteit word dit op hulle rekening uitgeboek. Premies wat uitstaande is sal eers gevorder word voor eise sal uitbetaal. Inkomste uit kommissie en/of polisfooie word erken wanneer die betaling ontvang is of die betaling ontvangbaar geword het.

Kommissie en polisfooi (Versekeringsmakelaar)

Kommissie en polisfooi word onder dieselfde beleid geopenbaar aangesien die inkomste op dieselfde wyse erken word.

Betaling ontvang - debietorder (Betalingsbasis)

Inkomste word as kommissie en/of polisfooi erken wanneer die betaling ontvang is. Dit is die tydstip waarop die beduidende risiko en voordele wat met die eienaarskap van die polis verband hou, aan die kliënt oorgedra word. Geen element van finansiering word geag teenwoordig te wees nie, aangesien betaling vereis word, voor enige oordrag van eienaarskap plaasvind.

Betaling ontvangbaar - lederekening (Ontvangsbasis)

Indien die betaling gevorder word deur middel van 'n goedgekeurde kliënterekening, word inkomste erken wanneer die faktuur uitgemaak is, omdat die vordering van die betaling eers op 'n latere stadium geskied. Dit is die tydstip wanneer die beduidende risiko en voordele wat met die eienaarskap van die polis verband hou, aan die kliënt oorgedra word en vergoeding onvoorwaardelik geword het en dat slegs tydsverloop nodig is voor betaling verlang word. Die groep verwag nie dat enige kontrakte, waarvan die periode vir oordrag van dienste en die eienaarskap daarvan, asook die ontvangs van betaling vanaf die kliënt, 12 maande sal oorskry nie. Die groep maak dus geen aanpassing vir die tydwaarde van geld nie, aangesien die verkoop van dienste op rekening met kredietterme gemaak word, wat in ooreenstemming is met algemene praktyk.

1.19.8 Lojaliteitskema agterskot

Die groep bied 'n lojaliteitskema, waarby bona fide boere maandeliks ’n lojaliteitsvoordeel ontvang op die bruto wins bedrag van besigheid gedoen met Oos Vrystaat Kaap Bedryf Beperk. Hierdie voordeel word na 'n aandeelhouerslening geallokeer wat maandeliks aangewend word om Oos Vrystaat Kaap Beherend Eiendoms Beperk- en/of Oos Vrystaat Kaap Bedryf Beperk-aandele namens sodanige kliënte aan te koop. Binne drie maande vandat die lojaliteitsvoordeel die kliënt toegeval het, word hierdie bedrag omgeskakel in aandele. Die voordeel word as inkomste erken wanneer die inkomste met die verkoop van die bepaalde goedere en dienste erken word, maar verminder om die beurt verkope om die voordeel te allokeer. Die kliënt ontvang die voordeel uiteindelik in die vorm van onmiddellike verhandelbare aandele en nie as 'n vorm van korting nie. Inkomste word slegs erken indien dit hoogs onwaarskynlik is dat die terugskryf van die lojaliteit sal plaasvind.

Transaksies waarop voordeel bereken word:
Verhandeling van wol en sybokhaar deur OVK;
Grootmaat dieselaankope by OVK verspreidingspunte;
Graanlewering en die bemarking daarvan;
Handelstakaankope;
Lewendehawe aankope of verkope, waar die kliënt kommissie betaal;
Toyota agentskappe (voertuigaankope en onderdele);
Versekering (korttermyn- en oesversekering);
Meganisasie (landbouwerktuie en onderdele);
Lewering van lusern en ruvoer;
Slag van vee by die abattoir

1.19 Inkomste uit kontrakte met kliënte (vervolg)

Finansieringskomponent

Normaalweg verwag die groep nie dat enige kontrakte, waarvan die periode vir oordrag van goedere en die eienaarskap daarvan, asook die ontvangs van betaling vanaf die kliënt meer as 12 maande sal oorskry nie. Die groep maak dus geen aanpassings vir die tydwaarde van geld nie. 'n Uitsondering op die betaling binne 12 maande is huurkope en termynlenings. Verwys na kliëntefinansiering in die beleid waar hierdie komponent hanteer word.

Rente-inkomste

Rente-inkomste uit finansiële bates teen geamortiseerdse koste word erken, soos dit oploop, in wins en verlies deur gebruik te maak van die effektiewe rentekoersmetode.

1.20 Valuta-omskepping

Valuta-transaksies

’n Valuta-transaksie word met aanvanklike erkenning in Rand aangeteken deur die wisselkoers tussen die funksionele geldeenheid en die buitelandse geldeenheid op die transaksiedatum op die valutabedrag toe te pas.

Op elke verslagdoeningsdatum:
- word monetêre valuta-items omskep deur die sluitingskoers te gebruik;
- word nie-monetêre items wat ingevolge historiese koste in ’n buitelandse geldeenheid gemeet word, omskep deur die wisselkoers op die transaksiedatum te gebruik; en
- word nie-monetêre items wat teen billike waarde in ’n buitelandse geldeenheid bereken word, omskep deur die wisselkoers te gebruik op die datum waarop die billike waarde bepaal is.

Valutaverskille voortspruitend uit die vereffening van ’n monetêre item of met die omskepping van monetêre items teen koerse wat verskil van dié waarteen hulle met aanvanklike erkenning in die vorige tydperk of in die vorige opgesomde gekonsolideerde finansiële jaarstate omskep is, word in die tydperk waarin dit voorkom in wins of verlies erken.

Wanneer ’n wins of verlies op ’n nie-monetêre item regstreeks in ander omvattende inkomste erken en in ekwiteit opgehoop word, word enige wisselkoerskomponent van daardie wins of verlies regstreeks in ander omvattende inkomste erken en in ekwiteit opgehoop. Wanneer ’n wins of verlies op ’n nie-monetêre item in wins of verlies erken word, word enige valutakomponent van daardie wins of verlies in wins of verlies erken.

Kontantvloei voortspruitend uit transaksies in ’n buitelandse geldeenheid word in Rand erken deur die wisselkoers tussen die Rand en die buitelandse geldeenheid op die kontantvloeidatum op die valutabedrag toe te pas.

Beleggings in filiale, gesamentlike ondernemings en geassosieerdes

Die resultate en finansiële posisie van ’n buitelandse bedryf word in die funksionele geldeenheid omskep deur die volgende prosedures te gebruik:
- bates en laste vir elke verslagdoeningsdatum wat aangebied word, word teen die sluitingskoers op daardie verslagdoeningsdatum omskep;
- inkomste en uitgawes vir elke item van wins of verlies word teen die wisselkoers op die transaksiedatums omskep; en
- alle gevolglike valutaverskille word as ’n afsonderlike komponent van ekwiteit erken.

Wisselkoersverskille voortspruitend uit ’n monetêre item wat deel uitmaak van ’n netto belegging in ’n buitelandse bedryf word aanvanklik in ander omvattende inkomste erken en in die omskeppingsreserwe geakkumuleer. Met die verkoop van die netto belegging in die buitelandse bedryf word die wins of verlies na wins of verlies geherklassifiseer by wyse van 'n herklassifikasie-aansuiwering.

Enige klandisiewaarde voortspruitend uit die verkryging van ’n buitelandse bedryf en enige billikewaarde aanpassings van die drabedrae van bates en laste voortspruitend uit die verkryging van daardie buitelandse bedryf word as ’n bate en las van die buitelandse bedryf hanteer.

Die kontantvloei van ’n buitelandse filiaal word op die kontantvloeidatum teen die wisselkoers tussen die funksionele geldeenheid en die buitelandse geldeenheid omskep.

Rekeningkundige Beleid

1.21 Uitkering van dividende

Uitkering van bates aan aandeelhouers van die maatskappy word teen billike waarde verantwoord.

Dividende verklaar aan die maatskappy se aandeelhouers word as 'n verpligting erken in die tydperk waarin die dividende deur die direksie goedgekeur word, nadat die solvensie- en likiditeitstoets uitgevoer is.

2. Veranderings in rekeningkundige beleid

Die opgesomde gekonsolideerde finansiële jaarstate is opgestel in ooreenstemming met 'International Financial Reporting Standards' op 'n basis wat ooreenstem met die vorige jaar, behalwe vir die aanvaarding van die volgende nuwe of hersiene standaard.

Toepassing van IFRS 16 Hure

In die huidige jaar het die maatskappy IFRS 16-hure toegepas (soos uitgereik deur die IASB in Januarie 2016). Die datum van aanvanklike toepassing is 01 Maart 2019. IFRS 16 vervang die volgende standpunte, nl. IAS 17 (Hure), IFRIC 4 (Bepaal of 'n ooreenkoms 'n huurooreenkoms bevat), SIC-15 (Bedryfshure - Aansporings) en SIC 27 (Evaluering van die substansie van transaksies met die wettige vorm van 'n huurooreenkoms).

IFRS 16 stel nuwe of gewysigde vereistes in ten opsigte van hure. Dit bring wesenlike veranderinge aan die boekhouding van die huurder deurdat die onderskeid tussen bedryfs- en bruikhure verwyder word. Die erkenning van 'n reg-van-gebruik bate en 'n bruikhuur aanspreeklikheid word by die aanvang van die huur vir alle huurkontrakte vereis. Korttermynhure en huurkontrakte van lae waarde bates word uitgesluit. In teenstelling met huurderboekhouding, het die vereistes vir verhuurderboekhouding grootliks onveranderd gebly. Besonderhede van hierdie nuwe vereistes word in die rekeningkundige beleid vir huurkontrakte beskryf. Die impak van die toepassing van IFRS 16 op die finansiële state van die onderneming word hieronder beskryf.

Die maatskappy het die praktiese hulpmiddel wat in IFRS 16 beskikbaar is toegepas. Dit bepaal dat 'n onderneming nie nodig het om te heroorweeg of kontrakte wat op die aanvanklike aansoekdatum bestaan, 'n huurkontrak bevat nie. Dit beteken dat die praktiese hulpmiddel 'n entiteit toelaat om IFRS 16 toe te pas op kontrakte wat deur IAS 17 en IFRIC 4 geïdentifiseer is as hure en om nie IFRS 16 toe te pas op kontrakte wat nie voorheen deur IAS 17 en IFRIC 4 as huurkontrakte geïdentifiseer is nie.

IFRS 16 is aangeneem deur die gewysigde retrospektiewe benadering toe te pas, waardeur die vergelykende syfers nie hersaamgestel word nie. In plaas daarvan word kumulatiewe aanpassings aan behoue verdienste op 01 Maart 2019 in die behoue verdienste erken.

Hure waar die maatskappy die huurder is

Hure wat voorheen as bedryfshure geklassifiseer is.

Die maatskappy het die volgende onderneem op die datum van die aanvanklike aansoek vir huurkontrakte wat voorheen as bedryfshure erken is:

- 'n huur aanspreeklikheid erken, gemeet teen die huidige waarde van die oorblywende huurbetalings, verdiskonteer teen die maatskappy se inkrementele leenkoers op die datum van die aanvanklike aansoek.
- erken reg-van-gebruik bates gemeet op 'n bruikhuurbasis, óf teen die drabedrag (asof IFRS 16 van toepassing is vanaf die aanvangsdatum, maar verdiskonteer teen die inkrementele leenkoers op die datum van die aanvanklike toepassing) of teen 'n bedrag gelyk aan die bruikhuuraanspreeklikheid aangepas vir aanwas of vooruitbetalings met betrekking tot die huurooreenkoms voor die datum van die aanvanklike toepassing.

Die maatskappy het IAS 36 toegepas om te oorweeg of hierdie reg van gebruik bates op die datum van die aanvanklike toepassing in waarde gedaal het.

Die maatskappy het die volgende praktiese hulpmiddels toegepas tydens die toepassing van IFRS 16 op huurkontrakte wat voorheen ingevolge IAS 17 as bedryfshure geklassifiseer is, waar nodig, word dit op 'n huurooreenkoms toegepas:

- wanneer 'n portefeulje van huurkontrakte redelik soortgelyke eienskappe bevat, die maatskappy het 'n enkele diskontokoers op daardie portefeulje toegepas;
- huurkontrakte wat binne 12 maande van 01 Maart 2019 verstryk het, is as korttermynhuurkontrakte behandel, met die oorblywende huurbetalings wat erken word as 'n uitgawe op 'n reguitlyngrondslag of op 'n ander sistematiese basis wat meer verteenwoordigend is van die patroon van voordele wat verbruik word;
- aanvanklike direkte koste is uitgesluit van die meting van die reg-van-gebruik bates op die datum van die aanvanklike toediening.
- dit was spesifiek die geval vir die bepaling van die huurtermyn vir huurkontrakte wat verlengings- of beëindigingsopsies bevat.

Aantekeninge tot die Opgesomde Gekonsolideerde Finansiële Jaarstate

2. Veranderings in rekeningkundige beleid (vervolg)

Huurkontrakte wat voorheen as bruikhure geklassifiseer is

Vir huurkontrakte wat geklassifiseer is as bruikhure wat volgens IAS 17 toegepas is, het die maatskappy die drabedrag van die reg-van-gebruik bates en die bruikhuur aanspreeklikheid op die datum van die aanvanklike toediening gemeet as die drabedrag van die verhuurde bate en die huurkontrak onmiddellik voor daardie datum van toepassing van IAS 17 gemeet. Vir hierdie huurkontrakte verantwoord die maatskappy die reg-van-gebruik bate en die bruikhuuraanspreeklikheid volgens IFRS 16 vanaf die datum van die aanvanklike toepassing.

Huurkontrakte waar maatskappy verhuurder is

IFRS 16 verander nie wesenlik hoe 'n verhuurder hure verantwoord nie. Ingevolge IFRS 16 klassifiseer die verhuurder steeds hure as bruikhure of bedryfshure en verreken hy die twee soorte hure anders. IFRS 16 het die vereiste openbaarmakings egter verander en uitgebrei, veral met betrekking tot hoe 'n verhuurder die risiko's bestuur wat voortspruit uit sy oorblywende belang in die gehuurde bates. Hierdie bykomende openbaarmakings is deur die maatskappy aangebring.

Ingevolge IFRS 16 as 'n onderverhuring plaasvind is dit twee afsonderlike kontrakte die hoofverhuring en die onderverhuring. Die onderverhuring verhuurder moet die onderverhuring klassifiseer as 'n bruikhuur of 'n bedryfshuur deur verwysing na die reg-van-gebruik bate wat voortspruit uit die hoofhuurkontrak (en nie met verwysing na die onderliggende bate soos wat die geval was onder IAS 17 nie). As gevolg van hierdie verandering het die maatskappy sekere van sy onderverhuringsooreenkomste as bruikhure herklassifiseer. Soos vereis deur IFRS 9, word 'n toelaag vir verwagte kredietverlies op die finansiële verhuringsdebiteure erken.

Impak op finansiële state

By die meting van die huur aanspreeklikheid, verdiskonteer die verhuurder die huurbetalings deur die inkrementele leenkoers op 01 Maart 2019 te gebruik. Die geweegde gemiddelde koers wat toegepas word, is 7.93%. By die oorgang na IFRS 16 het die groep 'n addisionele R 10 639 252 (maatskappy 'n addisionele R 8 872 405) reg-van-gebruik bates en groep R 10 639 252 (maatskappy R8 872 405) huur aanspreeklikheid erken. Verwys na aantekening 8 Hure (maatskappy as huurder).

Aantekeninge tot die Opgesomde Gekonsolideerde Finansiële Jaarstate

3. Nuwe Standaarde en Vertolkings

3.1 Standaarde en vertolkings van krag en toegepas in die huidige jaar

In die huidige jaar, het die maatskappy die volgende standaarde en vertolkings toegepas wat vir die huidige finansiële jaar van krag is en op sy bedrywighede van toepassing is:

Langtermynbelange in gesamentlike ondernemings en geassosieerdes - Wysigings aan IAS 28

Die wysiging vereis nou dat 'n entiteit IFRS 9 ook toepas op ander finansiële instrumente in 'n geassosieerde of gesamentlike onderneming waarop die ekwiteitsmetode nie toegepas word nie. Dit sluit langtermynbelange in wat in wese deel vorm van die netto belegging van die onderneming in 'n geassosieerde of gesamentlike onderneming.

Die effektiewe datum van die wysiging is vir jare wat op of na 1 Januarie 2019 begin.

Dit is onwaarskynlik dat die wysiging 'n wesenlike impak op die finansiële jaarstate van die onderneming sal hê.

Wysigings aan IFRS 3 Besigheidskombinasies: Jaarlikse verbeterings aan IFRS 2015 - 2017 siklus

Die wysiging maak dit duidelik dat wanneer 'n party by 'n gesamentlike ooreenkoms beheer verkry oor 'n onderneming wat 'n gesamentlike onderneming is, en die regte gehad het op die bates en verpligtinge rakende daardie gesamentlike onderneming onmiddellik voor die verkrygingsdatum, die transaksie 'n besigheidskombinasie is wat in fases verkry is. Die verkryger sal dus die vereistes toepas vir 'n besigheidskombinasie wat in fases verkry is.

Die effektiewe datum van die wysiging is vir jare wat op of na 1 Januarie 2019 begin.

Dit is onwaarskynlik dat die wysiging 'n wesenlike impak op die finansiële jaarstate van die onderneming sal hê.

Wysigings aan IAS 12 Inkomstebelasting: Jaarlikse verbeterings aan IFRS 2015 - 2017 siklus

Die wysiging spesifiseer dat die gevolge van inkomstebelasting op dividende erken word in wins en verlies, ander omvattende inkomste of ekwiteit volgens die oorspronklike oorsprong van die gebeure of transaksies wat die verdeelbare reserwes genereer het.

Die effektiewe datum van die wysiging is vir jare wat op of na 1 Januarie 2019 begin.

Dit is onwaarskynlik dat die wysiging 'n wesenlike impak op die finansiële jaarstate van die onderneming sal hê.

Onsekerheid oor hantering van inkomstebelasting

Die interpretasie verduidelik hoe die erkennings- en metingsvereistes in IAS 12 toegepas moet word as daar onsekerheid is oor inkomstebelasting hanterings. Spesifiek, as dit waarskynlik is dat die belastingowerhede die onsekere belastinghantering sal aanvaar, word alle belastingverwante items gemeet volgens die beplande belastinghantering. As dit nie waarskynlik is dat die belastingowerhede die onsekere belastinghantering sal aanvaar nie, word die belastingverwante items gemeet aan die hand van waarskynlikhede om die onsekerheid te weerspieël. Veranderings in feite en omstandighede moet behandel word as veranderinge in ramings en sodoende toegepas word.

Die effektiewe datum van die interpretasie is vir jare wat op 1 Januarie 2019 begin of daarna.

Dit is onwaarskynlik dat die wysiging 'n wesenlike impak op die finansiële jaarstate van die onderneming sal hê.

3. Nuwe Standaarde en vertolking (vervolg)

IFRS 16 Hure

IFRS 16 Hure is 'n nuwe standaard wat IAS 17 Hure vervang en 'n enkele huurder-rekeningkundige model bekendstel. Die belangrikste veranderinge wat voortspruit uit die uitreiking van IFRS 16 wat die maatskappy waarskynlik sal beïnvloed, is soos volg:

Groep as huurder:

- Hure moet 'n reg-van-gebruik bate en 'n huur aanspreeklikheid erken vir alle hure, behalwe vir korttermynhuurkontrakte of -huurkontrakte waar die onderliggende bate 'n lae waarde het, wat op 'n reguitlyn of op 'n ander sistematiese grondslag as onkoste vergoed word.
- Die koste van die reg-van-gebruik bate sluit, waar toepaslik, die aanvanklike bedrag van die huurkontrak in; huurbetalings gemaak voor die aanvang van die huur minus aansporings ontvang; aanvanklike direkte koste van die huurder; en 'n raming vir enige voorsiening vir sloping, restourasie en verwydering wat met die onderliggende bate verband hou.
- Die huur aanspreeklikheid neem, waar toepaslik, vaste en veranderlike huurbetalings in ag; waarborge vir reswaarde wat deur die huurder gemaak moet word; uitoefeningsprys van koopopsies; en die betaling van boetes vir die beëindiging van die huurkontrak.
- Die reg-van-gebruik bate word vervolgens volgens die kostemodel gemeet teen kosprys minus opgelope waardevermindering en waardedaling en aangepas vir enige herwaardering van die huurkontrak. Reg-van-gebruik bates word egter gemeet teen billike waarde wanneer dit voldoen aan die definisie van beleggingseiendom en alle ander beleggingseiendom word volgens die billikewaarde-model verantwoord. As 'n reg-van-gebruik bate verband hou met 'n klas eiendom, aanleg en toerusting wat volgens die herwaardasiemodel gemeet word, kan die reg-van-gebruik bate volgens die herwaardasiemodel gemeet word.
- Die huur aanspreeklikheid word vermeerder met rente, verminder deur huurbetalings en weer gemeet vir herevaluerings of wysigings.
- Die hermeting van huur aanspreeklikheid beïnvloed die reg-van-gebruik bates , tensy die bates tot nul verminder is, in welke geval verdere aanpassings in die wins en verlies erken word.
- Die huur aanspreeklikheid word weer gemeet deur die hersiene betalings te verdiskonteer teen 'n hersiene koers wanneer daar 'n verandering in die huurtermyn of 'n verandering in die beoordeling van 'n opsie om die onderliggende bate te koop, is.
- Die huurverpligting word herwaardeer deur die hersiene huurbetalings te verdiskonteer teen die oorspronklike diskontokoers wanneer daar 'n verandering in die bedrae is wat na verwagting in 'n waarborg van die reswaarde betaal sal word, of wanneer die toekomstige betalings verander word as gevolg van die indeksverandering of koers wat gebruik word om die betalings te bepaal
- Sekere huuraanpassings word as afsonderlike huurkontrakte verantwoord. Wanneer dit nie nodig is vir enige wysigings wat die omvang van die huur verminder deur 'n aparte huur te erken nie, hermeet die huurder die huurverpligting deur die drabedrag van die reg van gebruik bate te verminder deur die volledige of gedeeltelike beëindiging van die huurkontrak. Enige wins of verlies wat verband hou met die volle of gedeeltelike beëindiging van die verhuring word in die wins of verlies erken. Vir alle ander wysigings aan huurkontrakte wat nie as afsonderlike huurkontrakte verantwoord moet word nie, meet die huurder die huur deur 'n ooreenstemmende aanpassing aan die reg-van-gebruik bate te maak.
- Reg-van-gebruik bates en huur aanspreeklikheid moet apart van ander bates en laste aangebied word. Indien nie, moet die reële item waarin dit opgeneem is, geopenbaar word. Dit is nie van toepassing op bates vir reg-van-gebruik wat voldoen aan die definisie van beleggingseiendom wat binne beleggingseiendom aangebied moet word nie. IFRS 16 bevat verskillende openbaarmakingsvereistes vergeleke met IAS 17-hure.

Aantekeninge tot die Opgesomde Gekonsolideerde Finansiële Jaarstate

3. Nuwe Standaarde en vertolking (vervolg)

Groep as verhuurder:

- Die verhuring van bates deur verhuurders bly soortgelyk aan die bepalings van IAS 17 deurdat huurkontrakte geklassifiseer word as óf bruikhuur- óf bedryfshuur. Huurklassifikasie word slegs herevalueer indien daar 'n wysiging plaasgevind het.
- Daar moet van 'n wysiging rekening gehou word as 'n afsonderlike huurkontrak indien dit beide die omvang van die huurkontrak verhoog deur die reg om een of meer onderliggende bates te gebruik, toe te voeg en die verhoging in oorweging kom ooreen met die alleenstaande prys van die toename in omvang.
- As 'n bruikhuur gewysig word en die modifikasie nie as 'n aparte huurkontrak kwalifiseer nie, maar die huurkontrak 'n bedryfshuur sou gewees het as die wysiging van krag was vanaf die aanvang, word die modifikasie as 'n aparte huurkontrak verantwoord. Daarbenewens sal die drabedrag van die onderliggende bate gemeet word as die netto belegging in die huur onmiddellik voor die effektiewe datum van die wysiging. IFRS 9 word toegepas op alle ander wysigings wat nie nodig is om as 'n aparte huur hanteer te word nie.
- Veranderings aan bedryfshure moet vanaf die effektiewe datum van die wysiging verantwoord word as ‘n nuwe huurkontrak. Veranderings is ook aangebring in die openbaarmakingsvereistes van hure in die finansiële state van die verhuurder.

Verkoop- en terughuurtransaksies:

- In die geval van 'n verkoop- en terughuurtransaksie, word die vereistes van IFRS 15 toegepas om te oorweeg of 'n prestasieverpligting nagekom word om te bepaal of die oordrag van die bate as die verkoop van 'n bate verantwoord word.
- As die oordrag aan die vereistes voldoen om erken te word as 'n verkoop, moet die verkoper-huurder die nuwe reg-van-gebruik bate meet aan die verhouding van die vorige drabedrag van die bate wat verband hou met die reg-van-gebruik wat behou word. Die koper-verhuurder verreken die aankoop deur toepaslike standaarde toe te pas en om die huurooreenkoms toe te pas deur IFRS 16 toe te pas.
- As die billike waarde van die vergoeding vir die verkoop nie gelyk is aan die billike waarde van die bate nie, vereis IFRS 16 dat aanpassings gemaak moet word aan die verkoopsprys. As die oordrag van die bate nie 'n verkoop is nie, sal die huurder steeds die bate erken en 'n finansiële verpligting erken wat gelyk is aan die oordragopbrengs. Die koper-verhuurder erken 'n finansiële bate gelykstaande aan die oordragopbrengs.

Die effektiewe datum van die standaard is vir jare wat op of na 1 Januarie 2019 begin.

Die impak van die standaard word uiteengesit in aantekening 2 Veranderings in rekeningkundige beleid.

3.2 Standaarde en vertolkings wat nog nie van krag is nie

Die maatskappy het besluit om die volgende standaarde en vertolkings, wat gepubliseer en verpligtend is vir die maatskappy se rekeningkundige tydperke wat na 01 Maart 2019 begin, nie vroeg toe te pas nie:

Standaard/Vertolking:	Effektiewe datum Jare wat begin op of na	Verwagte impak:
• Definisie van 'n besigheid - Wysigings aan IFRS 3	01 Januarie 2020	Onwaarskynlik dat daar 'n wesenlike impak sal wees.
• Rekeningkundige beleid, veranderinge in rekeningkundige ramings en foute: inisiatief vir openbaarmaking	01 Januarie 2020	Onwaarskynlik dat daar 'n wesenlike impak sal wees.
• IFRS 17 Versekeringskontrakte	01 Januarie 2021	Onwaarskynlik dat daar 'n wesenlike impak sal wees.

Aantekeninge tot die Opgesomde Gekonsolideerde Finansiële Jaarstate

4. Finansiële instrumente en risikobestuur

Kategorieë van finansiële instrumente

Kategorieë van finansiële bates

Groep - 2020

	Aan-teke-ninge	Billike waarde deur wins of verlies - verplig	Geamortiseer-de koste	Huurkope	Totaal	Billike waarde
Lenings aan groepmaatskappye	20	-	8 041 396	-	8 041 396	8 041 396
Langtermynhuurkope en termynlenings	16	-	-	161 039 044	161 039 044	161 039 044
Handels en ander debiteure	21	-	1 726 997 068	-	1 726 997 068	1 726 997 068
Kontant en kontantekwivalente	22	-	156 533 569	-	156 533 569	156 533 569
Ander finansiële bates	14	36 087 180	126 969	-	36 214 149	36 214 149
Ledefondse	17	-	2 046	-	2 046	2 046
		36 087 180	**1 891 701 048**	**161 039 044**	**2 088 827 272**	**2 088 827 272**

Groep - 2019

	Aan-teke-ninge	Billike waarde deur wins of verlies - verplig	Geamortiseer-de koste	Huurkope	Totaal	Billike waarde
Lenings aan groepmaatskappye	20	-	8 530	-	8 530	8 530
Langtermynhuurkope en termynlenings	16	-	-	170 087 806	170 087 806	170 087 806
Handels- en ander debiteure	21	-	1 700 166 777	-	1 700 166 777	1 700 166 777
Kontant en kontantekwivalente	22	-	62 256 267	-	62 256 267	62 256 267
Ander finansiële bates	14	3 326 279	127 179	-	3 453 458	3 453 458
Ledefondse	17	-	24 574	-	24 574	24 574
		3 326 279	**1 762 583 327**	**170 087 806**	**1 935 997 412**	**1 935 997 412**

Maatskappy - 2020

	Aan-teke-ninge	Billike waarde deur wins of verlies - verplig	Geamortiseer-de koste	Huurkope	Totaal	Billike waarde
Lenings aan groepmaatskappye	20	-	137 017 860	-	137 017 860	137 017 860
Langtermynhuurkope en termynlenings	16	-	-	161 039 044	161 039 044	161 039 044
Handels- en ander debiteure	21	-	1 804 391 995	-	1 804 391 995	1 804 391 995
Kontant en kontantekwivalente	22	-	64 323 717	-	64 323 717	64 323 717
Ander finansiële bates	14	36 087 180	126 969	-	36 214 149	36 214 149
Ledefondse	17	-	2 046	-	2 046	2 046
		36 087 180	**2 005 862 587**	**161 039 044**	**2 202 988 811**	**2 202 988 811**

Aantekeninge tot die Opgesomde Gekonsolideerde Finansiële Jaarstate

4. Finansiële instrumente en risikobestuur (vervolg)

Maatskappy - 2019

	Aan-teke-ninge	Billike waarde deur wins of verlies - verplig	Geamortiseer-de koste	Huurkope	Totaal	Billike waarde
Lenings aan groepmaatskappye	20	-	122 912 911	-	122 912 911	122 912 911
Langtermynhuurkope en termynlenings	16	-	-	170 087 806	170 087 806	170 087 806
Handels- en ander debiteure	21	-	1 693 372 316	-	1 693 372 316	1 693 372 316
Kontant en kontantekwivalente	22	-	41 701 041	-	41 701 041	41 701 041
Ander finansiële bates	14	3 326 279	127 179	-	3 453 458	3 453 458
Ledefondse	17	-	24 574	-	24 574	24 574
		3 326 279	**1 858 138 021**	**170 087 806**	**2 031 552 106**	**2 031 552 106**

Kategorieë van finansiële laste

Groep - 2020

	Aan-teke-ninge	Billike waarde deur wins of verlies - verplig	Geamorti-seerde koste	Hure	Totaal	Billike waarde
Handels en ander krediteure	26	-	458 120 779	-	458 120 779	458 120 779
Lenings vanaf groepmaatskappye	24	-	9 766 950	-	9 766 950	9 766 950
Lenings vanaf aandeelhouers		-	244 524 819	-	244 524 819	244 524 819
Oortrokke bank	22	-	1 181 451 744	-	1 181 451 744	1 181 451 744
Ander finansiële aanspreeklikhede	28	83 936 876	-	-	83 936 876	83 936 876
Huurverpligting	8	-	-	9 893 292	9 893 292	9 893 292
		83 936 876	**1 893 864 292**	**9 893 292**	**1 987 694 460**	**1 987 694 460**

Groep - 2019

	Aan-teke-ninge	Billike waarde deur wins en verlies - verplig	Geamortiseer de koste	Hure	Totaal	Billike waarde
Handels- en ander krediteure	26	-	480 581 560	-	480 581 560	480 581 560
Lenings vanaf groepmaatskappye	24	-	11 686 035	-	11 686 035	11 686 035
Lenings vanaf aandeelhouers		-	214 357 133	-	214 357 133	214 357 133
Bankoortrekking	22	-	1 340 386 406	-	1 340 386 406	1 340 386 406
Ander finansiële aanspreeklikhede	28	23 277 529	-	-	23 277 529	23 277 529
Huurverpligting	8	-	-	-	-	-
		23 277 529	**2 047 011 134**	**-**	**2 070 288 663**	**2 070 288 663**

Aantekeninge tot die Opgesomde Gekonsolideerde Finansiële Jaarstate

4. Finansiële instrumente en risikobestuur (vervolg)

Maatskappy - 2020

	Aan-teke-ninge	Billike waarde deur wins of verlies - verplig	Geamortiseer-de koste	Hure	Totaal	Billike waarde
Handels- en ander krediteure	26	-	453 001 659	-	453 001 659	453 001 659
Lenings vanaf groepmaatskappye	24	-	11 840 574	-	11 840 574	11 840 574
Lenings vanaf aandeelhouers	25	-	244 524 819	-	244 524 819	244 524 819
Ander finansiële aanspreeklikhede	28	83 936 876	-	-	83 936 876	83 936 876
Bankoortrekking	22	-	1 181 451 744	-	1 181 451 744	1 181 451 744
Huurverpligting	8	-	-	8 276 882	8 276 882	8 276 882
		83 936 876	**1 890 818 796**	**8 276 882**	**1 983 032 554**	**1 983 032 554**

Maatskappy - 2019

	Aan-teke-ninge	Billike waarde deur wins of verlies - verplig	Geamortiseer-de koste	Hure	Totaal	Billike waarde
Handels- en ander krediteure	26	-	473 504 897	-	473 504 897	473 504 897
Lenings vanaf groepmaatskappye	24	-	12 124 117	-	12 124 117	12 124 117
Lenings vanaf aandeelhouers	25	-	214 357 133	-	214 357 133	214 357 133
Ander finansiële aanspreeklikhede	28	23 277 529	-	-	23 277 529	23 277 529
Bankoortrekking	22	-	1 340 386 406	-	1 340 386 406	1 340 386 406
Huurverpligting	8	-	-	-	-	-
		23 277 529	**2 040 372 553**	**-**	**2 063 650 082**	**2 063 650 082**

Kapitalerisiko

Die maatskappy se doelwitte met die bestuur van kapitaal is om die maatskappy se vermoë om as 'n lopendesaak voort te gaan, te beskerm ten einde 'n opbrengs vir aandeelhouers en voordele vir ander belanghebbers te lewer en om 'n optimale kapitaalstruktuur te handhaaf om die kapitaalkoste te verminder.

Die kapitaalstruktuur van die maatskappy bestaan uit skuld, wat die lenings geopenbaar in aantekening 24 & 25, kontant en kontantekwivalente geopenbaar in aantekening 22 en ekwiteit wat in die staat van finansiële posisie geopenbaar is, insluit.

Om die kapitaalstruktuur te handhaaf of aan te pas, kan die maatskappy die bedrag van die dividend betaal aan aandeelhouers aanpas, kapitaal uitkeer aan aandeelhouers, nuwe aandele uitreik of bates verkoop om skuld te verminder.

Soos ander in die bedryf, monitor die maatskappy kapitaal op grond van die hefboomverhouding.

Die hefboomverhouding doelwit is kleiner as 65%. Indien dit nie bereik word nie bestaan die moontlikheid dat toegang tot finansiering bemoeilik word.

Die verhouding word bereken as netto skuld gedeel deur totale kapitaal. Netto skuld word bereken as totale lenings (Insluitende bedryfs- en niebedryfslenings soos in die staat van finansiële posisie getoon) minus kontant en kontantekwivalente. Totale ekwiteit word getoon in die staat van finansiële posisie.

Aantekeninge tot die Opgesomde Gekonsolideerde Finansiële Jaarstate

		Groep		Maatskappy	
		2020 R	2019 R	2020 R	2019 R

4. Finansiële instrumente en risikobestuur (vervolg)

Die kapitaalstruktuur en hefboomverhouding vir 2020 en 2019 was onderskeidelik soos volg:

Lenings vanaf groepmaatskappye	24	9 766 950	11 686 035	11 840 574	12 124 117
Lenings vanaf aandeelhouers	25	244 524 819	214 357 133	244 524 819	214 357 133
Ander finansiële aanspreeklikhede	28	83 936 876	23 277 529	83 936 876	23 277 529
Bruikhuurverpligtinge	8	9 893 292	-	8 276 882	-
Handels- en ander krediteure	26	462 001 396	482 241 449	453 001 659	473 504 897
Werknemersvoordele	27	25 511 781	27 727 900	24 722 296	26 778 651
Inkomste belasting betaalbaar		2 425 324	35 940	2 425 324	-
Uitgestelde belasting	15	24 696 754	20 882 010	6 438 544	2 206 185
Totale laste		**862 757 192**	**780 207 996**	**835 166 974**	**752 248 512**
Minus: Kontant en kontantekwivalente	22	(1 024 918 175)	(1 278 130 139)	(1 117 128 027)	(1 298 685 365)
Netto laste		**1 887 675 367**	**2 058 338 135**	**1 952 295 001**	**2 050 933 877**
Ekwiteit		1 277 428 494	1 202 807 751	1 321 230 094	1 226 340 621
Totale kapitaal		**3 165 103 861**	**3 261 145 886**	**3 273 525 095**	**3 277 274 498**
Hefboomverhouding		60 %	63 %	60 %	63 %

Finansiële risiko

Oorsig

Die groep is blootgestel aan die volgende risiko's as gevolg van die gebruik van finansiële instrumente:
- Kredietrisiko;
- Likiditeitsrisiko; en
- Markrisiko (rentekoersrisiko en prysrisiko).

Die maatskappy se algehele risikobestuursprogram fokus op die onvoorspelbaarheid van finansiële markte en wil die moontlike negatiewe uitwerking op die maatskappy se finansiële prestasie tot 'n minimum beperk. Die maatskappy gebruik afgeleide finansiële instrumente om sekere risikoblootstellings te verskans. Risikobestuur word deur 'n sentrale tesourieafdeling (finansiële afdeling) gedoen ooreenkomstig beleid wat die direksie goedgekeur het. Die finansiële afdeling identifiseer, evalueer en verskans finansiële risiko in noue samewerking met die maatskappy se bedryfseenhede. Die direksie verskaf skriftelike riglyne vir risikobestuur in die algemeen, sowel as skriftelike beleid wat spesifieke gebiede dek soos valuta-risiko, rentekoersrisiko, kredietrisiko, gebruik van afgeleide finansiële instrumente en nie-afgeleide finansiële instrumente, en belegging van surpluslikiditeit.

Kredietrisiko

Kredietrisiko is die risiko van finansiële verliese as 'n kliënt of teenparty tot 'n finansiële instrument nie die kontrak verpligtinge nakom nie.

Die kredietrisiko bestaan hoofsaaklik uit kontantdeposito's, kontantekwivalente, afgeleide finansiële instrumente en handelsdebiteure. Die maatskappy deponeer slegs kontant by banke met hoë gehalte kredietgraderings en beperk blootstellings tot enige enkele party.

Aantekeninge tot die Opgesomde Gekonsolideerde Finansiële Jaarstate

4. Finansiële instrumente en risikobestuur (vervolg)

Handelsdebiteure bestaan uit 'n wydverspreide kliëntebasis. Bestuur evalueer kredietrisiko's ten opsigte van kliënte op 'n deurlopende grondslag. Indien kliënte onafhanklik gegradeer word, word die graderings gebruik. Andersins, indien daar geen onafhanklike gradering is nie, evalueer kliëntefinansiering die kredietgehalte van die kliënt deur sy finansiële posisie, vorige ervarings en ander faktore in berekening te bring. Individuele risikoperke word gestel op grond van interne of eksterne graderings ooreenkomstig perke wat die direksie stel. Die benutting van kredietlimiete word gereeld gemonitor. Verkope aan kleinhandelkliënte word in kontant vereffen of deur bekende kredietkaarte te gebruik. Kredietwaarborgversekering word verkry wanneer dit toepaslik geag word.

Kredietrisiko-blootstelling wat op kontant en kontantekwivalente ontstaan, word deur die groep bestuur deur die hantering van gevestigde finansiële instellings met hoë kredietgraderings.

Kredietverminderingstoelaes vir verwagte kredietverliese word vir alle skuldinstrumente erken, maar uitgesluit die wat teen billike waarde gemeet word deur wins en verlies. Kredietverliestoelaes word ook erken vir leningsverpligtinge en finansiële waarborgkontrakte.

Ten einde kredietverliestoelaes te bereken, bepaal die bestuur of die verliestoelaes bereken moet word oor 'n 12 maande tydperk of verwagte kredietverliesbasis oor 'n leeftyd. Hierdie bepaling hang af of daar sedert die aanvanklike erkenning 'n beduidende toename in die kredietrisiko was. As daar 'n beduidende toename in kredietrisiko is, word die verliestoelae bereken op grond van verwagte kredietverliese. Indien nie, dan is die verliestoelaag gebaseer op 12 maande verwagte kredietverliese. Hierdie bepaling word aan die einde van elke finansiële tydperk gemaak. So kan die basis van die verliestoelaag vir 'n spesifieke finansiële bate van jaar tot jaar verander.

Die afname in die toelaag vir kredietverliese kan toegeskryf word aan die verminderde risiko wat op nie-agterstallige en agterstallige debiteure (huidige saldo tot 120 dae) geplaas word. Die agterstallige debiteure ouer as 120 dae was heelwat hoër as die vorige jaar, maar die risiko gedeelte as persentasie uitgedruk, is laer. Die hoof rede word toegeskryf aan die streng kredietbeleid van die groep en die invorderingsproses gerugsteun deur klantebetalingsgedrag, sekuriteite gehou en verwagte produksielewerings van sodanige debiteure.

Die maksimum blootstelling aan kredietrisiko word in die tabel hieronder uiteengesit:

Groep		2020			2019		
		Bruto drabedrag	**Kredietverlies toelaag**	**Geamorti-seerde koste**	**Bruto drabedrag**	**Krediet verlies toelaag**	**Geamorti-seerde koste**
Lening aan groepmaatskappye	20	8 041 396	-	8 041 396	8 530	-	8 530
Langtermynhuurkope en termynlenings	16	161 039 044	-	161 039 044	170 087 806	-	170 087 806
Handels- en ander debiteure	21	1 760 130 202	(33 133 134)	1 726 997 068	1 735 723 791	(35 557 014)	1 700 166 777
Kontant en kontantekwivalente	22	156 533 569	-	156 533 569	62 256 267	-	62 256 267
		2 085 744 211	**(33 133 134)**	**2 052 611 077**	**1 968 076 394**	**(35 557 014)**	**1 932 519 380**

Maatskappy		2020			2019		
		Bruto drabedrag	**Krediet verlies toelaag**	**Geamorti-seerde koste**	**Bruto drabedrag**	**Krediet verlies toelaag**	**Geamorti-seerde koste**
Lenings aan groepmaatskappye	20	137 017 860	-	137 017 860	122 912 911	-	122 912 911
Huurkope ontvangbaar	16	161 039 044	-	161 039 044	170 087 806	-	170 087 806
Handels- en ander debiteure	21	1 837 468 304	(33 076 309)	1 804 391 995	1 728 929 330	(35 557 014)	1 693 372 316
Kontant en kontant ekwivalente	22	64 323 717	-	64 323 717	41 701 041	-	41 701 041
		2 199 848 925	**(33 076 309)**	**2 166 772 616**	**2 063 631 088**	**(35 557 014)**	**2 028 074 074**

4. Finansiële instrumente en risikobestuur (vervolg)

Bedrae word teen geamortiseerde koste of billike waarde aangebied, afhangende van die rekeningkundige hantering van die item. Die bruto drabedrag is gelyk aan die billike waarde omdat die kredietverminderingstoelaag nie die drabedrag verminder nie. Die kredietverliestoelaag word slegs vir openbaarmakingsdoeleindes aangedui. Skuldinstrumente teen billike waarde deur wins of verlies sluit nie 'n verliestoelaag in nie. Die billike waarde is dus gelyk aan die bruto drabedrag.

Likiditeitsrisiko

Die groep is blootgestel aan likiditeitsrisiko, wat die risiko is dat die groep probleme ondervind om sy verpligtinge na te kom wanneer dit verskuldig is.

Verstandige likiditeitsrisikobestuur impliseer die handhawing van voldoende kontant en bemarkbare sekuriteite, die beskikbaarheid van befondsing deur 'n toereikende bedrag toegewyde kredietfasiliteite en die vermoë om markposisies af te wissel. Weens die dinamiese aard van die onderliggende besighede, handhaaf finansies buigsaamheid met befondsing deur beskikbaarheid ingevolge toegewyde kredietfasiliteite te handhaaf.

Die groep se likiditeitsrisiko ontstaan as gevolg van die fondse wat beskikbaar is om toekomstige verpligtinge te dek. Die groep bestuur likiditeitsrisiko deur 'n deurlopende nasiening van toekomstige verpligtinge en kredietfasiliteite.

Kontantvloeivoorspellings word opgestel en toereikend benutte leningsfasiliteite word gemonitor.

Daar was geen wesenlike veranderinge aan die likiditeitsrisiko bestuur beleid en proses vanaf die vorige jaar nie.

Die onderstaande tabel is 'n ontleding van die maatskappy se finansiële laste en netto vereffende afgeleide finansiële laste in tersaaklike vervaldatumgroeperings op grond van die oorblywende tydperk op die verslagdoeningsdatum tot die kontraktuele vervaldatum.

Groep - 2020

		Minder as 1 jaar	1 tot 2 jaar	2 tot 5 jaar	Meer as 5 jaar	Totaal	Drabedrag
Nie-bedryfslaste							
Huurverpligting	8	-	1 678 540	3 874 739	2 925 071	8 478 350	8 478 350
Bedryfslaste							
Handels- en ander krediteure	26	462 001 396	-	-	-	462 001 396	462 001 396
Lenings vanaf groepmaatskappye	24	10 670 386	-	-	-	10 670 386	9 766 950
Lenings vanaf aandeelhouers	25	262 252 869	-	-	-	262 252 869	244 524 819
Bankootrekking	22	1 296 070 509	-	-	-	1 296 070 509	1 181 451 744
Ander finansiële aanspreeklikheid	28	83 936 876	-	-	-	83 936 876	83 936 876
Huurverpligting	8	1 414 941	-	-	-	1 414 941	1 414 941
		2 116 346 977	**1 678 540**	**3 874 739**	**2 925 071**	**2 124 825 327**	**1 991 575 076**

Aantekeninge tot die Opgesomde Gekonsolideerde Finansiële Jaarstate

4. Finansiële instrumente en risikobestuur (vervolg)

Groep - 2019

		Minder as 1 jaar	Totaal	Drabedrag
Bedryfslaste				
Handels- en ander krediteure	26	482 241 449	482 241 449	482 241 449
Lenings vanaf groepmaatskappye	24	12 825 423	12 825 423	11 686 035
Lenings vanaf aandeelhouers	25	230 969 810	230 969 810	214 357 133
Bankootrekking	22	1 450 968 284	1 450 968 284	1 340 386 406
Ander finansiële aanspreeklikheid	28	23 277 529	23 277 529	23 277 529

Maatskappy - 2020

		Minder as 1 jaar	1 tot 2 jaar	2 tot 5 jaar	Meer as 5 jaar	Totaal	Drabedrag
Nie-bedryfslaste							
Huurverpligting	8	-	1 476 266	3 034 760	2 517 573	7 028 599	7 028 599
Bedryfslaste							
Handels en ander krediteure	26	453 001 659	-	-	-	453 001 659	453 001 659
Lenings vanaf groepmaatskappye	24	13 469 789	-	-	-	13 469 789	11 840 574
Lenings vanaf aandeelhouers	25	262 252 869	-	-	-	262 252 869	244 524 819
Oortrokke bank	22	1 296 070 509	-	-	-	1 296 070 509	1 181 451 744
Ander finansiële aanspreeklikhede	28	83 936 876	-	-	-	83 936 876	83 936 876
Huurverpligting	8	1 248 283	-	-	-	1 248 283	1 248 283
		2 109 979 985	**1 476 266**	**3 034 760**	**2 517 573**	**2 117 008 584**	**1 983 032 554**

Maatskappy - 2019

		Minder as 1 jaar	Totaal	Drabedrag
Bedryfslaste				
Handels- en ander krediteure	26	473 504 897	473 504 897	473 504 897
Lenings vanaf groepmaatskappye	24	13 124 357	13 124 357	12 124 117
Lenings vanaf aandeelhouers	25	230 969 810	230 969 810	214 357 133
Oortrokke bank	22	1 450 968 284	1 450 968 284	1 340 386 406
Ander finansiële aanspreeklikhede	28	23 277 529	23 277 529	23 277 529

4. Finansiële instrumente en risikobestuur (vervolg)

Die maatskappy bestuur ook genoegsame kapitaal om sy leenkapasiteit te benut. Die leenkapasiteit op 29 Februarie 2020 en 28 Februarie 2019 was onderskeidelik soos volg:

Leenkapasiteit

Onversekerde oortrokke bank fasiliteit, hersien jaarliks en betaalbaar op aanvraag:				
Totale fasiliteite beskikbaar	1 550 000 000	1 450 000 000	1 550 000 000	1 450 000 000
Onbenutte leenvermoë	(268 548 256)	(109 613 594)	(268 548 256)	(109 613 594)
	1 281 451 744	**1 340 386 406**	**1 281 451 744**	**1 340 386 406**

Rentekoersrisiko

Skommelinge in rentekoerse het 'n impak op die waarde van beleggings en finansieringsaktiwiteite wat aanleiding gee tot rentekoersrisiko.

Die maatskappy se rentekoersrisiko spruit uit korttermynlenings. Lenings uitgereik teen veranderlike koerse stel die maatskappy bloot aan 'n kontantvloeirentekoersrisiko. Lenings uitgereik teen vaste koerse stel die maatskappy bloot aan billikewaarde rentekoersrisiko. In 2020 en 2019 is die maatskappy se lenings teen veranderlike koerse in Rand gedenomineer.

Die maatskappy ontleed sy rentekoersblootstelling op 'n dinamiese grondslag. Verskeie scenario's word gesimuleer deur herfinansiering, hernuwing van bestaande posisies, alternatiewe finansiering en skanse in rekening te bring. Op grond van die scenario's bereken die maatskappy die invloed van 'n gedefinieerde rentekoersskuif op wins en verlies.

Rentekoersgevoeligheidsanalise

Die scenario's word slegs toegepas vir aanspreeklikhede wat die grootste rentedraende posisies verteenwoordig. Op grond van die simulasies wat gedoen is, sou die invloed van 'n 1%-skuif op nabelaste wins van die Groep onderskeidelik 'n maksimum styging van R 14 735 072 (2019: R 11 695 521) of 'n daling van R 14 735 072 (2019: R 11 695 521) en in die Maatskappy 'n maksimum styging van R14 722 084 (2019: R 11 698 849) of 'n daling van R 14 722 084 (2019: R 11 698 849) gewees het. Die simulasie word op 'n kwartaallikse grondslag gedoen om te bevestig dat die maksimum verliespotensiaal binne die perk is wat die bestuur verskaf.

Prysrisiko

Die maatskappy is blootgestel aan kommoditeitsprysrisiko. Om sy prysrisiko te bestuur, diversifiseer die maatskappy sy portefeulje en maak gebruik van verskansing. Die diversifikasie van die portefeulje word gedoen ooreenkomstig die perke wat die maatskappy stel.

5. Billike waarde inligting

Billikewaarde hiërargie

Die voorbereiding van finansiële jaarstate in ooreenstemming met die rekeningkundige beleid van die groep noodsaak die bestuur om die billike waarde van bates en laste by die aanvanklike erkenning en die daaropvolgende metings daarvan te meet. Dit is die beleid om beleggings in die ekwiteitsinstrumente van ongenoteerde entiteite, graanvoorraad en afgeleide finansiële instrumente by die daaropvolgende metings daarvan by finansiële jaareindes teen billike waarde te meet. Die billike waarde van dié bates en laste word dus op 'n herhalende grondslag gemeet. Die beleid vereis egter ook die meting van die billike waarde van bates en laste wat gewoonlik by finansiële jaareindes met gebruikmaking van die kosprysmodel gemeet word, onderworpe aan bepaalde voorwaardes of omstandighede. Bates en laste wat op 'n nie-herhalende grondslag teen billike waarde gemeet word, sluit die bates en laste van filiale by verkryging, nie-bedryfsbates gehou vir verkoop en nie-bedryfsbates wat aan waardedalingsverliese onderworpe is in.

Billike waarde word omskryf as die prys wat ontvang sal word by die verkoop van 'n bepaalde bate of betaal sal word by die oordrag van 'n bepaalde las in 'n ordelike transaksie tussen markdeelnemers onder marktoestande in die hoofmark op die metingsdatum of, in die afwesigheid van 'n hoofmark, die mees voordeligste mark. Vir dié doel word die hoofmark geag die mark te wees wat die groep die meeste betree. Die meting van billike waarde neem die toestand en ligging van die item wat gemeet word en, in die geval van nie-finansiële bates, die hoogste en beste gebruik van die bate in ag. Vir dié doel word die hoogste en beste gebruik van 'n nie-finansiële bate geag 'n gebruik te wees wat fisies moontlik, wettig toelaatbaar en finansieel uitvoerbaar is. Indien die hoogste en beste gebruik van 'n nie-finansiële bate die gebruik van die bate in kombinasie met ander bates behels, is die billike waarde die prys wat ontvang sal word indien die bate saam met die bates aangewend word met die aanname dat daardie bates in die mark beskikbaar is. Billike waarde word nie met transaksiekoste aangepas nie, met dien verstande dat vervoerkoste nie 'n transaksiekoste is nie.

